NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND

Agenda en Handelinge van die Buitengewone Sinodesitting

09-10 MAART 2015

TE KIMBERLEY

INHOUDSOPGAWE

			Bladsy
1.	**VERSLAG VAN DIE TAAKSPAN SINODEBEPLANNING**		1
	BYLAE 1:	Lys van afgevaardigdes	5
	BYLAE 2:	Voorgestelde werkswyse	8
	BYLAE 3:	Tydsindeling	11
	BYLAE 4:	The road map to church reunification: DRC – URCSA	12
	BYLAE 5:	Memorandum of agreement between the Uniting Reformed Church in Southern Africa (URCSA)and the Dutch Reformed Church (DRC)	14
2.	**VERSLAG VAN DIE TAAKSPAN EKUMENE**		17
	BYLAE 1	Terugvoer tafelgesprekke sinode 2014: Voorgestelde wysiging van artikel 1	20
	BYLAE 2	Temas wat na vore gekom het uit die tafelgesprekke tydens die sinode 2014: Voorgestelde wysiging van Artikel 1	25
	BYLAE 3:	Kommunikasie aan sinodes oor die prosesse tov die wysiging van Artikel 1	27
	Aanhangsel 1:	Reglement 24	32
	Aanhangsel 2a:	Bylaag 2a - Konsepstembrief Belydende Lidmate	33
	Aanhangsel 2b:	Bylaag 2b - Konsepstembrief Kerkraadslede	34
	Aanhangsel 2c:	Bylaag 2c - Konsepstembrief Afgevaardigdes na Sinodes	35
	Aanhangsel 3:	Bylaag 3 – Ringsmonitering	36
	Aanhangsel 4:	Bylaag 4 - Gereedskapkis en materiaal	37
3.	**ADDENDUMVERSLAG VAN DIE TAAKSPAN SINODEBEPLANNING**		39
4.	**NOTULE**		43
5.	**HERDERLIKE BRIEF**		62
6.	**BESLUITEREGISTER BRIEF**		64

ROEPINGSVERKLARING
NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND

’n Sinode is gemeentes wat in ’n kerkverband aan mekaar gebind is en as kerk saam na die Woord van die Here luister en die pad so saamloop dat ons ons roeping ontdek en mekaar moed en hoop gee om dit uit te leef.

Die sinode het die volgende **KERNWAARDES** aanvaar

1. **Luister**
   - Die sinode wil God deur sy Woord en Gees ontmoet en na Hom luister.
   - Die sinode wil saam God se wil en roeping vir die Kerk ontdek.
   - Die afgevaardigdes luister na mekaar sodat ons mekaar tot troos en hulp kan wees.

2. **Liturgiese grondhouding**
   Die sinode vergader met 'n liturgiese grondhouding.

3. **Deelname**
   Die afgevaardigdes soek saam in die lig van die Woord en onder leiding van die Heilige Gees na God se wil. Dit kan geskied deur kleingroepbesprekings (tafelgesprekke) en debat deur die volle vergadering.
   Die sinode poog om so ver as moontlik konsensus te bereik wanneer besluite geneem word.

4. **Beplanning**
   Die sinode wil gemeentes en ringe ondersteun om konkreet en prakties uitvoering te gee aan God se roeping vir sy kerk.

5. **Verbondenheid aan mekaar**
   Gemeentes is met mekaar versoen deur Jesus Christus. Hierdie verbintenis word uitgedruk in ons belydenis, nl. Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls. Ons deel ons roeping in die wêreld en het ooreengekom om ordelik volgens ons kerkverband op te tree soos dit in ons *Kerkorde* weergegee word.

1. VERSLAG VAN DIE TAAKSPAN SINODEBEPLANNING

Geagte voorsitter en afgevaardigdes

U taakspan doen soos volg verslag van sy werksaamhede:

1. PERSONEEL EN VERGADERINGS

Die taakspan sinodebeplanning is as volg saamgestel

- die voorsitters van sinodale kommissies
- verteenwoordiger Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by algemene sinode
- die lede waarmee die ring die sinode preadviseer met betrekking tot die verkiesing van 'n voorsitter en ondervoorsitter (Bepaling 34.2.1)
- -Hoof Uitvoerende Direkteur Caritas Gemeenskapsfokus
- die predikant in sinodale diens.

1.1 Uitvoering

Die taakspan sinodebeplanning het 3 keer vergader – een vergadering was telefonies.

Die taakspan sinodebeplanning het ook 3 ad hoc-kommissies aangestel wat altesaam 4 keer vergader het, naamlik

- Sinode inkleding (1 keer)
- Skakeling NG Kerkfamilie oor konferensie tydens sinodesitting (2 keer)
- Werkswyse en tydsindeling van sinode (1 keer)

2. BUITENGEWONE VERGADERING VAN DIE SINODE VAN DIE NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND

Die sinode besluit

1. *dat die sinode hom verbind tot die proses van kerkhereniging. Die sinode verbind hom tot eenheidsinisiatiewe met die hele gereformeerde familie van kerke.*
2. *dat gemeentes opgeroep word na 'n buitengewone sinodesitting in verband met die voorgestelde wysiging van artikel 1.*
3. *dat gemeentes van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika Phororo, Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo en die gemeente van die Reformed Church in Africa Pearl hartlik na genoemde sinodesitting uitgenooi word ten einde die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland te bedien met hulle kennis en insig en oortuigings rakende die proses van kerkhereniging in die NG Kerkfamilie*
4. *om alle kostes vir die gesprek te dra.*
5. *dat punt 12: Taakspan ekumene, aanbeveling punt 2 tot punt 5 (bladsy 21 Agenda) verwys word na die buitengewone sinodesitting:*
   2. *die sinode die volgende goedkeur:*
   a. *<u>proses</u> ten opsigte van die voorgestelde wysiging van Artikel 1, soos voorgestel deur die moderamen van die Algemene Sinode*
      "1. BESLUIT ALGEMENE SINODE 2013
      4 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die kerkverband te lei in die besluitnemingsproses oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 deur in oorleg met die onderskeie Sinodes 'n roetekaart en tydraamwerk vir die aanvang, verloop en afhandeling van die proses te bepaal."
   b. *<u>konsepstembriewe</u>, naamlik*
      - *Bylaag 2a - Konsepstembrief Belydende Lidmate aangeheg as Aanhangsel 2a*
      - *Bylaag 2b - Konsepstembrief Kerkraadslede aangeheg as Aanhangsel 2b*
      - *Bylaag 2c - Konsepstembrief Afgevaardigdes na Sinodes aangeheg as Bylae 2c*
   3. *die dokumentasie oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1, wat vanaf die moderamen van die algemene sinode ontvang is, aan kerkrade en gemeentes deurgegee word om na goeddunke mee te handel.*
   4. *kerkrade en ringe voor 1 Junie 2015 terugvoer aan die sinodale kerkordekommissie gee. Die sinodale kerkordekommissie in samewerking met die taakspan ekumene stuur die uitslag voor 1 Augustus 2015 na die kantoor van die algemene sinode.*
   5. *die sinode in Noord-Kaapland oorgaan tot stemming oor die voorgestelde wysiging van artikel 1.*

3. REËLINGS VIR DIE NEGENTIENDE VERGADERING VAN DIE SINODE VAN DIE NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND

Daar is aandag gegee aan die opdragte vir die reël van 'n sinode soos verwoord in die *Kerkorde*:

- *Die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning stel die Agenda op en dra sorg dat dit, indien enigsins moontlik, vier weke voor die vergadering in die hande van die afgevaardigdes gestel word.* (Kerkorde Noord-Kaapland 2012, Reglement van Orde, punt 3.1)
- *Die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning het die bevoegdheid om verslae deur die kommissies ingedien, te laat verkort indien dit onnodig lank is.* (Kerkorde Noord-Kaapland 20102, Reglement van Orde, punt 7.3)
- *Die gedeelte van die rapport van die sinodale kommissie vir hulpdienste wat op die reël van die vergadering betrekking het word eerste in*

behandeling geneem. (Kerkorde Noord-Kaapland 2012, Reglement van Orde, punt 3.2)

Die opdragte van die sinodale kommissie vir bedieningsondersteuning is soos volg:

- *Voorbereidings te doen vir sinodale vergaderings (beplan agenda en temas in samewerking met die ander kommissies)* (Kerkorde Noord-Kaapland 2012, bepaling 35.5.2.1 (a))

Die opdragte van die sinodale kommissie vir hulpdienste is soos volg:

- *Praktiese reëlings: sinodale vergaderings (Logistiek)* (Kerkorde Noord-Kaapland 2012, bepaling 35.5.2.2 (e))

Die taakspan sinodebeplanning het in uitvoering van bogenoemde voorskrifte van die *Kerkorde* die agenda vir die vergadering voorberei.

3.1 Aanmelding van afgevaardigdes

Alle afgevaardigdes neem betyds sitplek in sodat die konstituering op Maandag 9 Maart 2015 om 11:00 in aanvang kan neem.

3.2 Opening

Ds. JW Myburgh van Deben neem as leraar met die langste jare diens die opening met Skriflesing en gebed waar en tree as voorsitter op totdat 'n moderator verkies is (Bepaling 1.1 van Reglement van Orde). Ds. PL Louw van Upington is as sekundus aangewys.
Rede: leraars wat ouer as ds. PL Louw is, het al klaar die voorreg gehad om die opening waar te neem.

3.3 Notulering

Die notulekommissie behartig die notule onder die leiding van die predikant in sinodale diens.

3.4 Konstituering

3.4.1 Kennisgewing

Daar is kennis gegee van die vergadering in die *Kerkbode* van 10 November 2014, sowel as per brief gedateer 13 November 2014 aan alle kerkrade.

3.4.2 Geloofsbriewe

Die geloofsbriewe ***Bylae 1*** word ter tafel gelê, tesame met die wysiginge wat tot voor die konstituering ontvang is.
(Bepalings 1.2 en 1.3 van die Reglement van Orde).

3.4.3 Konstituering

Die konstituering vind plaas in ooreenstemming met Kerkorde artikel 33 en bepaling 1.3 van die Reglement van Orde.

AANBEVELING
Die voorsitter verklaar die vergadering wettig gekonstitueerd.

3.4.4 Verkiesing van moderatuur

Die verkiesing van die moderatuur vind plaas volgens bepaling 34 van die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland.

AANBEVELING:
1. Die buitengewone sinode neem kennis van punt 1.1 van die reglement van orde wat bepaal:
1.1 By 'n buitengewone sinodesitting tree personeel van die vorige sinodesitting op.

3.5 Werkswyse en tydsindeling

Besluit sinode 2014

Tydens die buitengewone sinodesitting word daar nie bespreking oor Belhar toegelaat nie, slegs bespreking oor wysiging artikel 1.

Die voorgestelde werkswyse (***Bylae 2***) en tydsindeling (***Bylae 3***) van die vergadering is aangeheg by hierdie verslag.

AANBEVELING
Die sinode besluit
1. om die voorgestelde werkswyse (*Bylae 2*) en tydsindeling (*Bylae 3*) goed te keur.
2. dat by die sinode aanbeveel word dat tydens die sitting van die sinode van mnr. AS de Villiers gebruik gemaak word
3. dat revisie toegestaan word van die besluit van die sinode 2014.
Tydens die buitengewone sinodesitting word daar nie bespreking oor Belhar toegelaat nie, slegs bespreking oor wysiging artikel 1.

Motivering
1. Die taakspan sinodebeplanning is van oordeel dat dit baie moeilik is om oor die voorgestelde wysiging van artikel 1 te praat sonder om oor die belydenis van Belhar te praat.
2. Elke afgevaardigde behoort tydens 'n vergadering die geleentheid gegun te word om sy "hart op die tafel te sit" sonder dat daar beperkinge op geplaas word.

3.6 Luister-sessie

'n Luister-sessie vind tydens die sinodesitting plaas.

"...dat gemeentes van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika Phororo, Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo en die gemeente van die Reformed Church in Africa Pearl hartlik na genoemde sinodesitting uitgenooi word ten einde die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland te bedien met hulle kennis en insig en oortuigings rakende die proses van kerkhereniging in die NG Kerkfamilie..."

19 lede van die NG Kerkfamilie die Luister-sessie van die buitengewone sinodesitting sal

bywoon (dié besluit is geneem deur die lede van die NG Kerkfamilie):

- VGKSA Phororo 10
- NGKA Phororo 5
- RCA Pearl 4

- ***The road map to church reunification: DRC – URCSA*** is aangeheg as ***Bylae 4***
- ***Memorandum of agreement between the Uniting Reformed Church in Southern Africa (URCSA) and the Dutch Reformed Church (DRC)*** is aangeheg as ***Bylae 5***

3.7 Afsluiting van vergadering
Die sinode sal nie later as 15:00 Dinsdag 10 Maart 2015 verdaag nie. Die verrigtinge word afgesluit met Skriflesing en gebed deur die voorsitter of iemand deur hom daartoe versoek. (Bepaling 9 van die Reglement van Orde).

3.8 Groeteboodskappe
Geen groeteboodskappe word toegelaat nie.

3.9 Standaardisering van verslae
Almal verantwoordelik vir verslae aan die sinode is versoek om ter wille van eenvormigheid en die rekenarisering van die agenda te let op die skryfwyse van verslae van die vorige sinode in Noord-Kaapland. Waar nodig, is redaksionele en numeringsveranderinge aangebring kragtens Bepaling 7.3 van die Reglement van Orde.

3.10 Ander reëlings
3. 10.1 Vorms waarop voorstelle geskryf word, is voorberei. Geen voorstel wat nie op so 'n vorm geskryf is, sal aanvaar word nie.
3. 10.2 Tydelike kommissies kry geleentheid om in die aande na afloop van die normale sittingstyd te vergader.
3. 10.3 Afgevaardigdes word op 'n staande besluit gewys, naamlik dat afgevaardigdes met gemaklike – dog netjiese kleredrag sinode-sittings kan bywoon.

3.11 Verteenwoordigers van teologiese fakulteite
Geen verteenwoordigers is genooi nie.

3.12 Kommunikasie - media
Die taakspan sinodebeplanning het besluit dat *eNuus Noord-Kaapland* sal nuus en besluite van die sinode deurgee. Die tydelike mediakommissie sal artikels vir *eNuus* voorsien.

3.13 Tydelike kommissies (bepaling 35.6.1)

3.13.1. Kommissie vir aankondigings en korrespondensie
Personeel
Dr. VR Terblanche (s)
Sekundus: Ds. PL Louw

3.13.2 Kommissie vir die besluiteregister
Personeel
Ds. GP Barnard (s)
Ds. VR Terblanche
Sekundus: Ds. PF Coetzee

3.13.3 Mediakommissie
Personeel
Ds. W Roets (s)
Dr. DL van Niekerk
'n Verteenwoordiger uit die notulekommissie

3.13.4 Kommissie vir algemene sake
Personeel
Ds. SW Albertyn (s)
Dr. AC Swanepoel
Ds. J Oosthuizen
Ds. PL Louw
Ds. DJ Muller
Ds. MJ Coetzer
Dr. JJ Knoetze
Oudl. JP Smit
Oudl. EL Daffue

3.13.5 Kommissie vir reiskoste
Personeel
Ds. LB de Villiers
Mev. E Badenhorst

3.13.6 Stemtellers
Die volgende persone is aangewys:

Tafels	1-4	Ds. JS Kloppers
	5-8	Ds. J Grobbelaar
	9-12	Ds. JH Rademeyer
	13-16	Ds. M Rademeyer
	17-20	Ds. N van Staden
	21-24	Ds. SL de Jager
	25-28	Ds. D Niemandt
	29-35	Ds. AD Niemandt

Sameroeper: Ds TE Smit

3.13.7 Notulekommissie
Personeel
Ds. JPL Mostert (s)
Ds. K O'Callaghan
Ds. J Oosthuizen
Dr. LM Basson

3.13.8 Herderlike brief
Die ring van Griekwastad neem verant-woordelikheid.

3.14 Notule
Die dag se notule sal die volgende dag behandel word en vir goedkeuring voorgelê word. Moontlike foute word na regstelling opgeneem in die volgende dag se notule. Die finale notule word dan so spoedig moontlik na die sinodesitting beskikbaar gestel.

3.15 Bind van enkele stelle van agenda en notule
Die sinodale kantoor sal enkele stelle laat inbind (agenda, notule, tydelike kommissieverslae, laat stukke en 'n indeks) vir beskikbaarstelling aan

alle sinodale kommissies asook aan kerk-argiewe, teologiese fakulteite en ander sinodale kantore wat dit versoek.

3.16 Daggeld, reis- en verblyfkoste vir sinode 2015

Reëlings is getref dat afgevaardigdes wat buite Kimberley woon in gastehuise en by lidmate tuisgaan.

AANBEVELING
Die sinode besluit dat

1. **die koste teen R3-00 per kilometer vir een voertuig per gemeente en twee vir 'n gemeente met meer as twee leraars direk ter vergadering aan afgevaardigdes uitbetaal word, wat dit self onderling verdeel.**
2. **geen gelde aan afgevaardigdes betaal word vir alternatiewe verblyf nie.**

3.17 Beskrywingspunte

"*Beskrywingspunte wat voor agt maande voor die sinodesitting ontvang word, moet deur die toepaslike permanente kommissies opgeneem word in hul agenda.*
Die kommissies moet die sinode met 'n deeglike verslag en aanbeveling dien.
Beskrywingspunte wat na die datum ontvang word, word ook deur die toepaslike kommissie opgeneem in sy verslag aan die Sinode, maar kan verwys word na 'n tydelike kommissie, indien daar nie genoeg tyd is om daaroor te besin nie." (Bepaling 35.1.2).

Geen beskrywingspunte is ontvang nie.

4. SLOT

Die kommissie vertrou dat hy sy opdrag uitgevoer het.

5. LEDE VAN DIE KOMMISSIE

Ds. PL Louw	SKBO
Dr. AC Swanepoel	SKHD
Ds. GJ Duursema	SKOK
Ds. MJ Coetzer	SKDG
Ds. PG Otto	Ring van Griekwastad
Ds. SW Theart	Ring van Griekwastad
Ds. AC de Villiers	Gekoöpteer
Ds. BJP Booysen	Taakspan ekumene
Ds. JZ Joubert	Taakspan ekumene
Ds. JW Myburgh	Taakspan ekumene
Ds. JA van Schalkwyk	Taakspan ekumene
Dr. JB Vos	Verteenwoordiger Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland by algemene sinode
Ds. FD Hugo	Hoof Uitvoerende Direkteur Caritas Gemeenskapsfokus NPC
Ds JPL Mostert	(Predikant in sinodale diens)

BYLAE 1

VOORLOPIGE LYS VAN AFGEVAARDIGDES SOOS OP 12 FEBRUARIE 2015

GEMEENTES	PREDIKANTE	PRIMARII	SECUNDI
Angolana			
Askham-Noenieput			
Augrabies	SJ Schoeman	JP Malan	H Mans
Barkly-Wes	SD Marais	Me AA van der Linde	Me AJM Slazus
Brandvlei	PJ Neethling	MML Visser	JS Vollgraaff
Britstown	JZ Joubert	AR Blomerus	Me CB Viljoen
Carnarvon	SC van der Merwe	SP Jacobs	FG Haasbroek
Daniëlskuil	SW Theart	EL Daffue	SF Weideman
De Aar	PJ Conradie	Me SAC Klopper	DJS Ferreira
De-Aar-Noord	NB Roux	EJ vZ Greyling	Me JD Wolfaardt
Deben	JW Myburgh	IC Olivier	W Lubbe
Delportshoop	FP Avenant	AR Dreyer	JW Oberholzer
Diamantveld	P-R du Toit	JW van Niekerk	JF du Plooy
Douglas	MAV van der Merwe	GP Stemmet Me CEN Stemmet	M Lotter Me WJ Enslin
Dutoitspan	JS Kloppers	PAJ Opperman	Me E. Kotze
Goedvertrou	HS Havenga	LP Boshoff	JA Saunders
Griekwastad	PG Otto	JJ Scholtz	JH Fourie
Groblershoop	DA Burger	CJ Nortjé	CJA Visser
Grootdrink	M VDS Loubser	AL Maass	WJS Lombard
Grootrivier			
Hanover			
Hartskroon		HB Fick	Me A Oosthuizen
Hartswater	MJ Coetzer TC du Toit	JA Swiegers AJ Duvenhage	AJ Grové DJ Cloete
Hopetown	JS Henning	CJ Thomas	SP Janse van Rensburg
Jan Kempdorp	SJ Strydom	JJ Momberg	HJ Theron
Kakamas	PJL Blaauw R Britz	Me LP Coetzee Me CG Brand	
Kalahari	EZ Anthonissen	JA de Klerk	
Kameelboom	JH Rademeyer	Me T Grobler	PS Nieuwoudt
Kanoneiland	SL de Jager	JC Kruger	

Kathu			
Keimoes	JP Conradie	DJ Malan	JP Theron
Kenhardt	JIR van Niekerk	HEC van der Westhuizen	Me J. Bezuidenhout
Kimberley	LM Basson	MD Botha	PJ Hansen
Kimberley-Bakenskop	WG Stumpfe	Me AM le Roux CJ Lourens	
Kimberley-Bet-El		Me B Jaffer	Me S Hartbees
Kimberley-ǂGacan			
Kimberley-!Xun-Alfa			
Kimberley-Harmonie	AC Swanepoel DJ Scheepers S Nel	Me AS Enslin PJ Hough LJ Enslin	PJ Harmse DHB Nell JD Smith
Kimberley-Vooruitsig	W Roets JPL Mostert FD Hugo	Me M du Toit Me CM Broderick WH van Aswegen	GH Matthys CJ Coetzee CJ Snyders
Kimberley-Wes	PL Gouws	Me CM du Preez	SC Wiid
Kuruman	N van Staden	H dKV Rens Me ESJ Rens	NJB Rens
Kuruman Die Oog	C Jonck	JC Lamprecht	JJJ du Plooy
Lime Acres	FJ Heymans	JJ Botha	J du Preez
Louisvale	J Grobbelaar	CM Opperman	
Louwna	MF Scholly	JJ Hayward	
Loxton	A Werner	Me M Meintjes	HC Cloete
Mafikeng	JJ Knoetze	HDD Janse van Vuuren(sekundus)	
Marchand	G Marx	EG Krapohl	Me AM Nel
Mareetsane	JH Cronje	JPC Bossert	TN Meyer
Modderrivier-Ritchie	EL Rischmüller	BJGW Badenhorst	
Neilersdrif	RJ Lourens		
Noorderharts		D Janse van Rensburg	
Olifantshoek	JJ van Zyl	GG Jacobs	B Nel
Onder-Molopo	JD Coetzee	JJ du Preez	CJ Carstens
Orania	SW Albertyn	CWH Boshoff	Me AJH Joubert
Oranjevallei	GP Barnard	Me CE Lintvelt	Me W Kempen
Petrusville	Geen		
Petrusville-Uitsig	Geen		
Philipstown	AL Hyman		

Piet Plessis	LB de Villiers	L Roets	JJ Mans
Plooysburg	FC de Witt (sekundus)	DG Cilliers	JF du Toit
Postmasburg	K O'Callaghan AD Niemandt D Niemandt	Me PS Dippenaar	
Prieska	DJ Muller VR Terblanche N Muller	JDA Crafford Me JC Hanekom AA Visser	Me CM Coetzee Me H van der Riet
Reivilo	MJ van den Berg (sekundus)	Me IM Fourie	AP Scholtz
Stella	RW Strydom (sekundus)	CR van Zyl	JT van Rensburg
Strydenburg			
Tadcaster	J Oosthuizen	JL Human	PWA Nel
Upington	PL Louw	WL Janse van Rensburg	J deW van den Heever
Upington-Blydeville	JJ van Zyl	J Pretorius	S Esterhuysen
Upington-Noord	BJP Booysen	DG Smit	Me AHA Theron
Upington-Oos	AH Scholtz	JP Smit	JHH Karsten
Upington-Wes	TE Smit	AJ van Rooyen	IJM van Niekerk
Vanderkloof	LJ de Jager (sekundus)	Me M de Jager	
Vanwyksvlei	WF Vermaak	Me HM Holtzhausen	Me M le Roux
Vanzylsrus	JPJ van Tonder	PAC Flemming	FvT Le Roux
Vergelegen	M Rademeyer	F vZ Engelbrecht	PJ Le Roux
Vosburg	C Janse van Rensburg	LJ van der Merwe	LJ le Roux
Vryburg-Harmonie	LM Coreejes	JDK Haasbroek	
Vryburg-Noord	PJ Theron	Me ER Barnardt	GJR Le Roux
Vryburg-Wes	PF Coetzee	W vV Weideman	AF Gerber
Warrenton	JB Vos	J Koorts	L Brink
Williston	DS Albertyn (sekundus)	JJ van der Colff	Me JC Louw

BYLAE 2

VOORGESTELDE WERKSWYSE

1. ROEPINGSVERKLARING

Die sinode in Noord-Kaapland verwoord sy roeping as volg:

> *'n Sinode is gemeentes wat in 'n kerkverband aan mekaar gebind is en as kerk saam na die Woord van die Here luister en die pad so saamloop dat ons ons roeping ontdek en mekaar moed en hoop gee om dit uit te leef.*

Die sinode het die volgende **KERNWAARDES** aanvaar

1. **Luister**
   - Die sinode wil God deur sy Woord en Gees ontmoet en na Hom luister.
   - Die sinode wil saam God se wil en roeping vir die Kerk ontdek.
   - Die afgevaardigdes luister na mekaar sodat ons mekaar tot troos en hulp kan wees.
2. **Liturgiese grondhouding**
   Die sinode vergader met 'n liturgiese grondhouding.
3. **Deelname**
   Die afgevaardigdes soek saam in die lig van die Woord en onder leiding van die Heilige Gees na God se wil. Dit kan geskied deur kleingroepbesprekings (tafelgesprekke) en debat deur die volle vergadering.
   Die sinode poog om so ver as moontlik konsensus te bereik wanneer besluite geneem word.
4. **Beplanning**
   Die sinode wil gemeentes en ringe ondersteun om konkreet en prakties uitvoering te gee aan God se roeping vir sy kerk.
5. **Verbondenheid aan mekaar**
   Gemeentes is met mekaar versoen deur Jesus Christus. Hierdie verbintenis word uitgedruk in ons belydenis, nl. Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls. Ons deel ons roeping in die wêreld en het ooreengekom om ordelik volgens ons kerkverband op te tree soos dit in ons *Kerkorde* weergegee word.

2. VEILIGE RUIMTE

Om uitdrukking te gee aan ons roepingsverklaring en waardes daarin verwoord, is dit vir die taakspan sinodebeplanning belangrik om die vergadering van die sinode so in te rig dat ons 'n veilige ruimte skep waarbinne hierdie waardes gestalte kan kry.

3. DOEL EN VOORGESTELDE UITKOMSTE VAN DIE SINODESITTING

Die doel van die sinodesitting is om in die lig van die Woord saam met mekaar te besin oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1. Die voorgestelde uitkomste van die sinodesitting kan as volg verwoord word:

i. Ons het die Here gehoor, mekaar gehoor en ons was gehoorsaam.
ii. Ons het al die inligting wat ons nodig het om 'n ingeligte besluit te neem.
iii. Ons het 'n besluit oor Artikel 1 van die Kerkorde geneem.
iv. Ons het vrede in ons harte met die proses wat tydens die sinodesitting gevolg is voordat die besluit geneem is.
v. Die proses wat gelei het tot die stemming was oop, deursigtig, deelnemend en het integriteit.

4. PROSES: HOE GAAN BESINNING PLAASVIND?

4.1 Die proses oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 tydens die sinode volg 'n **oop-gesprek-benadering** wat insluit:

i. Die deel van inligting wat daarop gerig is om ’n gemeenskaplike databasis te bou.
ii. Begrip van die inligting te toets.
iii. Individuele refleksie.
iv. Gesprek en bespreking in klein groepsverband sodat ons deelname kan maksimaliseer en almal se stemme kan hoor.
v. Terugvoer en debat in die die groter groep.
vi. Besluitneming.

Dié benadering word gevolg aangesien die onderwerp onder bespreking kompleks is, daar baie diverse idees en mense betrokke is en die dryfkrag om oplossings en antwoorde te kry (en die potensiaal vir konflik) hoog is. Ten einde soveel as moontlik bespreking toe te laat en so veel as moontlik stemme te hoor tydens die sinodesitting sal sinodegangers vriendelik versoek word om te hou by streng tydsbeperkinge tydens gesprekke en debatte.

4.2 Die oop-gesprek-benadering word gevolg ten einde aan persone die geleentheid te gee om met vrymoedigheid aan besprekings deel te neem aan die hand van hulle oortuigings en die neem van eie verantwoordelikheid.

i. Al die onderwerpe wat bespreek word, sal sake wees wat die deelnemers as die mees belangrike beskou.
ii. Die belangrikste gedagtes, besprekings, aanbevelings, gevolgtrekkings en vrae sal ter tafel kom.

4.3 Dit is die sinode se **geloofsoortuiging** dat:

i. Die afgevaardigdes by hierdie vergadering deur die Here van die Kerk aangewys is.
ii. Die Here ons nóú roep om oor hierdie saak te besin.
iii. Die afgevaardigdes hierdie vergadering in afhanklikheid van die Here ingaan.
iv. Die Here die uitkoms sal bepaal.

4.4 Die **taak van die voorsitter en ondervoorsitter** in hierdie proses word in die Reglement van orde van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland beskryf:

3.3 By die behandeling van sake volg die voorsitter die orde wat vir hom die geskikste voorkom. Hy dra die sake wat behandel moet word duidelik voor en gee by die behandeling daarvan die nodige inligting. As die geleentheid dit vereis, mag hy wenke aan die hand doen om tot ’n besluit te kom.

3.4 In gevalle waarvoor hierdie reglement geen voorsiening maak ten opsigte van die leiding van die vergadering nie, handel die voorsitter volgens gebruik en eie oordeel. In geval van beswaar teen die handelswyse van die voorsitter, beslis die vergadering.

3.5 Geen lid mag ’n spreekbeurt skriftelik of mondeling aanvra voordat 'n bepaalde saak aan die orde gestel is nie. Die voorsitter reël die volgorde van die spreekbeurte.

3.11 Die voorsitter het die reg om, wanneer na sy oordeel die saak onder behandeling genoegsaam bespreek is, dit aan die vergadering te stel of laasgenoemde nie tot stemming wil oorgaan nie.

4.5 **Luister-sessies en gedeelde begrip**

Tydens die luister-sessies sal inligting gedeel word wat almal teenwoordig bemagtig om ten volle aan die gesprek en debat deel te neem. Dit sluit in die aanhoor van voorleggings deur onder andere die volgende:

i. Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika Phororo
ii. Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo
iii. Reformed Church in Africa Pearl
iv. Ds. BJP Booysen (voorsitter taakspan ekumene) oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 (Sien *Verslag taakspan ekumene punt 3, Voorgestelde wysiging van Artikel 1, Aanbeveling punt 1*)

Hierdie sal egter nie net ’n eensydige luister-sessies wees nie. Sinodegangers sal ook die geleentheid in tafelverband kry om te reflekteer oor wat hulle gehoor het, met mekaar deel hoe hulle daaroor voel en geleentheid kry om vrae te identifiseer ten einde beter te verstaan en/of onduidelikhede uit die weg te ruim. Die persone wat die voorleggings doen sal soveel as moontlik vrae in die beskikbare tyd probeer beantwoord.

4.6 **Opeenvolgende rondtes gespreksvoering en debat**

Die gesprek en bespreking oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 sal uit opeenvolgende rondtes bestaan totdat daar tot ingeligte besluitneming oorgegaan word.

3.11 Die voorsitter het die reg om, wanneer na sy oordeel die saak onder behandeling genoegsaam bespreek is, dit aan die vergadering te stel of laasgenoemde nie tot stemming wil oorgaan nie.

(Reglement van orde van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland)

Hierdie rondtes gesprek oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 word ingelei met 'n bespreking van "hooftemas" uit die terugvoer oor die *tafelgesprekke tydens die sinode 2014: Voorgestelde wysiging van Artikel 1* (Sien Notule, bladsy 224-227). Dié tafelgesprekke het gehandel oor die vraag:

Waarom behoort die sinode in Noord-Kaapland die voorgestelde Kerkorde artikel 1 te aanvaar of te verwerp?

Die volgende breë proses sal gevolg word:

i. Die aangewese tafelleiers begelei gesprekke en maak aantekeninge van alle insette.
ii. Tafels deel met die vergadering wat rondom tafels "gehoor" is. Tydens die eerste rondte word ruim tyd afgestaan vir terugvoer.
iii. Die "luisterspan" maak notas van die terugvoer en bedien die vergadering met 'n voorstel oor sake wat verder rondom tafels bespreek moet word.
iv. Sake word in "groepe" georden sodat dit in opeenvolgende tafelgesprekke met terugvoer aan die vergadering behandel kan word.
v. Tafelgesprekke vind plaas oor sake. Terugvoer word na elke tafelgesprek gegee.
vi. Die luisterspan maak notas as nuwe sake vir bespreking na vore kom en dien die vergadering met 'n voorstel.
vii. Die proses gaan voort totdat die vergadering gereed is om 'n besluit te neem

4.7 **Stemming oor Artikel 1**

Die sinode gaan oor tot stemming oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1
(Sien Verslag taakspan ekumene punt 3, Voorgestelde Wysiging Van Artikel 1, Aanbeveling punt 5)

BYLAE 3

TYDSINDELING

MAANDAG 9 MAART 2015

09:00 - 11:00 Registrasie

11:00 - 11:30 Konstituering en opening [±30 minute]
Opening Ds. JW Myburgh
Punt 3.4.3 Konstituering

11:30- 13:00 Luister-sessie [±120 minute]
- Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika Phororo [±45 minute]
  - Tafelgesprek
    - Wat het ons gehoor?
    - Hoe voel ons daaroor?
    - Watter vrae wil ons vra?
- Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo [±45 minute]
  - Tafelgesprek
    - Wat het ons gehoor?
    - Hoe voel ons daaroor?
    - Watter vrae wil ons vra?
- Reformed Church in Africa Pearl [±30 minute]
  - Tafelgesprek
    - Wat het ons gehoor?
    - Hoe voel ons daaroor?
    - Watter vrae wil ons vra?

13:30 - 14:15 Ete

14:15 - 15:00 Luister-sessie: Terugvoer oor vrae [±45 minute]
- Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika Phororo
- Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo
- Reformed Church in Africa Pearl

15:00 - 16:00 Vergadering

Verslag taakspan sinodebeplanning [±30 minute]
Punt 3.4.4 Verkiesing van moderatuur
Punt 3.5
- Werkswyse (Bylae 2)
- Tydsindeling (Bylae 3)
- Mnr. AS de Villiers
- Revisie

Punt 3.16 Daggeld, reis- en verblyfkoste vir sinode 2015

Verslag taakspan ekumene [±30 minute]
Punt 3 Aanbeveling punt 1:
Ds. BJP Booysen: Toeligting oor voorgestelde wysiging van Artikel 1

16:00 - 18:15 Gespreksvoering en debat [±135 minute]

18:15 - 18:30 Toewyding [±15 minute]

DINSDAG 10 MAART 2015

07:00 - 07:45 Ontbyt

08:00 - 08:15 Toewyding [±15 minute]

08:30 - 13:00 Gespreksvoering en debat [±270 minute]

13:00 - 13:45 Middagete

13:45 - 14:45 Stemming [±60 minute]
- Die sinode in Noord-Kaapland stem oor die voorgestelde wysiging van artikel 1

14:45 - 15:00 Afsluiting: Dr. JB Vos [±15 minute]

BYLAE 4

THE ROAD MAP TO CHURCH REUNIFICATION: DRC – URCSA

Stage 1: Point of departure. Signing of *Memorandum of Agreement* by Executives and ratification by General Synods.
End of stage 1: October 2013

1. Die Algemene Sinode keur die Memorandum van Ooreenkoms goed onderhewig daaraan dat dit kerkordelik en regtens haalbaar is.
2. Die Algemene Sinode keur die roetekaart vir die kerkherenigingsproses goed onderhewig daaraan dat dit kerkordelik en regtens haalbaar is.

Stage 2: Formal decision taken by General Synods or General Synodical Commission mandated by General Synod to start the church orderly process to church reunification.
An urgent effort to be made to get the two other churches in the DRC-family on board before proceeding to stage 3.

Stage 3: Convene joint meetings of the churches' Executives, Moderatures and/or Synodical Commissions and continue to do so.

Stage 4: General Synods of the churches mandate the following commissions to act on their behalf *ad interim*: (a) The Leadership of the Churches (Executive, Moderamen and/or General Synodical Commission) to take preliminary or in principle decisions on behalf of the Church and report back to General Synod; (b) The Steering Committee for Church Reunification constituted by a majority of members not acting in the Leadership. The Steering Committee must be composed to ensure continuity and credibility, to maintain objectivity and to dispose of persuasiveness; (c) The Task Teams, among a Church Order Commission responsible for the drafting of an Common Set of Rules (Tussenorde) for the Churches see foot note, the Concept Church Order for a Reunited Church and the obtaining of legal advice from a Panel of Legal Advisors. The principles already agreed on in the *Memorandum of Agreement* must be contained in the Concept Church Order (organic synodical-presbyterial structure, missional structure, diversity of language and culture, unification of congregations, presbyteries and synods, the autonomy of the local congregation combined with the authority of the presbytery, synod and General Synod and the confessional basis with the inclusion of the Belhar Confession).

Stage 5: Convene a joint General Synod, take joint decisions regarding church reunification and related issues, and ratify decisions by own General Synod. First joint General Synod may coincide with a General Ministers Conference. First General Synod shall be a celebration and festive occasion. In future general synodical meetings will take place on the same date and at the same venue. Joint decisions will be taken and be ratified as soon as possible afterwards in own meeting.

Stage 6: Report back to the General Synods (jointly and seperately) on the Common Set of Rules, on proposed amendments to the existing Church Orders to make church reunification church orderly and legally possible, and on the Concept Church Order. General Synods take the decision to approve, apply and later to amend the Common Set of Rules. The Common Set of Rules has authority over the Churches' own Church Order on a spelled out issue.

Stage 7: All Synods and Congregations enjoy the opportunity to respond to the content of the Concept (Draft) Church Order by making their proposal and/or accepting it in principle. A time frame is set within which to respond. The final draft for the Concept Church Order is approved by the Churches' Synods and Church Councils/Consistories, with the approbation/consent of the members of the Congregation. A time frame is set for this action. The decision of each Church Council and Synod, taken in terms of the applicable Church Order, is conveyed to existing General Synods of the Church.

Stage 8: The General Synod of the Church takes a final decision to reunite and approve the Concept Church Order with a two-thirds majority.
The General Synod of the Church takes the necessary transitional decisions regarding the transfer of activity, property, funds, etc.

The General Synod of the Church takes a decision to dissolve the General Synod as meeting (not as juristic person, that may continue to exist) and appoints delegates to a Conventus and the General Synod of the Reunited Church.

Stage 9: The Conventus convenes on the date and time set forth by the Steering Commission. Report back from the General Synods of the Churches is given and the Church Order of the proposed Reunited Church is approved.

Stage 10: The General Synod of the Reunited Church is constituted.

FOOT NOTE: COMMON SET OF RULES

1. The *Common Set of Rules* is provided to serve the process of reunification and represents an important phase in the process of the churches to know each other, while experiencing and growing together in unity, reconciliation and justice.
2. The *Common Set of Rules* is a set of church orderly provisions which gives a legal base to cooperation between the churches on the road to reunification.
3. The *Common Set of Rules* does not remove/abrogate the articles, regulations or rules of the churches. The articles, regulations or rules stated in the church order are applicable as they stand, except in case where the common set of rules specifically makes room for exceptions.

BYLAE 5

MEMORANDUM OF AGREEMENT
between
THE UNITING REFORMED CHURCH IN SOUTHERN AFRICA (URCSA)
and
THE DUTCH REFORMED CHURCH (DRC)

1. Introduction

The Excutives of URCSA and DRC have met in November 2011, February 2012 and July 2012 to discuss the way forward after the DRC General Synod has started a process to get the Belhar Confession to be included as a confession in a church orderly way. From these meetings and a mutual discernment of God's will, the Executives has agreed to draw up a memorandum of agreement, sign it and present it to our various church structures for acceptance.

2. Preamble

2.1 We as churches have decided to covenant together, because we believe that the Lord, who graciously committed himself to us, requires this of us. We use the term covenanting because we want to bring ourselves and the reunification process under the authority of the word of God and the will of Christ. As the family of churches we already decided together at Achterbergh to journey together.
2.2 We envisage a new organically united reformed church, organized according to synodical-presbyterial structures, which lives missionally and is committed to the biblical demands of love, reconciliation, justice and peace. At the same time we are committed to non-racialism, inclusiveness and the acceptance and celebration of our multicultural composition. The different languages in our churches will be treasured.
2.3 From within our common faith in the triune God we commit ourselves anew to Africa, the continent where the Lord has placed us, and particularly to Southern Africa. We wish to take up this calling together to make a difference to the life-threatening problems facing our countries. In the process of spreading the gospel, we covenant to work together in concrete ways such as:

- inviting people to life in fullness in Christ
- promoting of healing and wholeness for all of life
- engaging in prophetic dialogue with others on societal matters
- embodying, modeling and promoting moral values of Scripture
- seeking and advocating justice for all
- achieving reconciliation, which is more than mere tolerance of one another
- opposing violence and abuse of power of all kinds in our society,
- promoting and embracing human dignity and gender equity

3. On church unity

3.1 We commit ourselves to the following model of unity:
From the different models for church unity in different churches, we intentionally choose a presbyterial-synodical church body (i.e. organic) that supports the Gospel of Jesus Christ who broke down the wall of separation between people (Ephesians 2: 14-16).
Ephesians 2
14 For he himself is our peace, who has made the two groups one and has destroyed the barrier, the dividing wall of hostility,
15 by setting aside in his flesh the law with its commands and regulations. His purpose was to create in himself one new humanity out of the two, thus making peace,
16 and in one body to reconcile both of them to God through the cross, by which he put to death their hostility.
3.2 We believe that this proposed model is a Scriptural embodiment of unity in the Southern African context. This model we believe can help the church on different levels to be the living body of Christ in the world.
3.3 As reformed churches we believe that the local congregation is the expression of the church of Christ in a local community, but we also believe that local congregations live in communion with one another and this communion is expressed in various manners e.g. presbyteries, synods. The two churches undertake to indentify ways in which the local churches can express their unity with each other inter alia forming

uniting congregations, receiving ministers across cultures, starting uniting commissions and projects, re-aliening the congregations with their full consent to incorporate wards of other cultures.
3.4 We agree that getting the church to be fully one will be a process and that it will ask of us to commit ourselves to journey and grow together.
3.5 We propose that the churches start a process to obtain the permission of all the congregations of the churches (in the exact way currently prescribed in the church order of the particular church) for the following:

- the forming of a new General Synod as expression of new denominational ties (*kerkverband*)
- the formulating of the confessional basis for the reunited church
- to approve amendments to existing Church Orders needed for the formation and restructuring of a reunited church
- to approve that, after the forming of a new General Synod, a process will follow by which the regional synods and presbyteries engage in processes of expressing the reunited church at their respective levels the name of the reunited church
- The church orderly position of congregations with regard to ministry, property, etc.
- The actuarii of the General Synods form a task team to evaluate the existing church orders and to start a process to amend them in the correct way in order to make such a process possible.
- In the process of a General Synod being formed, the Regional Synods will asume unification on the same principles as the General Synod although the finalisation of the new General Synod
- will have precedence

4. On the Confession of Belhar

4.1 We agree that the Confession of Belhar will be taken up in the confessional basis of the reunited church.
4.2 We understand that the Dutch Reformed Church decided to make the Confession of Belhar part of the confessional basis of the Dutch Reformed Church in a church orderly way and we also understand that it proposed to do it in the following way:
4.2.1 The doctrine which the Church confesses in accordance with the Word of God, takes place in communion with the confession of our tradition as it is expressed in
→ the Apostles Creed, the Nicene Creed and the Athanasian Creed through which the Church expresses her connectedness with the catholic Christian Church, and
→ the Heidelberg Catechism, Belgic Confession and Canons of Dordt through which the Church expresses her connectedness with the reformed tradition.
4.2.2 In connectedness with our own context we acknowledge the Confession of Belhar.
4.3 We understand that the Dutch Reformed Church will have to follow the Dutch Reformed Church's Church Order to make the Confession of Belhar part of the confessional basis of the Dutch Reformed Church.
4.4 We agree that the churches will journey together in this process of acceptance and renewed engagement of the Confession of Belhar.
4.5 We understand that the decision of the 2011 General Synod of the Dutch Reformed Church is a journey towards full acceptance of the Confession of Belhar as part of the confessional basis of the Dutch Reformed Church.
4.6 Where congregations, ministers, and members of the Dutch Reformed Church do not underwrite the Confession of Belhar as an article of faith, we are committed to journey with them.

5. On restorative justice and reconciliation

5.1 We acknowledge that church unity and the Belhar Confession urges us to also speak about restorative justice and reconciliation. As churches we have therefore decided to embrace the following:
5.1.1 Restorative justice should not be an end in itself but always lead to reconciliation. Reconciliation should be the restoration of communities at different levels of society: personal, social, political, denominational, economical, emotional and spiritual reconciliation between God and us.
5.1.2 We believe that restorative justice is a Biblical imperative that restores life in its fullness. It restores imbalances of the past and imbalances in God's creation and glorifies God through our restored unity and reconciliation.
5.1.3 We accept that restorative justice is a complex process which will ask some sacrifices. We will therefore need good stewardship but also a clear vision on the possible outcomes of such a process.
5.2 Regarding reconciliation we agreed on the following statements:
5.2.1 We believe that true reconciliation is a deeply spiritual process. Christian principles like sacrifice and forgiveness should not be neglected. Without the necessary spiritual maturity, it could fail dismally.
5.2.2 We accept the reality that conflict, bitterness, hatred, racism, ethnicism, classism, sexism and a lot of emotional pain is still very much part of society. We must address some of the core reasons for conflict

like: misunderstandings and poor communication, bad and corrupt leadership, language, culture and religion, ideologies and the greed for political power, injustices, personalities, scarce resources and imbalances in society.

5.3 In order to effect reconciliation we believe that:

- We need to take the emotions of our people very seriously.
- We will have to develop greater passion and willpower to really make a difference. We will have to name the areas of conflict, face it and engage in the situation.
- At the heart of reconciliation is the matter of spirituality and the reconciliation that has already taken place in Jesus Christ.
- We will have to grow in integrity.
- We will have to define a common cause for all our people and enhance the principle of interpathy.

5.4 On restorative justice we want to propose the following practical measures

- Some initial successful examples which could be a model for future actions.
- Cooperate with URCSA in the important 5 year strategic plan of URCSA. We believe that this plan could give us entry points into the restorative justice process.
- To conduct a property audit.
- To propose and undertake some concrete actions.

5.5 We firmly believe that any process of restorative justice and reconciliation must be guarded and guided by good stewardship, discipline, work ethic and healthy moral values.

5.6 We believe that essential to restorative justice and reconciliation is a need for a change of heart and attitude. This will only be possible if we engage with one another and are guided by the overwhelming power of the Holy Spirit.

6. Conclusion

6.1 We believe that this process should be accompanied by a specific and focused process that creates safe spaces for listening to God and one another and spiritual discernment on how we need to address all the challenges facing us on this journey and acknowledging our different experiences and stories.

6.2 In the spirit of this covenant, we agree to encourage agreements on different levels of the church that will embody this new unity.

We do this in obedience and dependence in Jesus Christ who is the Lord of the church.

Signed in Kempton Park on this 10th day of April 2013 by:
Dr M-A Plaatjies van Huffel (Moderator URCSA)
Signature:.....
Rev MG Betha (Assessor URCSA)
Signature:.....
Dr DA Kuyler (Scribe URCSA)
Signature:.....
Dr LJ Modise: (Actuarius URCSA)
Signature:.....
On behalf of the Uniting Reformed Church in Southern Africa (URCSA) who hereby declares that he/she has been duly empowered and mandated by the URCSA to accept and sign this document on behalf of the
URCSA.
166
Prof CJP Niemandt (Moderator DRC)
Signature:.....
Dr AR Hanekom (Assessor DRC)
Signature:.....
Dr JH Ernst (Actuarius DRC)
Signature:.....
Dr JJ Gerber (General Secretary DRC)
Signature:.....
On behalf of the Dutch Reformed Church (DRC) who hereby declares that he/she has been duly empowered and mandated by the DRC to accept and sign this document on behalf of the DRC

3. VERSLAG TAAKSPAN EKUMENE

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,

Die kommissie doen soos volg verslag van sy werksaamhede:

1. PERSONEEL EN VERGADERINGS

Die taakspan ekumene is saamgestel uit ds. BJP Booysen, ds.JZ Joubert, ds. JW Myburgh, ds JA van Schalkwyk en ds. JPL Mostert.

2. LAATBESKRYWINGSPUNT ARTIKEL 1 (RING VAN GRIEKWASTAD)

Besluit sinode 2014

Die sinode besluit dat

1. Laatbeskrywingspunt (*Ring van Griekwastad*) Artikel 1 verwys word na die buitengewone sinodesitting.

*Die sinode **BESLUIT** dat bogenoemde aanbeveling na die **taakspan sinodebeplanning** en **taakspan ekumene** verwys word.*

Sien Addendumverslag van die taakspan sinodebeplanning, bladsye 204

Die sinode besluit

1. *om sy oortuiging uit te spreek, naamlik dat die Belydenis van Belhar 'n belydenis van die VGKSA is en dat hy dit as sodanig erken en respekteer.*
2. *om die feit te betreur dat die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde van die NG Kerk klaarblyklike resultaat is van eensydige gesprek tussen verteenwoordigers van die NG Kerk en die VGKSA, met uitsluiting van die NGKA en die RCA.*
3. *dat die opsionaliteit wat in die voorstel ingebou is, in beginsel onaanvaarbaar is, aangesien Gereformeerde Kerke konsensus rondom die Woord moet soek en bly soek totdat onderlinge oortuiging gevind word.*
4. *om die voorgestelde wysiging na die algemene sinode terug te verwys vir herbesinning wat gesprekke tussen die vier lede van die NG Kerk familie sal insluit. Moontlike gesprekstema's: Skriftuurlikheid, noodsaaklikheid, status en implikasies van die Belhar Belydenis. Vanuit hierdie konsensus word deelnemende kerke versoek om hul besluite in eie reg te neem.*

2.1 Uitvoering

Die ring van Griekwastad het terugvoer aan die taakspan ekumene gegee dat die sinode kennis kan neem van die beskrywingspunt van die ring van Griekwastad.

AANBEVELING
Die sinode besluit om kennis te neem van die beskrywingspunt van die ring van Griekwastad.

3. VOORGESTELDE WYSIGING VAN ARTIKEL 1

Besluit sinode 2014

Die sinode besluit

1. *dat die sinode hom verbind tot die proses van kerkhereniging. Die sinode verbind hom tot eenheidsinisiatiewe met die hele gereformeerde familie van kerke.*
2. *dat gemeentes opgeroep word na 'n buitengewone sinodesitting in verband met die voorgestelde wysiging van artikel 1.*
3. *dat gemeentes van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika Phororo, Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo en die gemeente van die Reformed Church in Africa Pearl hartlik na genoemde sinodesitting uitgenooi word ten einde die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland te bedien met hulle kennis en insig en oortuigings rakende die proses van kerkhereniging in die NG Kerkfamilie*
4. *om alle kostes vir die gesprek te dra.*
5. *dat punt 12: Taakspan ekumene, aanbeveling punt 2 tot punt 5 (bladsy 21 Agenda) verwys word na die buitengewone sinodesitting:*
   2. *die sinode die volgende goedkeur:*
      a. *proses ten opsigte van die voorgestelde wysiging van Artikel 1, soos voorgestel deur die moderamen van die Algemene Sinode*

         "1. BESLUIT ALGEMENE SINODE 2013

         4 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die kerkverband te lei in die besluitnemingsproses oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 deur in oorleg met die onderskeie Sinodes 'n roetekaart en tydraamwerk vir die aanvang, verloop en afhandeling van die proses te bepaal."
      b. *konsepstembriewe, naamlik*
         - *Bylaag 2a - Konsepstembrief Belydende Lidmate aangeheg as Aanhangsel 2a*
         - *Bylaag 2b - Konsepstembrief Kerkraadslede aangeheg as Aanhangsel 2b*

- *Bylaag 2c - Konsepstembrief Afgevaardigdes na Sinodes aangeheg as Bylae 2c*

3. *die dokumentasie oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1, wat vanaf die moderamen van die algemene sinode ontvang is, aan kerkrade en gemeentes deurgegee word om na goeddunke mee te handel.*
4. *kerkrade en ringe voor 1 Junie 2015 terugvoer aan die sinodale kerkordekommissie gee. Die sinodale kerkordekommissie in samewerking met die taakspan ekumene stuur die uitslag voor 1 Augustus 2015 na die kantoor van die algemene sinode.*
5. *die sinode in Noord-Kaapland oorgaan tot stemming oor die voorgestelde wysiging van artikel 1.*

Terugvoer tafelgesprekke sinode 2014: Voorgestelde wysiging van artikel 1 *(Sien Notule, bladsy 224-227) is aangeheg as* ***Bylae 1***

Temas wat na vore gekom het uit die tafelgesprekke tydens die sinode 2014: Voorgestelde wysiging van Artikel 1 *(Sien Notule, bladsy 224-227) is aangeheg as* ***Bylae 2***

1. Ontstaan van die Belydenis van Belhar

Die destydse NG Sending Kerk het in 1986 besluit om die Belydenis van Belhar deel van die belydenisgrondslag van die NGSK te maak. In Suid Afrika het daar sedertdien verskeie individue, groepe en sinodes te kenne gegee dat hulle graag die Belydenis van Belhar as 'n belydenisskrif wil onderskryf. Die afgelope 4 jaar het 77% van alle teologiese studente wat gelegitimeer word in die NG Kerk ook die Belydenis van Belhar onderteken. Die sinodes van Wes en Oos-Kaap het ook besluite geneem waardeur hulle die Belydenis van Belhar wil "omarm."

2. Algemene Sinode van 2011.

Die Algemene Sinode van 2011 het die volgende besluit geneem: "Die sinode besluit om die Belydenis van Belhar deel van die belydenisgrondslag van die Ned Geref. Kerk te maak dra dit aan die moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse in plek te kry."

Nadat die besluit geneem is het daar uit verskeie oorde vele besware ingestroom teen die besluit van die Algemene Sinode. Die besware was van so 'n omvang dat die ASM besluit het om die proses nie dadelik verder te voer nie, maar om die besluit terug te neem na die Algemene Sinode van 2013.

Dit is onmoontlik om in hierdie verslag na al die besware te verwys. Van die grootste besware was dat mense se gewetens gebind word deur 'n belydenisskrif. In die NG Kerk is die belydenisskrifte van die NG Kerk bindend op alle lidmate omdat die belydenisskrif ooreenstem met die Woord van God. Dit was duidelik dat om die Belydenis van Belhar op lidmate af te dwing groot verdeeldheid sou veroorsaak.

3. Algemene Sinode 2013.

Die Algemene Sinode van 2013 het die volgende besluit ten opsigte van Kerkorde Artikel 1 geneem.

Kerkorde Artikel 1

1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.

2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in

2.1.1 die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en

2.1.2 die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.

3 Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.

4 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die kerkverband te lei in die besluitnemingsproses oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 deur in oorleg met die onderskeie Sinodes 'n roetekaart en tydraamwerk vir die aanvang, verloop en afhandeling van die proses te bepaal.

5 Die Algemene Sinode ontvang die materiaal en studiestukke met die oog op die Belydenis van Belhar vir gebruik in die kerkverband.

6 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op lidmate en vergaderinge om hierdie proses van besluitneming in 'n gees van gebed, onderskeiding van die wil van God, en in wedersydse respek en liefde te onderneem.

Onderstaande dokumente bevat die volle besonderhede.

- ***Kommunikasie aan sinodes oor die prosesse tov die wysiging van Artikel 1*** is aangeheg as ***Bylae 3***
- ***Bylaag 1 - Reglement 24*** is aangeheg as ***Aanhangsel 1***
- ***Bylaag 2a - Konsepstembrief Belydende Lidmate*** is aangeheg as ***Aanhangsel 2a***
- ***Bylaag 2b - Konsepstembrief Kerkraadslede*** is aangeheg as ***Aanhangsel 2b***
- ***Bylaag 2c - Konsepstembrief Afgevaardigdes na Sinodes*** is aangeheg as ***Aanhangsel 2c***
- ***Bylaag 3 – Ringsmonitering*** is aangeheg as ***Aanhangsel 3***
- ***Bylaag 4 - Gereedskapkis en materiaal*** is aangeheg as ***Aanhangsel 4***

4. Verbintenis aan die kerkverband.

Die NG Kerk in Noord-Kaapland is deur sy afgevaardigdes by die Algemene Sinodes van 2011 en 2013 daartoe verbind om die proses soos bepaal deur die kerkorde artikels sy verloop te laat neem. Die proses word in Kerkorde Artikel 44 en Bepaling 24 duidelik uitgespel. Ons het met die ander sinodes ooreengekom om die proses af te handel en nie om noodwendig die artikel goed die keur nie. Die goedkeur van die artikel al dan nie moet deur die sinodes en kerkrade gedoen word soos bepaal deur die kerkorde.

5. Rasioneel vir die wysiging van Kerkorde Artikel 1.

Daar is lidmate in die NG Kerk wat graag die Belydenis van Belhar as 'n belydenis wil onderskryf. Dit is egter nie vir hulle moontlik nie, aangesien die NG Kerk nie die Belydenis van Belhar as 'n belydenisskrif aanvaar het nie.

Daar is ook lidmate binne die NG Kerk wat nie bereid is om die Belydenis van Belhar as 'n belydenisskrif te onderskryf nie. (Ons as taakspan se opdrag was nie om enige van die twee groepe se motiewe en redes te ondersoek of daaroor 'n uitspraak te lewer nie.)

Die nuwe Kerkorde Artikel 1 moet gesien word as 'n konsensus voorstel. Die artikel wil aan lidmate wat Belhar wil onderskryf die ruimte bied om dit wel te doen. Die artikel is 'n poging om vir mekaar ruimte te maak binne die NG Kerk.

Die artikel poog om ewe eens aan lidmate wat nie die belydenis wil onderskryf nie die ruimte te laat om dit nie te doen nie. Die artikel poog om op die wyse die eenheid van die kerk te bewaar en kerkskeuring te voorkom. Sinodes en kerkrade moet besluit oor die belydenisgrondslag van die kerk.

Indien die nuwe voorgestelde Kerkorde Artikel 1 deur al 10 streeksinodes met 'n tweederde meerderheid goedgekeur word en indien twee-derdes van alle kerkrade in die land en Namibië met 'n tweederde meerderheid die nuwe Artikel 1 goedkeur beteken dit dat die Belydenis van Belhar deel uitmaak van die belydenisgrondslag van die NG. Kerk en kan lidmate en vergaderinge wat die belydenis as 'n belydenisskrif wil aanvaar dit doen. Lidmate wat die Belydenis van Belhar nie wil aanvaar as 'n belydenis nie se gewete word nie gebind deur die artikel nie en die belydenis is nie op hulle afdwingbaar nie.

Indien die nuwe voorgestelde Artikel 1 nie die vereiste tweederde meerderheid beginsel verkry nie, beteken dit dat die Belydenis van Belhar steeds nie deel uitmaak van die belydenisgrondslag van die NG Kerk nie en sal lidmate wat die belydenis as 'n belydenisskrif wil onderskryf dit nie kan doen nie.

Die ander belydenisse soos in 2.1 genoem is bind wel lidmate se gewete.

AANBEVELING

Die sinode besluit dat

1. **aan ds. BJP Booysen (voorsitter taakspan ekumene) geleentheid gegee word om die sinode toe te lig oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1**
2. **die sinode die volgende goedkeur:**
   a. <u>proses</u> ten opsigte van die voorgestelde wysiging van Artikel 1, soos voorgestel deur die moderamen van die Algemene Sinode
   "1. BESLUIT ALGEMENE SINODE 2013
   4 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die kerkverband te lei in die besluitnemingsproses oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 deur in oorleg met die onderskeie Sinodes 'n roetekaart en tydraamwerk vir die aanvang, verloop en afhandeling van die proses te bepaal."
   b. <u>konsepstembriewe</u>, naamlik
   - ***Bylaag 2a - Konsepstembrief Belydende Lidmate* aangeheg as *Aanhangsel 2a***
   - ***Bylaag 2b - Konsepstembrief Kerkraadslede* aangeheg as *Aanhangsel 2b***
   - ***Bylaag 2c - Konsepstembrief Afgevaardigdes na Sinodes* aangeheg as *Bylae 2c***
3. **die dokumentasie oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1, wat vanaf die moderamen van die algemene sinode ontvang is, aan kerkrade en gemeentes deurgegee word om na goeddunke mee te handel.**
4. **kerkrade en ringe voor 1 Junie 2015 terugvoer aan die sinodale kerkordekommissie gee. Die sinodale kerkordekommissie in samewerking met die taakspan ekumene stuur die uitslag voor 1 Augustus 2015 na die kantoor van die algemene sinode.**
5. **die sinode in Noord-Kaapland oorgaan tot stemming oor die voorgestelde wysiging van artikel 1.**

4. SLOT

Die kommissie vertrou dat hy sy opdrag uitgevoer het.

5. LEDE VAN DIE KOMMISSIE

Ds. BJP Booysen
Ds. JZ Joubert
Ds. JW Myburgh
Ds. JA van Schalkwyk
Ds JPL Mostert (predikant in sinodale diens)

BYLAE 1

TERUGVOER TAFELGESPREKKE SINODE 2014: VOORGESTELDE WYSIGING VAN ARTIKEL 1

Vraag
Waarom behoort die sinode in Noord-Kaapland die voorgestelde Kerkorde artikel 1 te aanvaar of te verwerp?

Tafel 1

Sedert Belhar op die tafel is, kry eenheid pak slae. Met Belhar beweeg ons verder weg van NGKA en RCA.

Artikel 1.3 is kompromisvoorstel wat agterdeur oophou.

'n Belydenisskrif kan net aanvaar word of nie aanvaar word nie – geen eie keuse is aanvaarbaar nie.

Of ons Belhar aanvaar of nie, kerk gaan in elke geval skeur.

Die proses wat gevolg word, is druk van bo, nie besluit onder leiding van Heilige Gees.

Ons kan nie belydenisskrif aanvaar omdat dit voorwaarde is vir eenheid nie.

Tafel 2

Artikel 1 met Belhar behoort verwerp te word aangesien dit 'n opsionele belydenis is.

Belhar mag nie voorwaarde wees vir hereniging nie.

Artikel 1 op die tafel om Belhar aanvaar te kry is onaanvaarbaar.

Vraag of Belhar 'n belydenis is en of dit nie net 'n verklaring van 'n sekere rolspeler in die proses is nie.

Tafel 2 vra uitdruklik waar is NGKA en RCA volgens hulleself.

Die opmerking dat NGKA en RCA deel van die proses is, is vir tafel 2 onaanvaarbaar aangesien dit nie verifieerbaar is nie.

Die aanvaarding van die voorgestelde artikel 1 sal kerkhereniging in die NG Kerk familie belemmer, benadeel en selfs vernietig.

Tafel 3

Die opsionaliteit van Belhar is onaanvaarbaar.

Tafel 4

Dit kom vir ons voor dat as jy nie Belhar aanvaar nie dan is dit nou 'n sonde.

Maar dis nie verkeerd daarom op mense af te dwing nie?

Doen ons dit om die VGK tevrede te stel of wil ons werklik dit as belydenis aanvaar?

Word die proses gestop as dit nie aanvaar word nie?

Kom ons lieg nie vir mekaar nie. Belhar is die voorwaarde vir hereniging.

Word ek nou 'n tweede klas lidmaat as ek nie die belydenisskrif aanvaar nie?

Ons is nie gerus met die aanvaarding van die voorgestelde artikel nie.

Hier sit mense op koppe wat 'n nuwe kerk met Belhar as belydenis wil afdwing en ons moet dit laat gebeur.

As eenheid so belangrik is kom ons vra VGK om Belhar te laat vaar.

Tafel 5

'n Opsionele belydenisskrif gaan mense baie verwar. Self hoe gaan mense belydenis van geloof aflê in twee groepe.

Belhar belydenis is besig om baie gemeentes te skeur.

Daar is 'n belewenis van "mense" wat Belhar baie stoot en glo hulle is reg. Basta met mense wat nie saamstem nie. Hulle kan dan VGK toe gaan waar Belhar aanvaar is.

Wat is volgende... hier is nóg belydenis, sit dit ook by.

Belhar dra baie bagasie, dit is gekontamineer met baie politiek.

Gelowiges moet baie meer missionêr gerig wees. Ons "twis"/stryd rondom 'n nuwe belydenis trek ons aandag af van ons werklike fokus van die oordra en uitleef van die evangelie.

Ons gee ruimte vir gelowiges wat verskil. Sommige voel passievol oor Belhar as belydenis, ander weer het geen gevoel vir Belhar nie.

Belhar is 'n moment van waarheid in die storie van gelowiges in Suid-Afrika.

Belhar is 'n geloofs-eie belydenisskrif; gebou en gevorm uit ons grond. Iets van ons eie identiteit en eie worsteling lê in Belhar.

Tafel 6

Ek stem nie saam dat mense 'n keuse het om 'n belydenis te aanvaar of verwerp nie.

Ek voel nie dis 'n moet om KO Artikel 1 te verander net om skeuring in die kerk te keer nie.

Dit is hartseer dat die aanvaarding van die belydenis van Belhar opsioneel is, sou wou hê dit moet verpligtend wees.

Ek dink die belydenis van Belhar is 'n waardevolle toevoeging. Help ons om sinvol kerk te wees in alle tye, veral nou. Kan die kerk help met baie eietydse sake.

Ons belydenisskrifte is hulpmiddels om ons te help om die Bybel te verstaan. Dit kan as vertrekpunte gebruik word om mense wat verskil ten opsigte van sekere spesifieke punte, ruimte te gee en mekaar te hoor.

Tafel 7

Dit is ’n hoë risiko besluit wat kerkskeuring kan veroorsaak.

Dit gaan oor die pad van eenheid met veral die VGK.

Ons sinode het besluit alle gereformeerde kerke moet deel van eenheid wees?

Tafel 8

Om artikel 1 te wysig gaan chaos veroorsaak en gaan ons geloofwaardigheid in twyfel trek Ons moet konsekwent wees in wat ons sê.

Besig om dinge baie ingewikkeld te maak. Hoekom nog ’n belydenisskrif bysit?

Sommige weier om Belhar te aanvaar Hoekom word Belhar aan apartheid verbind?

NGK moet eerder ons huis in orde kry. Lidmate beter bearbei dat hulle die Here se wil beter verstaan.

Proses om Belhar te aanvaar en in te stem sal nie aanvaar word nie.

Het voorouers dan die land verkeerd tot hier gelei?

Iemand aan tafel sê - Belhar se raklewe is verby – haal “Ds. Jannie Smit” van NG De Bloem aan.

Belhar verloën nagedagtenis van ons voorsate wat kinderlike geloof met die Bybel as riglyn in die land opgebou het.

Ander persoon: Vrede met Belhar, Bybel korrek.

Lidmate word mislei om ja te sê vir voorgestelde wysiging deur ’n gemoedelik motief van om vredesontwil.

Alle belydenisskrifte is nie-afdwingbaar maar Belhar mag nie opsioneel wees nie.

“*Johan van Rensburg*” Belhar, ’n eietydse getuienis maar nie ’n belydenis nie.

As belydenisskrif nie-amptelik aanvaar hoef te word nie, grens dit aan misleiding – word ’n bron van verdeeldheid.

“*Piet Theron – Belhar geweeg*”

Tafel 9

Want die kerk van Jesus Christus is een en ons moet daarheen werk.

Lidmate is moeg en selfs apaties oor die saak van kerkeenheid en Belhar.

Om ruimte te maak sodat ’n spesifieke tydsgebonde probleem (vasgelooptheid?) hanteer kan word.

Want daar is verskille tussen lidmate hieroor wat die potensiaal het om kerkskeuring te veroorsaak.

Daar is genoeg belydenisgrondslag om nie in enige onsekerhede te verval nie – die oorspronklike staan steeds.

Daar is groot onsekerheid/ selfs ongemak met die proses.

Ons stem oor KO artikel 1 en Belhar, maar dit gaan eintlik oor kerkeenheid. Moet ons nie die “pakkie” een volledig maak nie.

Tafel 10

Dit gaan die moontlikheid van eenwording makliker maak.

Ons praat al 30 jaar oor kerkeenheid en om te vorder is Belhar baie belangrik.

Om saam met die VGK te gaan en hulle te aanvaar moet ons Belhar aanvaar.

Belhar is in ooreenstemming met die Bybel.

Dit is uit ’n spesifieke oogpunt geskryf en die situasie het intussen verander.

Is die tyd van Belhar nie al verby nie?

Tafel 11

Kan dit nie bekostig as gelowiges – terug te tree nie.

Tog ook skade aan verhoudings binne gemeentes.

Belhar – niks aardigs in nie. Grondmotief = onseker

Artikel 1 – verander identiteit van die kerk.

Kind van die kerk – glo kerkleiding sal goed besluit.

Wil leer – verskil te veel.

Verhale – hulle belangrik.

Ons identiteit – baie meer in ons gesig as op ander plekke dalk.

Vraag of artikel se aanvaarding regtig die eenheidsgesprek sal bevorder?

Eenheid nie afhanklik van die aanvaarding van Belhar nie.

Moet nie wysig ter wille van:

Skuld
Politieke korrektheid
Tydsgees
In die oë van die wêreld of
Ter wille van gesig-koop nie

aanvaar nie.

Aanvaar ter wille van die Woord en God ons Vader.

Te min inligting

Gaan dit regtig keer dat die kerk skeur?

Aanvaar – nie skuldig nie (Bybel sê so)

Aanvaar nie – gemeentes verskeur kan vir ons ’n belemmernis wees in eenheidsgesprek.

Tafel 12

Belydenis is deel van die belydenisgrondslag van die kerk – kan nie opsioneel wees nie.

Wat is die gevolge as ons dit nie aanvaar nie?

Nog nie goed genoeg met lidmate gehanteer nie.

Kry die idee dat die belydenis van Belhar as stok gebruik word.

Besluit sal seker kerke uitsluit – stap vêrder van eenheid – om een kerk te akkommodeer word verder uitgesluit.

Wat is al die praktiese implikasies van die besluit as dit aanvaar word.

Gaan dit regtig keer dat die kerk verdeel?

Is ’n gewigtige saak wat as gevolg van bogenoemde nie maklik geneem kan word nie.

Tafel 13

Aanvaar – ten spyte van aanvaar mag ons dan verskil

Verwerp – maak deure oop vir ander sake om ook te aanvaar of te verwerp
Swak bewoording – ja = in ooreenstemming met Woord; nee = dis dan teen die Woord
Artikel 2.2 – los ruimte vir baie verwarring en gesprek
Lidmate besluit wat volgens die Woord van God

Tafel 14

Dit is moeilik om te sien dat dit gesond sal wees vir die toekoms om kerke die geleentheid te gee om oor 1 belydenisskrif te kies. Hoekom kan die ander dan ook nie oorgelaat word aan keuse nie? Wie is ons dan?
Ons moet 'n post-modernistiese en modernistiese benadering onderskei. Modernisme soek antwoorde en voorstelle. Post-modernisme soek ruimte na vele verstaan en standpunte.
Ons is gedwing om die Woord van God te verreken in die proses.
Nie net die NGK moet deel wees van die proses nie, maar soveel moontlik insluit. Al die gekonstitueerde kerke moet ook ingesluit word.
Voel nie almal het genoeg ingekoop daarom kan ons nie nou stem nie.

Tafel 15

Aanvaarding of nie, aanvaarding gaan nie 'n wesentlike verskil maak aan saligheid en heil nie – verander nie geloof nie.
Of dit aanvaar of nie aanvaar nie – skeuring is besig om te dreig.
Baie denke ingesit in voorgestelde artikel – maak ruimte – behoort aanvaar te word.
Aanvaarding kan regsimplikasie hê wat problematies is (bv. t.o.v. eiendom)
Opsionaliteit van Belhar is problematies.
Belydenis is kernaspek van 'n kerk – opsionaliteit is problematies.
Die proses kom van "bo" af – dit is nie werklik behoefte van lidmate op die grondvlak nie.
Gaan sit om tafel met FAMILIE en praat weer oor belydenis en werk 'n nuwe belydenis uit.

Tafel 16

Die sinode moet op die stadium hulleself nie uitspreek vir of teen die wysiging van artikel 1 nie.
Ons moet wel geleentheid gee vir debat, sodat ons mekaar (gemeentelede) kan hoor.
Ons moet gemeentes geleentheid gee om hulle eers oor die saak uit te spreek en dan by 'n volgende sinode hoor wat die gemeentes sê en dan 'n besluit neem.
Die risiko is dat ons ons as sinode (vergadering van gemeentes) van gemeentes kan vervreem.
Die doel van 'n belydenisskrif is om uitdrukking aan ons eenheid te bewerkstellig en nie deur sogenaamde "ruimte" verdeeldheid te bevorder of te akkommodeer nie.

Tafel 17

Pasop om van bo besluite op gemeentes en kerkrade af te dwing.
Kan ons nie hierdie "Belhar" uit naam van die belydenis haal nie.

Tafel 18

Ons aanvaar Belhar as in ooreenstemming met die Woord.
Vrees dat Belhar as voorwaarde vir kerkeenheid geld.
Grootste deel van tafel is nie tevrede met wysiging van kerkorde artikel 1 nie.

Tafel 19

Belydenisskrifte is vir baie lidmate nie meer belangrik nie. Selfs nie die formulier van eenheid.
Strukturele eenheid kan weens kerkhereniging nie noodwendig werk en artikel 1 mag dit nie afdwing nie.
Skriftuurlik begelei die Woord ons dat 'n gemeente een moet wees.
Wat los ons vir ons kinders. Hoekom is ons samelewing een, maar in my kerk bou ons mure.
Belhar is uiters relevant vir blankes in Suid-Afrika
Aanvaarding beteken in 'n mate ook erkenning van menswaardigheid van ons VGK broers en susters.
As dit gaan daaroor om kerkskeuring te voorkom moet ons ja sê.

Tafel 20

Ons kan nie anders nie. Ons moet die lig vir die wêreld wees.
Moet aanvaar ter wille van identiteit van die NG Kerk in Suid-Afrika asook sy taak en roeping en gehoorsaamheid aan God se Woord.

Tafel 22

Ons aanvaar artikel 1, want dit is in ooreenstemming met die Woord en ons laat ruimte vir mekaar.
Die Woord bly die belangrikste.
Dat die opsionaliteit sal lei tot "louheid" teenoor byvoorbeeld Gayhuwelike of aborsie ens. hou nie water nie, want dié sake word beoordeel volgens die Woord.

Tafel 23

'n Voorstel is dat die nuwe Art 1 moet stop by 2.2 na "Kerk". Positief met die oog op die nuwe geslag. Kompromie is nie reg nie. D.w.s nie soos voorgestel aanvaar nie. Nie aanvaarbaar soos hy is nie. Die opsionaliteit is nie net lastig nie – dit mag nie.
Die hele tafel verwerp die voorgestelde Artikel 1 op grond van die opsionaliteit.

Tafel 24

Nie opsig self probleem met artikel een, maar elke lidmaat het hul ruimte om self te besluit?
Sou makliker wees om te besluit as ons die lidmate se stem geken het.
Ons stem dat die sinode nie vandag 'n besluit neem nie, maar eers die stem van die gemeente hoor.
Ons sal een pad moet stap.

Ons voel dat ons 'n punt bereik het, waar die belydenisskrifte bo die Bybel, die Woord, gestel word. Daar word so geredekawel oor belydenisskrifte dat ons vergeet wat in die Woord staan.

Moet artikel 1 aanvaar: Ef. 2:5: "*Omdat Jesus Christus nie onderskeid tref nie en omdat dit Sy wil is*."

Aanvaar: Die Woord van die Here lei ons om te besef dat die Woord van God sy regmatige plek moet hê, as die enigste Bron van ons geloof. Die belydenisskrifte is nie bo die Woord.

Aanvaar: Die Woord van Here leer vir ons dat die Kerk van die Here een is en daarom moet ons dit nastreef. Die Woord dryf ons om hierdie eenheid na te streef.

Tafel 25

Ja – Ter wille van eenheid en die insluiting van almal wat dit reeds aanvaar het!

Nee – Kerkeenheid moet geskied deur die werk van die Gees uit die Evangelies en vanaf die kansel! Nie omdat die dokument onderteken is nie! Wanneer gaan die Kerk die gay mense om verskoning vra?

Tafel 26

Gedagtes by ons tafel:

1. Mense beleef dit dat Belhar op ons afgedwing word.
2. Daar word nie eers meer erns gemaak met ons bestaande belydenisskrifte nie.
3. Die eenheid van die kerk is belangrik.
4. Die voorgestelde artikel 1 is vreemd aan die gereformeerde kerk.
5. Dit sal 'n nuwe verdeeldheid skep.

Tafel 27

Indien ons dit verwerp, isoleer die kerk himself van die wêreld – min tot geen invloed.

Ongelukkig verstaan die gemiddelde lidmaat nie wat nou aangaan nie en sukkel om die proses te verstaan. Daar is soveel bagasie gekoppel aan Belhar, kerkhereniging in die lig van vrese wat die samelewing/ politiek induseer.

Tafel 28

Leervryheid tas die identiteit van die Kerk aan. Kerk het roeping om duidelik uit te spel wat die Kerk glo en bely. Lidmate kan nie die vryheid hê om te besluit of aanvaar of nie. Noord-Kaapland kan dit nie aanvaar.

Identiteit v/d Kerk word bepaal: Wie is ons en wat bely ons. Wanneer belydenis relatief word verloor die Kerk sy identiteit. Noord-Kaapland verwerp.

Geen ander rede vir verandering van Art 1 as Belhar. Daaroor gaan dit. Belhar gaan totale identiteit totaal verander. Nie kerkeenheid bring nie, maar verdeeldheid. Belhar is 'n verset dokument – gedryf deur aktiviste. Noord Kaap verwerp.

Belhar was tydsgebonde. Vandag kan ander sake: Plaasmoorde, korrupsie ook 'n verdere volgende belydenis veroorsaak. Sake aan orde in Belhar – Geregtigheid, regverdigheid, onderdrukking ens. word alles in Bybel aan orde gestel. Waarom 'n belydenis daarvoor nodig?

Waarom is dokumente (roadmap ens) net in Engels? Noord-Kaapland verstaan nie Engels!! Noord Kaap kan op geen manier wysiging aanvaar.

Tafel 29

Verstaan almal waaroor dit gaan? Wat is die belydenisskrifte? Waarom het dit die belangrike invloed op ons identiteit?

Wat is Belhar? Skriftuurlik?

Wat is kerkeenheid? Skriftuurlik!

Probeer om Belhar en kerkeenheid van mekaar los te maak.

Kompromie voorstel om skeiding te vermy. Om almal saam te hou.

Visie: Kan eenheid maak dat ons, ons kerk skeur?

Waarom verwerp of aanvaar?

Wag vir die gemeentes.

Tafel 30

Joh 1 : 12+13 sê almal is God se kinders – nie net die armes nie.

Gayhuwelike? Gay? Genadedood?

Die opsionele aard is 'n dilemma – of JA of NEE.

Wat is die belangrikste – Die wysiging van art. 1 of hereniging? Gaan die wysiging nie die hereniging bedreig nie?

Artikel 1 moet gewysig word sonder opsionele band. Jou ja moet jou ja wees!

Tafel 31

As daar niks is wat teen die Bybel is nie dan moet dit aanvaar word. Dit is 'n gewetensaak.

Sommige lidmate het nog tyd nodig.

Aanvaarding is belangrik – ons is op 'n geloofsreis. Al is dit 'n lang reis moet ons op hierdie reis gaan.

Aanvaarding gee groter geleentheid om diensbaar in die wêreld te wees.

Aanvaarding gee vir ons 'n belydenis waarmee ons getuies in die wêreld kan wees.

Tafel 32

Klein plattelandse gemeente (Boeregemeenskap). Alreeds voorheen skeuring ervaar. Kan nie nog 'n skeuring bekostig nie. Alreeds 'n te klein gemeente om 'n voltydse leraar te bekostig. (Tans tentmakerleraar). Stem teen wysiging.

Probleme met die kompromie – voorstel (gedagte). Dit is nie haalbaar nie. Uitgelewer aan menslike keuses. Aanvaar nie huidige voorstel.

Aanvaar die voorstel. Lees Belhar op homself. Vergeet die agtergrond en allerlei bagasie. Belhar is in ooreenstemming met die Woord.

Huidige voorstel is nie die ideaal vir my wat Reg/Verkeerd of Wit/Swart dink nie. Tog die

beste besluit vir die huidige ten einde vorentoe te beweeg.
Onthou: ons stem oor Art. 1 se wysiging en nie oor VIR of TEEN Belhar nie!

Tafel 33

Ons behoort dit te aanvaar omdat ons daardeur die weg open om as NG Kerk familie een te word.
Maar baie sal gedoen moet word om mense in te lig van al die fyn detail en hoe Belhar gelees moet word saam met die huidige belydenisse. Ons behoort 'n openheid te hê vir mense wat nog nie reg is om dit te aanvaar nie. Dus 'n openheid, liefde en deernis is nodig.
Om dit nie te aanvaar nie: Wat van ons ander broers en susters? NG Kerk in Afrika? Ons behoort dit te verwerp omdat dit skeuring gaan bring met die NG Kerk in Afrika. Ons opsie om te aanvaar of nie maak dat alles ons ander belydenisse later ook net halfhartig aanvaar word.
Skryf 'n nuwe belydenis wat ALMAL deel maak dalk is die tyd reg en nodig vir 'n nuwe belydenis.

BYLAE 2

TEMAS WAT NA VORE GEKOM HET UIT DIE TAFELGESPREKKE TYDENS DIE SINODE 2014: VOORGESTELDE WYSIGING VAN ARTIKEL 1

Vraag
Waarom behoort die sinode in Noord-Kaapland die voorgestelde Kerkorde artikel 1 te aanvaar of te verwerp?

Kerkeenheid
Belhar beweeg ons verder weg van NGKA en RCA.
Ons sinode het besluit alle gereformeerde kerke moet deel van eenheid wees?
Kerk van Jesus Christus is een en ons moet daarheen werk.
Verskille tussen lidmate hieroor het die potensiaal om kerkskeuring te veroorsaak.
Aanvaarding van KO Artikel 1 kan kerkskeuring voorkom.
Stem oor KO artikel 1 en Belhar, maar dit gaan eintlik oor kerkeenheid.
Moontlikheid van eenwording word makliker gemaak.
Vraag of artikel se aanvaarding regtig die eenheidsgesprek sal bevorder?

Opsionaliteit van Belharbelydenis
Word gesien as 'n kompromie – onaanvaarbaar.
Aanvaarding van Art 1 hou agterdeur oop.
Leervryheid word bevorder.
Dit tas die identiteit van die Kerk aan.
Moet aanvaar ter wille van identiteit van die NG Kerk in Suid-Afrika.

Identiteit van die kerk in gedrang
Opsionele aanvaarding van Belharbelydenis bedreig kerk se identiteit.

Druk van bo
Word beleef as druk van bo (Sinode)
Proses wat gevolg word, is druk van bo, nie onder leiding van Heilige Gees nie.
Verkeerd om op mense af te dwing.

Voorwaarde is vir eenheid
Mag nie belydenisskrif aanvaar omdat dit voorwaarde is vir eenheid nie.
Belhar is die voorwaarde vir hereniging

Verskuilde agenda
Artikel 1 op die tafel om Belhar aanvaar te kry is onaanvaarbaar.
Kerkhereniging in die lig van vrese wat die samelewing/ politiek induseer.

Aard of karakter van Belhar-belydenis
Is Belhar 'n belydenis of net 'n eietydse verklaring?

Bagasie verbonde aan Belhar
Belhar aan apartheid verbind?
Haal naam "Belhar" uit die belydenis.

Skuld van ons voorouers
Het voorouers dan die land verkeerd tot hier gelei?

Belhar se "raklewe"
Belhar se raklewe is verby.
Belhar is uiters relevant vir blankes in Suid-Afrika.

Verskuilde agendas/verkeerde motiewe
Lidmate word mislei om ja te sê vir voorgestelde wysiging deur 'n gemoedelike motief van om vredesontwil.
Moet nie wysig ter wille van: *Skuld, politieke korrektheid, tydsgees, In die oë van die wêreld of ter wille van gesig-koop nie.*

Bybels korrek en moet aanvaar word
Vrede met Belhar, Bybel korrek.
Ons aanvaar artikel 1, want dit is in ooreenstemming met die Woord.
Aanvaarding of nie, aanvaarding gaan nie 'n wesentlike verskil maak aan saligheid en heil nie – verander nie geloof nie.

Aanvaarding van Art 1 bevry van 'n spesifieke tydsgebonde probleen van vasgelooptheid

Praktiese implikasies
Wat is al die praktiese implikasies van die besluit as dit aanvaar word? - Aanvaarding kan regsimplikasie hê wat problematies is (bv. t.o.v. eiendom).

Nog nie goed genoeg met lidmate gehanteer nie

Leervryheid
Die aanvaarding van Art 1 maak deure oop vir ander sake om ook aanvaar of verwerp te word.

FAMILIE werk saam 'n nuwe belydenis uit
Tyd dalk ryp vir nuwe belydenis wat ALMAL deel.

Ons getuienis
Teenoor ons kinders: Wat los ons vir ons kinders? Hoekom is ons samelewing een, maar in my kerk bou ons mure?
Teenoor VGK: Aanvaarding beteken in 'n mate ook erkenning van menswaardigheid van ons VGK broers en susters.
Teenoor die wêreld: Ons moet die lig vir die wêreld wees.
Aanvaarding gee vir ons 'n belydenis waarmee ons getuies in die wêreld kan wees.
Indien ons dit verwerp, isoleer die kerk homself van die wêreld – min tot geen invloed.
Aanvaarding gee groter geleentheid om diensbaar in die wêreld te wees.

Gehoorsaamheid aan God se Woord en Gees
Die Woord van Here leer vir ons dat die Kerk van die Here een is en daarom moet ons dit nastreef
Dryf agter kerkeenheid moet uit Skrif kom en nie uit die ondertekening van 'n dokument nie.

Ruimte vir mekaar
Ons behoort 'n openheid te hê vir mense wat nog nie reg is om dit te aanvaar nie. Dus 'n openheid, liefde en deernis is nodig.
Post-modernisme soek ruimte na vele verstaan en standpunte

BYLAE 3

KOMMUNIKASIE AAN SINODES OOR DIE PROSESSE TOV DIE WYSIGING VAN ARTIKEL 1

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH
Posbus/PO Box 13528
HATFIELD 0028 SA
Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

4 Junie 2014

Voorsitters en skribas van die moderamens/ sinodale kommissies/ diensrade van die tien sinodes

Beste kollegas

DIE WYSIGING VAN ARTIKEL 1 VAN DIE KERKORDE

Hierdie korrespondensie kom na u na aanleiding van die besluite van die Algemene Sinode 2013 oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde asook die hantering van die betrokke besluite deur die Moderamen met die oog op verdere hantering deur die kerkverband.

Verder geskied hierdie korrespondensie in uitvoering van Reglement 3 pt 10.2: “Indien die Algemene Sinode beleidsbesluite neem wat opgevolg of in die praktyk uitgevoer moet word, werk die Algemene Sinode deur die samestellende sinodes.”

Die Moderamen was eenstemmig ten opsigte van die intensies wat in hierdie korrespondensie weerspieël word en versoek vriendelik dog ernstig dat dit ook in u korrespondensie aan die kerkverband in u sinodale gebied deurgegee sal word.

Aangesien die eerste sinode reeds teen die einde van Julie 2014 vergader, is dit belangrik dat u met die gemeentes in u sinodale gebied kommunikeer oor hoe u proses voorsien word. So 'n kommunikasie hoef nie nou al oor detail te gaan nie: gemeentes moet net weet hulle prosesse is aan die kom wanneer hulle in die pers verneem van prosesse in ander gebiede.

Die volgende word aan u van die kant van die Moderamen deurgegee vir u hantering en kommunikasie:

1. BESLUIT ALGEMENE SINODE 2013
1 Die Algemene Sinode bekragtig die advies van die Algemene Taakspan Regte tov die uitleg en toepassing van die besluit van die Algemene Sinode 2011 oor die Belydenis van Belhar.
2 Die Algemene Sinode keur die wysiging van Artikel 44.1, soos deur die Algemene Sinode 2004 asook al tien die sinodes goedgekeur, sonder verdere verwysing finaal goed.
3 Die Algemene Sinode stel die volgende wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde voor vir voorlegging aan die kerkverband (gemeentes en sinodes), ooreenkomstig Art 44 van die Kerkorde:

Kerkorde Artikel 1 *1 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.* *2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.
3 Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.
4 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die kerkverband te lei in die besluitnemingsproses oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 deur in oorleg met die onderskeie Sinodes 'n roetekaart en tydraamwerk vir die aanvang, verloop en afhandeling van die proses te bepaal.
5 Die Algemene Sinode ontvang die materiaal en studiestukke met die oog op die Belydenis van Belhar vir gebruik in die kerkverband.
6 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op lidmate en vergaderinge om hierdie proses van besluitneming in 'n gees van gebed, onderskeiding van die wil van God, en in wedersydse respek en liefde te onderneem.

2. PROSES WAT DIE MODERAMEN GEVOLG HET

2.1 Die Moderamen het 'n projekspan met verteenwoordigers uit elke sinodale gebied aangewys: Chris van Wyk (voorsitter), Johann Ernst (skriba), Jan Lubbe, Immanuel van Tonder, Nico van Rensburg, Frikkie van der Merwe, Johan van der Merwe, Monty Sahd, Jan Woest, André Bartlett, Bootje Booysen, Nelus Niemandt en Kobus Gerber.
2.2 Die projekspan het die kern van die inhoud van hierdie kommunikasie voorberei. Hulle het die Moderamen adviseer oor die tegniese aspekte van die prosesse in die kerkverband asook oor die begeleidende dokumentasie soos stembriewe.
2.3 Dit wat u sinodale gebied dus nou ontvang, het 'n deeglike proses deurloop waarin al die sinodale gebiede se verteenwoordigers 'n konstruktiewe rol gespeel het.

3. BELANGRIKE PERSPEKTIEWE OOR DIE BESLUIT VAN DIE ALGEMENE SINODE EN DIE PROSES IN DIE KERKVERBAND

Dit is nodig dat die eie aard van die voorstel om Artikel 1 te wysig en die agtergrond waarteen dit geneem is, deeglik gekommunikeer word. Die volgende word onder u aandag gebring:
3.1 Die voorstel vir die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde is 'n *konsensus-voorstel* van die Algemene Sinode.
3.2 Die voorstel gee uitdrukking aan die NG Kerk se standpunt oor die wyse waarop Belhar en ander *eietydse belydenisse in die belydenisgrondslag van die NG Kerk opgeneem kan word* (dit verwoord die NG Kerk se konfessionele identiteit).
3.3 Die voorgestelde nuwe Artikel 1 wil die *vryheid aan/ruimte vir lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge* gee om die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te onderskryf. Die voorgestelde nuwe Artikel 1 wil eweneens aan lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge die vryheid/ruimte gee om nie die Belydenis van Belhar as belydenisskrif te onderskryf nie. Die voorstel skep dus ruimte na beide kante.
3.4 Die voorstel wil die *eenheid dien en verdeeldheid en skeuring ten alle koste voorkom*.
3.5 Die voorstel *neem die diversiteit in konteks weldeeglik in ag* (dit verskil van sinode tot sinode en ook binne sinodes).
3.6 Die voorstel wil *op geen wyse* lidmate, ampsdraers en kerkvergaderinge tot 'n bepaalde standpunt oor Belhar, hetsy ten gunste daarvan of daarteen, *dwing nie* (die keuse daaroor geskied na eie oortuiging en in vryheid).
3.7 Die Algemene Sinode 2013 se besluit oor 'n nuwe Artikel 1 van die Kerkorde is die voorstel wat deur lidmate, kerkrade en sinodes goedgekeur moet word alvorens die Algemene Sinode die wysiging van die huidige Artikel 1 dienooreenkomstig kan bekragtig.
3.8 Dit is belangrik om te kommunikeer *dat die proses oor die wysiging van Art 1 van die Kerkorde gaan en nie oor die Belydenis van Belhar per se nie.*

4. DIE GOEDKEURINGSPROSES

4.1 Uitvoering van Art 44.1 en Reglement 24

Kerkvergaderinge gee tydens die goedkeuringsproses uitvoering aan:
*1 Artikel 44.1 van die Kerkorde (2013): *Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid en twee derdes van alle kerkrade elk met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het.* Die Moderamen oordeel dat die tweederdemeerderheid van kerkrade verstaan en toegepas moet word as twee derdes van alle kerkrade van die gemeentes wat in verband met die NG Kerk as geheel staan.

*2 Die Reglement vir die Prosedure wat Gemeentes volg by die Voorgestelde Wysiging van Belydenis (Reglement 24 Kerkordeboek 2013). Die Reglement word aangeheg as **Aanhangsel 1**.

4.2 Die verloop van die proses
4.2.1 Dit is wenslik dat sinodes éérs hulle eie besluite oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 neem alvorens die kerkrade binne 'n bepaalde sinodale gebied hulle eie besluite daaroor neem. Dit sal help as sinodes, wat by die Algemene Sinode 2013 verteenwoordig was en wie se verteenwoordigers tot die voorstel ingestem het, die gees en inhoud van die voorstel eers na die eie sinode oordra alvorens dit deur die gemeenteverteenwoordigers by die sinode na hulle eie gemeentes uitgedra word.
4.2.2 Kerkrade is kerkordelik verplig om die voorstel aan die lidmate van die gemeente vir hulle instemming voor te lê en hulle finale kerkraadsbesluit in ooreenstemming met die uitslag daarvan te neem.
4.2.3 Die voorstel word vir goedkeuring met 'n tweederdemeerderheid voorgelê en daar word slegs vir of teen die voorstel gestem.
4.2.4 Konsepstembriewe vir onderskeidelik belydende lidmate, kerkraadslede en afgevaardigdes na die sinodes is aangeheg as **Aanhangsel 2a, 2b en 2c**.
4.2.5 Dit is eerstens die persoon wat wil stem se verantwoordelikheid om vooraf seker te maak dat sy/haar lidmaatskap van die gemeente in orde is. Gemeentelede moet vooraf by wyse van die vier weke aankondiging van die gemeentevergadering of andersins gevra word om by die kerkkantoor of skriba van die kerkraad met sekerheid vas te stel of belydende lidmaatskap in die gemeentelike register aangeteken is.
4.2.6 Die ringe moniteer die uitvoering van die proses in die gemeentes van die ring. Minstens twee verteenwoordigers van die ring, wat nie lidmate van die gemeente is nie, woon die twee kerkraadsvergaderinge asook die gemeentevergadering/stemtelling by. Besware teen die uitvoering van die proses word deur ring of sy gevolmagtigde hanteer. Die waarnemers van die ring sertifiseer aan die einde dat daar aan al die kerkordelike vereistes voldoen is (vgl **Aanhangsel 3**). Voltooide stembriewe word deur die ring in bewaring gehou totdat daar vanaf die Algemene Sinode via die Sinode kennisgewing ontvang is dat dit vernietig kan word.
4.2.7 Al word daar in 'n bepaalde sinodale gebied nie die vereiste tweederdemeerderheid behaal nie, gaan die proses in die ander sinodale gebiede steeds voort.

4.3 Kworumvereistes
4.3.1 Die kworum vir kerkvergaderinge (kerkraad en sinode) word in terme van die Kerkorde en sinodale bepalinge/reglemente gereël.
4.3.2 Die kworum vir 'n gemeentevergadering is die aanwesige lede, op voorwaarde dat daar op die voorgeskrewe wyse behoorlik kennis van die gemeentevergadering gegee is.
4.3.3 Wanneer die instemming van lidmate sonder 'n gemeentevergadering persoonlik van die belydende lidmate van die gemeente gekry word, is daar nie 'n kworumvereiste nie. Kworums is vir vergaderings, nie vir individuele stemmings nie. Die uitslag word bepaal deur die stembriewe te tel wat teen die keerdatum terug ontvang is.

4.4 Stemproses
4.4.1 Stemming geskied op die geslote stemwyse. Die voltooide stembrief en die persoon wat dit voltooi het, mag nie met mekaar in verband gebring word nie. Slegs die getal en persentasie ten gunste of teen die voorstel word per gemeente/kerkraad deur die ring bekend gemaak en op die voorgeskrewe vorm aan die sinodale kantoor deurgegee. Sinodes gee by ontvangs die uitslag van die stemming aan die Kantoor van die Algemene Sinode deur.
4.4.2 Sperdatums vir die stemming moet gestel word. Die Moderamen oordeel dat sinodes nie later nie as 15 Mei 2015 hulle besluit neem. Dit laat nog enkele maande vir kerkrade om hulle besluit te neem sou sinodes kies om eers self te besluit en daarna die gemeentes te laat stem. Omrede die Algemene Sinode DV weer in Oktober 2015 vergader, moet die uitslag van die gemeentelike stemming die Algemene Sinode nie later nie as 15 September 2015 bereik nie. Die sinodes of hulle gevolmagtigdes kan dus na goeddunke en met inagneming van die eie omstandighede die sinode se eie stemming en die stemming van die gemeentes in die sinodale gebied reël, op voorwaarde dat daar aan die sperdatums voldoen word. Dit beteken dat daar steeds ruimte gelaat word dat gemeentes eers besluit alvorens die sinode tot 'n besluit kom. Dokumentasie met die oog op die sinodale en gemeentelike stemming word daarom teen einde Mei 2014 aan die sinodes beskikbaar gestel.
4.4.3 Sinodes wat beplan het om hulle volgende gewone sitting eers ná die Algemene Sinode in Oktober 2015 te hou, word gevra om nie later nie as 15 Mei 2015 'n buitengewone vergadering te hou, tensy die gemeentelike stemming eers gehou word. Stem die gemeentes eers, kan daar met die buitengewone vergadering tot die laatste 15 Augustus 2015 gewag word.

4.4.4 Die instemming van lidmate kan op elektroniese stemwyse verkry word, op voorwaarde dat die persoon wat die stembrief indien nie met die stemkeuse verbind kan word nie. Waarskynlik sal daar eers elektronies geregistreer moet word (en die persoon se lidmaatskap gekontroleer moet word), waarop 'n kode en toegang tot 'n spesiale webblad voorsien word, die stembrief daarop voltooi word en dit sonder verwysing na die persoon se naam versend word. Stembriewe kan ook elektronies by wyse van elektroniese verwerking getel word mits die uitslag later kontroleerbaar is. Dit word aan die diskresie van sinodes/kerkrade oorgelaat om hieroor te besluit.
4.4.5 Die uitslag van die stemming kan eers na die gemeentevergadering bekend gemaak word op voorwaarde dat die uitgebragte stemme in veilige bewaring gehou word en slegs oopgemaak en getel mag word in die teenwoordigheid van die ring se waarnemers. Oorweging moet geskenk word om geslote, veilige houers daarvoor te voorsien.

4.5 Geloofwaardigheid van die proses
4.5.1 Die geloofwaardigheid van die proses moet ten alle koste en te alle tye verseker word. Hiervoor sal veral die ringe, wat nie as kerkvergadering aan die stemproses deelneem nie, moet sorg.
4.5.2 Naas die ringe moet die sinodes se regs- of kerkordekommissies gevra word om met die bestuur van die proses behulpsaam te wees. Alles moontlik moet gedoen word om die nadraai van uitgerekte appèlle en regsaksies te voorkom.
4.5.3 Dit is 'n kerklike proses wat op 'n kerklike wyse moet verloop. Gesprek oor die proses en die voorgestelde nuwe Artikel 1 moet binne die Kerk gevoer word. Stemmingmakery in die openbare pers of op die sosiale media moet afgewys word. Lidmate moet vry wees om by wyse van persoonlike korrespondensie navrae te rig en selfs kommer te opper. Dit moet sonder verdagmaking, eerlik en op liefdevolle wyse geskied. Eerbare pogings om verskille uit die weg te probeer ruim, moet aangemoedig word. Die reg om te mag verskil, moet deurentyd gehandhaaf word.
4.5.4 Die beroep van die Algemene Sinode op lidmate en vergaderinge om hierdie proses van besluitneming in ’n gees van gebed, onderskeiding van die wil van God, en in wedersydse respek en liefde te onderneem, moet deurentyd ernstig opgeneem word.

4.6 Tydsraamwerk
4.6.1 Die tydsraamwerk, soos deur die Moderamen vasgestel, is soos volg:
* 31 Maart 2014
Sinodes gee terugvoering aan die projekspan oor watter inligting en steun hulle benodig om die proses vlot te laat verloop.
* 31 Mei 2014
Dokumentasie met die oog op die sinodale en gemeentelike stemming word aan sinodes beskikbaar gestel.
* Junie 2014 tot April 2015
Kerkrade voltooi die proses in gemeentes waar sinodes besluit om eers die kerkrade se besluit te kry alvorens die sinode besluit. Terugvoer vanaf ringe na sinodes nie later nie as 14 dae nadat die stemming in al die gemeentes binne die ringsgebied afgehandel is.
* 15 Mei 2015
Keerdatum vir sinodes om besluit te neem.
* 15 Augustus 2015
Keerdatum vir kerkrade om 'n besluit te neem. Terugvoer vanaf ringe na sinodes nie later nie as 14 dae nadat die verkiesing in al die gemeentes binne die ringsgebied afgehandel is.
* 15 September 2015
Keerdatum vir sinodes om eie besluit en kerkrade se besluite aan die Kantoor van die Algemene Sinode te besorg.
* Oktober 2015
Algemene Sinode vergader.

4.7 BEWOORDING VAN DIE VOORSTEL AAN SINODES EN GEMEENTES
Die bewoording van die voorstel verskyn op die aangehegte voorbeelde van KONSEPSTEMBRIEWE (**Bylaag 2a, 2b en 2c**).

4.8 HULP TEN OPSIGTE VAN DIE PROSESSE IN U GEBIED
4.8.1 Die *lede van die Projekspan* wat met hierdie opdrag gewerk het asook die lede van die Moderatuur van die Algemene Sinode is tot u beskikking met die oog op advies en fasilitering. Kontak asseblief vir drr Kobus Gerber of Chris van Wyk in die verband.
4.8.2 Daar is *oorvloedige materiaal* beskikbaar vir lees en studie. Kyk asseblief **Aanhangsel 4** in die verband.

4.8.3 Daar word verder beplan om 'n spesiale uitgawe van *Kerkbode* aan die saak en gepaardgaande prosesse te wy. Die moontlikheid word ondersoek om dit moontlik te maak dat elke sinodale gebied 'n unieke uitgawe in die verband sal kan uitgee op koste van die sinode. U sal binnekort meer inligting hieroor ontvang.
4.8.4 'n Baie *kort DVD* met insette van 'n wye verskeidenheid rolspelers word gereed gemaak ten einde u met kommunikasie behulpsaam te wees. Inligting hieroor kom ook binnekort.
4.8.5 'n Bondige *Vraag-en-Antwoord-blad* word ook eersdaag aan u voorsien.

4.9 ONS BID VIR U!
Die Moderamen wil u werklik verseker van ons voorbidding. Ons beself terdeë wat die proses van u sal vra. Ons dra u en die gemeentes in u gebied aan die Here op.

Baie dankie by voorbaat vir u noukeurige aandag aan bogenoemde.

Enige navraag is te enige tyd meer as welkom: alles sal in werking gestel word om dit vir u maklik te maak.

Die Here se seën word u toegebid

Vriendelike groete



Dr JJ Gerber
Algemene Sekretaris van die Nederduitse Gereformeerde Kerk

AANHANGSEL 1

REGLEMENT 24

REGLEMENT VIR DIE PROSEDURE WAT GEMEENTES VOLG BY DIE VOORGESTELDE WYSIGING VAN BELYDENIS

1. Die kerkraad lê sy aanbeveling oor die voorstel van die Algemene Sinode oor die wysiging van belydenis eers aan die gemeente voor vir die instemming van die belydende lidmate. Nadat die instemming van twee derdes van die lidmate verkry is, finaliseer die kerkraad sy besluit met tweederdemeerderheid, waarna die finale besluit weer op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente vir approbasie voorgelê word.
2. Die kerkraad besluit om die instemming van die gemeente soos in 1 hierbo genoem, op een van die volgende twee wyses te verkry:
2.1 Die instemming van belydende lidmate word per geslote stembrief verkry tydens 'n gemeentevergadering wat die kerkraad met die belydende lidmate van die gemeente belê het en waarvan daar by die erediens(te) op vier (4) agtereenvolgende Sondae vooraf kennis gegee is van beide die vergaderdatum en die inhoud van die voorstel. By hierdie vergadering is twee waarnemers deur die ring of die ring se gevolmagtigde aangewys, teenwoordig. Die voorsitter en skriba van die kerkraad tree op as voorsitter en skriba van hierdie vergadering.
2.1.1 Lidmate wat 'n wettige verskoning het waarom hulle nie die betrokke gemeentevergadering kan bywoon nie, kan hul stem vooraf per geslote stembrief uitbring. Hierdie stemme word getel nadat die stemming op die gemeentevergadering uitgebring is.
2.2 Die instemming van belydende lidmate word per geslote stembrief verkry wat persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die kerkraad aan elke ongesensureerde belydende lidmaat van die gemeente beskikbaar gestel word. Minstens veertien (14) dae moet na ontvangs toegelaat word vir die inhandiging van die stembrief.
2.2.1 Dit is die lidmaat se verantwoordelikheid om toe te sien dat die voltooide stembrief die kerkkantoor van die gemeente voor of op die sperdatum bereik. Die stemtelling vind plaas in die teenwoordigheid van twee waarnemers deur die ring of die ring se gevolmagtigde aangewys.
3. Die tweederdemeerderheid van die gemeente se instemming word bepaal deur die getal uitgebragte stemme.
4. Die kerkraad stel deurgaans alle pogings in werking om kerkskeuring te voorkom.

AANHANGSEL 2a

KONSEPSTEMBRIEF

AMPTELIK STEMBRIEF VIR BELYDENDE LIDMATE

VAN DIE GEMEENTE _____ (Naam van gemeente)
SINODE _____ (Naam van sinode)

Huidige Artikel 1
Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

Voorgestelde Nuwe Artikel 1
1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.
3. Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.

Die Kerkraad van die Gemeente het tydens 'n kerkraadsvergadering gehou op …….. besluit om die instemming van die Gemeente te verkry vir die Kerkraad se voorstel dat die nuwe Artikel 1 van die *Kerkorde* by die volgende kerkraadsvergadering goedgekeur word/nie goedgekeur word nie.

VRAAG
Verleen u as belydende lidmaat van die Gemeente u instemming met die voorstel van die Kerkraad?
[Merk met 'n kruisie (X) in die blok van u keuse]

JA ☐ **NEE** ☐

---------- Skeur af ----------

Voorname en Van: _____ **ID Nommer**: _____

AANHANGSEL 2b

KONSEPSTEMBRIEF

AMPTELIK STEMBRIEF VIR KERKRAADSLEDE

VAN DIE GEMEENTE _____ (Naam van gemeente)
SINODE _____ (Naam van sinode)

Huidige Artikel 1
Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

Voorgestelde Nuwe Artikel 1
1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so 'n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as 'n belydenisskrif onderskryf nie.
3. Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.

VRAAG
Verleen u as Kerkraadslid van die gemeente u instemming met die voorstel van die Algemene Sinode vir die wysiging van Artikel 1?

[Merk met 'n kruisie (X) in die blok van u keuse]

JA ☐ **NEE** ☐

---------- Skeur af ----------

Voorname en Van: _____

AANHANGSEL 2c

KONSEPSTEMBRIEF

AMPTELIK STEMBRIEF VIR AFGEVAARDIGDES NA DIE VERGADERING VAN DIE

SINODE _____ (Naam van sinode)

Huidige Artikel 1
Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

Voorgestelde Nuwe Artikel 1
1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
2.1 Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, word verwoord in die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius; en die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
2.2 Die Belydenis van Belhar is deel van die belydenisgrondslag van die Kerk, op so ’n wyse dat daar ruimte is vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit as in ooreenstemming met die Woord van God bely, sowel as vir lidmate, ampsdraers en vergaderinge wat dit nie as ’n belydenisskrif onderskryf nie.
3. Die Kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat ’n uitbreiding van haar belydenisgrondslag sonder dwang geskied.

VRAAG
Verleen u as afgevaardigde na die vergadering van die Sinode u instemming met die voorstel van die Algemene Sinode vir die wysiging van Artikel 1?

[Merk met ‘n kruisie (X) in die blok van u keuse]

JA ☐ **NEE** ☐

---------- Skeur af ----------

Voorname en Van: _____

AANHANGSEL 3

RINGSMONITERING

VOORGESTELDE WYSIGING: ARTIKEL 1 VAN DIE KERKORDE

GEMEENTE _____
RING VAN _____
SINODE _____

Die Ring/Ring se gevolmagtigde het die ondergetekendes in terme van die *Reglement vir die Prosedure wat Gemeentes volg by die voorgestelde Wysiging van Belydenis* aangewys om die stemmingsproses in bostaande gemeente te moniteer. Die ondergetekendes bevestig hiermee aan die Sinode en die Algemene Sinode die volgende:

1. Die Kerkraad het op wettige wyse vergader en *besluit* om die instemming van die Gemeente te verkry vir die Kerkraad se voorstel dat die nuwe Artikel 1 van die *Kerkorde* by die volgende kerkraadsvergadering goedgekeur word/nie goedgekeur word nie *(skrap wat nie van toepassing is nie).*
2. Die Kerkraad het die instemming vir sy *besluit* per geslote stembrief verkry tydens ‘n gemeentevergadering waarvan daar by die erediens(te) op vier agtereenvolgende Sondae vooraf kennis gegee is van beide die vergaderdatum en die inhoud van die voorstel/per geslote stembrief wat persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die Kerkraad aan elke belydende lidmaat van die Gemeente beskikbaar gestel het en waarvoor minstens veertien dae na ontvangs toegelaat is vir die inhandiging van die stembrief *(skrap wat nie van toepassing is nie).*
3. Die stemming het op ordelike en geslote wyse plaasgevind en die Ring se verteenwoordigers was teenwoordig toe die stemme getel is.
4. Die instemming van twee derdes van die lidmate wat hulle stemme uitgebring het vir die Kerkraad se voorstel is verkry/nie verkry nie *(skrap wat nie van toepassing is nie).*
5. Die Kerkraad het sy besluit met ‘n tweederdemeerderheidstem gefinaliseer, naamlik: “Die Kerkraad besluit om die voorgestelde nuwe Artikel 1 van die *Kerkorde* goed te keur/nie goed te keur nie” *(skrap wat nie van toepassing is nie)* (laasgenoemde is van toepassing indien ‘n tweederdemeerderheid nie van die Gemeente én die Kerkraad verkry kon word nie).
6. Die finale besluit van die Kerkraad is op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente vir approbasie voorgelê en geen besware is ontvang nie/besware wat ontvang is, is op kerkordelike wyse uit die weg geruim *(skrap wat nie van toepassing is nie).*

Handtekening: _____ _____

Volle name: _____ _____

Datum: _____ _____

AANHANGSEL 4

GEREEDSKAPSKIS MET MATERIAAL MDO OP DIE BELYDENIS VAN BELHAR

1. TOEGANKLIKE WEBWERF
Die webwerf www.belydenisvanbelhar.co.za bevat alle materiaal in hierdie bylaag genoem asook kortfilms en ander oudiovisuele materiaal. Dit is meer as 'n gereedskapkis: dit is 'n skatkis!

2. CD EN BOEKIES BY BYBELMEDIA BESKIKBAAR
Die "gereedskapskis" en boekies wat tydens die Algemene Sinode 2013 bekendgestel en beskikbaar gestel is, is by Bybelmedia bekikbaar. Kontak hulle gerus.

3. ENKELE BELANGRIKE ITEMS BESKIKBAAR

3.1 Die Belydenis van Belhar en die Begeleidende Brief
Die Begeleidende Brief by die Belydenis van Belhar word altyd saam met die belydenis gelees. Dit is op die CD en die webtuiste beskikbaar.

3.2 Hulpmiddels vir gesprekvoering in sinodes, kerkrade en kleingroepe
Daar is twee boekies beskikbaar wat gebruik kan word. Beide is in Afrikaans en Engels beskikbaar:
3.2.1 *Belydenis van Belhar – in gesprek met mekaar*
Die eerste boek is vir sinodes, kerkrade en gemeentes gemik op 'n grootgroep-gesprek. Dit is ook in Engels beskikbaar. Daar is ook 3 kortfilms om terselfdertyd te gebruik.
3.2.2 *Leef Belhar*
Die tweede boek is vir kleingroepe wat met ander lede van die NG Kerkfamilie vir 5 weke op reis wil gaan om saam te leer hoe om met Belhar te leef. Die boekie is ook in Engels beskikbaar as Living Belhar.

3.3 Taakspanbydraes
Belydenisvorming is iets seldsaam. So is die Belharbelydenis die eerste nuwe belydenis in die kerke van Nederlandse oorsprong sedert 1618-19 toe ons huidige drie belydenisskrifte in 'n wyer kring aanvaar is. 'n Belydenis ontstaan wanneer die kerk die waarheid opnuut moet uitwys en artikuleer. Dit doen sy dmv 'n belydenis.

Belydenisdokumente was in die geskiedenis van beslissende belang in Gereformeerde kerke se pogings om telkens weer uitdrukking te gee aan hul eie verstaan van die evangelie vir hulle spesifieke tyd en omstandighede.

Die taakspan vir die Belydenis van Belhar het verskeie bydraes ontvang om hulle te help om hieroor na te dink. Omdat dit verskillende perspektiewe verteenwoordig, plaas ons dit onveranderd ter wille van gesprekvoering.

3.3.1 *Die Belydenis van Belhar in ons stukkende wêreld*
Die Belydenis van Belhar het binne 'n stukkende Suid Afrika ontstaan uit die harte van mense wat stukkend was. Dit spreek die toestand van ons land aan in terme van eenheid, versoening en geregtigheid. Leraars, kerkrade, gemeentes, ringe en sinodes word daarom gevra om die Belydenis van Belhar ernstig te bestudeer saam met die Woord sodat die kerk saam kan praat oor wat die kerk te sê het in 'n tyd soos hierdie.

3.3.2 *Belydenisvorming en die Belydenis van Belhar*
In hierdie dokument word vanuit die hoek van die unieke aard van belydenisvorming gekyk na die groter historiese aanloop tot die Belydenis van Belhar. Die inhoud daarvan word aan die Skrif, die ander belydenisskrifte asook Kerk en Samelewing gemeet. 'n Sterk saak word uitgemaak daarvoor dat Belhar nie Bevrydingsteologie is nie, maar Gereformeerde teologie wat die sola gratia van die regverdigingsleer konsekwent wil deurdink en deurleef tot 'n etiek van barmhartigheid, spesifiek binne die konteks van die geregtigheidsvraag.

3.3.3 *Belhar as ons gesamentlike belydenis vir vandag*
Hierdie dokument brei uitvoerig uit oor die Storie van Belhar (ontstaan, inhoud en ontvangs), Belhar en die Bybel (uitleg van die inhoud van die 5 artikels), agt algemene Vrae en Antwoorde en 'n positiewe evaluering van Belhar as ons gesamentlike belydenis vandag, nie net nodig vir nou nie, maar vir alle tye. Onreg en vyandskap, magsug en hebsug, is immers inherent deel van alle kontekste en latent aanwesig in die psige van alle volkere, nasies en lande. Hoe meer Christene hulle met hierdie belydenis as relevante kontekstuele uitdrukking van die Evangelie van Jesus Christus kan vereenselwig, soveel te meer sal daar hoop wees vir vreedsame naasbestaan – hoop vir alle mense.

3.4 Akademiese bydraes
Daar is heelwat akademiese bydraes die afgelope jare gepubliseer, weereens met verskillende perspektiewe. Dit is ook op die CD en die webtuiste geplaas ter wille van gesprekvoering. Daar altesaam meer as 70 bronne wat gebruik kan word!

Die volgende is enkele van die belangrikste:

1. **Belydenis, kerkverband en Belhar** - PJ Strauss NGTT DEEL 46 NOMMERS 3 & 4 SEPTEMBER & DESEMBER 2005
2. **The history of Belhar** - JC Adonis NGTT DEEL 47 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2006
3. **Barmen to Belhar – A contemporary confessing journey** - HR Botman NGTT DEEL 47 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2006
4. **Oor die teologiese inhoud van die Belydenis van Belhar** - DJ Smit 'n BLIK OP EENHEID, VERSOENING EN GEREGTIGHEID 1986 EN 2011 - Departemente Ekklesiologie en Dogmatiek, Fakulteit Teologie, Universiteit Vrystaat 2011
5. **Historical overview of the Barmen Theological Declaration of 1934** - W Krötke NGTT DEEL 47 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2006
6. **Barmen and Belhar in conversation – a German perspective** - W Krötke NGTT DEEL 47 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2006
7. **Can justice be embodied in sexist language? A challenge to the Confession of Belhar** - C Landman NGTT DEEL 47 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2006
8. **Barmen and Belhar in conversation – a South African perspective** - DJ SMit NGTT DEEL 47 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2006
9. **Die Ou Testament en die Belydenis van Belhar (1986)** - SD Snyman NGTT DEEL 47 NOMMERS 3 & 4 SEPTEMBER & DESEMBER 2006
10. **Reconciliation and the Confession of Belhar (1986). Some challenges for the Uniting Reformed Church in Southern Africa** - NN Koopman NGTT DEEL 48 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2007
11. **On violence, the Belhar Confession and human dignity** - N Koopman NGTT Deel 49 Nommers 3 & 4 SEPTEMBER en DESEMBER 2008
12. **Was the Belhar Confession a rejection of Modern Protestant Theology? Invoking the past as a shield for the future** - RS Tshaka NGTT DEEL 48 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2007
13. **On not abandoning church theology: Dirk Smit on church and politics** - SM De Gruchy NGTT DEEL 48 NOMMERS 1 & 2 MAART & JUNIE 2007
14. **Eenheid in die NG Kerkfamilie: 'n kerkhistories-kerkregtelike benadering** - PJ Strauss NGTT DEEL 48 NOMMERS 3 & 4 SEPTEMBER & DESEMBER 2007
15. **Bevry om te bely en te beliggaam 'n Ekklesiologiese besinning oor die kerkorde van die VGKSA** - LB van Rooi NGTT DEEL 48 NOMMERS 3 & 4 SEPTEMBER & DESEMBER 2007 Liberated to Confess and Embody. An Ecclesiological reflection of the church order of the URCSA.
16. **Die missionêre waarde van Belhar en die NG Kerk-familie se herenigingsgesprek** - De Beer, JM & Van Niekerk, AS NGTT Deel 50 Nommers 1 & 2 MAART en JUNIE 2009
17. **Kerkbegrip, Belydenis en Kerkorde in die Kerkherenigingproses van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika -** HJ Kleynhans – Opsomming (D Th 2009)
18. **Die veranderende wêreld in die NG Kerk** - Dr Hannes Shulz
19. **DIE KONSEP-BELYDENIS VAN DIE NED. GEREF. SENDINGKERK** - W D Jonker

3. ADDENDUMVERSLAG VAN DIE TAAKSPAN SINODEBEPLANNING

1. VERSOEK NED. GEREF. KERK KIMBERLEY

Kerkorde sinode in Noord-Kaapland 2014

Reglement van orde

6.4 Lidmate mag hulle by wyse van versoekskrif tot 'n vergadering wend.

Die taakspan sinodebeplanning het 'n versoekskrif ontvang nadat die agenda saamgestel en gedruk is, nl.

1. Versoek van die kerkraad van die Ned. Geref. Kerk Kimberley aan die afgevaardigdes na die buitengewone sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 (*Bylae 1*)

AANBEVELING
Die sinode besluit

1. **die versoek van die kerkraad van die Ned. Geref. Kerk Kimberley aan die afgevaardigdes na die buitengewone sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 (*Bylae 1*) beskikbaar gestel word.**

BYLAE 1

VERSOEK VAN DIE KERKRAAD VAN DIE NED. GEREF. KERK KIMBERLEY AAN DIE AFGEVAARDIGDES NA DIE BUITENGEWONE SINODE VAN DIE NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND OOR DIE VOORGESTELDE WYSIGING VAN ARTIKEL 1

Broers en Susters

Die Kerkraad van die Ned. Geref. Kerk Kimberley groet u in die Naam van Jesus Christus, die Koning van die Kerk.

Die Kerkraad het tydens sy gewone vergadering op Sondag 1 Maart 2015 besluit om u te versoek u om, in u beraadslagings en besluitneming oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde, ag te slaan op op die volgende sake waarvan die Kerkraad kennis geneem het en die gevolgtrekkings waartoe hy gekom het in sy eie oorweging van die voorgestelde wysiging:

Hoewel die Belydenis van Belhar nie tydens die buitengewone vergadering van 9-10 Maart direk op die tafel van die sinode is nie, vorm dit die oorsaak vir die voorgestelde wysiging van Artikel 1. Daarom het die Kerkraad op die volgende gelet:

Die Belydenis van Belhar (BB) is gebore as "'n kreet uit die hart" teen 'n onhoudbare politieke stelsel en moet as sodanig erken en waardeer word. Sonder dat dit vermeld word, het dit waarskynlik 'n belangrike rol gespeel in die Ned. Geref. Kerk se eie verklaring: Kerk en Samelewing in 1986 (hersien in 1990) waarin en waarmee die Ned. Geref. Kerk amptelik en finaal afskeid van apartheid geneem het, al het dit hom duisende lidmate en omtrent 100 predikante gekos. (Stigting van APK.)

Die Kerkraad is hartseer daaroor dat hy nie voldoende ag geslaan het op die duidelike taal waarin die Drie Formuliere Enigheid praat oor juis die hoofsake van die BB nie, naamlik geregtigheid, versoening en eenheid. Die BB het ons oë oopgemaak vir ons eie laksheid en agterlosigheid.

Dié belydenis is in 1982 geformuleer en was nie oorspronklik bedoel as 'n belydenisskrif nie. Dit is in 1986 as belydenisskrif – naas die drie Formuliere van Enigheid (3FE) deur die destydse NGSKSA aanvaar. Vir die Kerkraad is dit belangrik om in te sien dat die NGSKSA reeds daarmee 'n ander (nuwe) kerk geword het *met 'n ander belydenisgrondslag* as die ander Ned. Geref. Kerke, of dan Ned. Geref. Kerk-familie (die NGK, NGKA en RCA). Die (gedeeltelike) samesmelting met die NGKA het dan ook gelei tot 'n nuwe naam: Verenigende Gereformeerde Kerk. Let op: nie meer "dogterkerk" *met dieselfde belydenisgrondslag* nie, ook nie "susterkerk" (soos die GKSA of die Ned Hervormde Kerk *met dieselfde belydenisgrondslag* nie, maar 'n *nuwe* kerk met 'n *ander* belydenisgrondslag.

Nou is die aandrang – van buite én van binne – dat die Ned. Geref. Kerk ook deel van die nuwe kerk moet word, met die onuitgesproke implikasie dat nie net die NGK se belydenisgrondslag nie, maar ook sy naam (en amptelike taal?) moontlik verander sal/moet word.

Die enigste ander alternatief is dat die twee kerke (VGKSA en NGK) as afsonderlike kerke langs mekaar voortbestaan, nié as susterkerke met dieselfde belydenisgrondslag nie maar as naby en noue familie van mekaar as Gereformeerde Kerke, *met verskillende belydenisgrondslae*.

Intussen wil of mag die Kerkraad of enigiemand anders nie die bestaan van die Belydenis van Belhar *as belydenisskrif* van en vir die VGK ontken nie, net so min as wat die bestaan van die VGK, *met* sy belydenisgrondslag *ontken of verkleineer of geminag* mag word.

Die vraag waarvoor die Ned. Geref. Kerk – en elke kerkraad en gemeente – te staan gekom het, is of hy sy eie belydenisgrondslag wil/moet verander sodat die twee kerke organisatories/institutêr een kerk kan word. 'n Volgende vraag sal wees: vorm die twee kerke – NGK en VGK weer en 'n nuwe kerk, of word die NGK deel van die VGK?).

En die vraag waarmee u as afgevaardigdes nou (moet) worstel, is die vraag of u ten gunste daarvan is dat Artikel 1 van die Kerkorde gewysig moet word om voorsiening te maak dat die Belydenis van Belhar –

naas die drie Formuliere van Enigheid (3FE) – deel moet word van die Ned. Geref. Kerk se belydenisgrondslag.

oooooooOOOOOOOOooooooo

Die Ned. Geref. Kerk Kimberley bely ongereserveerd en onomwonde die Koningskap van Jesus Christus: Hy regeer sy kerk onmiddellik en direk. (Met ander woorde: sonder die tussenkoms van enigiets of iemand.) Die taak van die kerk en sy vergaderings is nie om die Koningskap en Koningsheerskappy van Christus oor te neem en dit namens Hom te doen nie. Die kerk – deur middel van sy ampte – bedien maar die regering en koningskap van Christus aan sy mense. So word dit ook in die 3FE bely.

Dit is vir hierdie Kerkraad 'n ingrypende perspektief, met ingrypende implikasies. Want dit beteken – in eenvoudige taal: **'n Kerkraad/kerkraadslid verteenwoordig nie vir Christus by die gemeente nie**. Dit sou ons sonder meer Rooms maak. 'n Kerkraad/kerkraadslede is dienaars, wat moet toesien dat die Koningskap van Christus, sý heerskappy, aan sý mense bedien word en dat hulle opgeroep word tot gehoorsaamheid aan die Koning van die Kerk. In die Kerk is sý wil alleen ter sake – nie die Kerkraad s'n nie. Daarom bly die uitgangspunt dat 'n kerklike vergadering alleen in gehoorsaamheid aan die Koning van die Kerk se Woord en onder die leiding van die Heilige Gees besin en besluit. (Natuurlik is mense sondaars en sukkel ons daarmee, want die eie ek is sterk en listig, maar dit hef nie die beginsel op waarna en waarvolgens ons streef nie.)

Terselfdertyd is 'n kerkraad ook nié verteenwoordigers van die gemeente, wat die gemeente se wil moet uitvoer nie. Die kerkraad – ook hierdie een - het juis die opdrag om *Christus* se wil te soek en dit aan die gemeente te bedien vir uitvoering/gehoorsaamheid.

En hier lê nou vir hierdie kerkraad 'n geweldige probleem: die proses (soos omskryf in Reglement 24) wat die AS nou uitgestippel het, wil presies dit doen: *die wil van die mense uitvoer*, asof die kerk 'n demokrasie is. En hy is nié! In die kerk geld nie die wil van die meerderheid nie, maar die wil van God.

Met hierdie proses en voorgestelde wysiging, plaas die Ned. Geref. Kerk homself vierkantig op die pad van die sogenaamde *kollegialisme*, wat in eenvoudige terme beteken: die kerk is 'n vrye vereniging van mense, wat deur hulle eie wil bymekaarkom as gemeente, kerk en waar húlle wil, húlle woord, húlle voor- en afkeure demokraties geld – *vox populi vox Dei est*.
Daarteenoor bely die Kerkraad met die 3FE dat Christus Self sy kerk roep, vergader/versamel en onderhou deur sy Woord, onder leiding van sy Gees, uit alle volke, tale en nasies en op elke plek.

Daarom alleen al behoort ons nié die voorgestelde wysiging van Art 1 goed te keur nie, maar die Kerkraad versoek dat u die volgende óók verreken:

- Die voorgestelde wysiging wil 'n kompromisvoorstel wees om soveel as moontlik mense tevrede te stel. Die tevredenheid van mense mag tog nooit die norm in die kerk wees nie – dan sal ons sonde ook moet sanksioneer!

- Die voorgestelde wysiging is niks minder as 'n belediging vir 'n ander kerk (die VGK) nie, want dit sê per implikasie dat een van hulle belydenisskrifte (ten minste vir die Ned. Geref. Kerk) ondergeskik is aan die ander drie.

- Die voorgestelde wysiging voer onvoorkombaar en onverbiddelik leervryheid in die die Kerk se orde in, in direkte stryd met die Skrif en die 3FE, omdat dit die keuse laat om 'n belydenisskrif (of gedeeltes daarvan) te aanvaar of nie te aanvaar nie. Die implikasie is dat dit dan ook noodwendigerwys van die ander belydenisskrifte móét geld en/of dat nog belydenisskrifte – volgens die begeerte van lidmate – tot die belydenisgrondslag van die kerk toegevoeg kan/mag/moet word.

- Daarby stel dit die kerk op die sogenaamde *quatenus*-standpunt, in plaas van die gereformeerde *quia*-standpunt. Eersgenoemde is meermale in die geskiedenis baie sterk deur die kerk afgewys. Hierdie Kerkraad aanvaar die belydenisskrifte ***omdat*** dit in ooreenstemming is met die Skrif, nie ***in soverre*** dit in ooreenstemming is met die Skrif nie.

- Ten diepste trek die voorgestelde wysiging 'n streep deur die Ned. Geref. Kerk se belydenisgrondslag, en daarom per implikasie deur die Skrif en deur die alleenheerskappy van Christus in sy kerk.

Die Kerkraad het al bogenoemde sake sorgvuldig geweeg in sy eie besinning en besluit oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 en versoek u in die Naam van Christus om dit in u besinning en besluitneming ook te weeg en te oorweeg.

Saam daarmee versoek die Kerkraad u om die sterkste moontlike beswaar aan te teken teen die ongebreidelde invoer van die Kollegialisme in die kerkregeringstelsel en Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk.

Met broederlike groete bid die Kerkraad u 'n geseënde vergadering toe.

Christus is die Here!

Kerkraad
Ned. Geref. Kerk Kimberley

3. NOTULE VAN DIE BUITENGEWONE VERGADERING VAN DIE NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND IN SITTING TE KIMBERLEY OP 9-10 MAART 2015

EERSTE SITTINGSDAG
9 Maart 2015
EERSTE SESSIE

Die predikant in sinodale diens kry geleentheid om praktiese reëlings bekend te maak.

Ds. JW Myburgh, die leraar met die langste jare diens, neem die voorsitterstoel in en tree op as voorsitter totdat 'n voorsitter verkies is. (Bepaling 1.1 Reglement van Orde).

Die vergadering sing Lied 390:1-4. Ds. JW Myburgh lees uit Efesiërs 1:1-23 en doen 'n gebed. Die vergadering sing Lied 527: 1-2.

Die volgende nuwe leraars in die sinodale gebied word ter vergadering verwelkom, naamlik

Lourens RJ	Neilersdrift
Marx G	Marchand
Hancke M	Diamantveld

Die vergadering verwelkom:

- Dr. JJ Gerber (Algemene Sekretaris – NG Kerk)
- Ds. C Janse van Rensburg (lid moderatuur van die Algemene Sinode)
- lede van die NG Kerkfamilie wat die Luister-sessie sal bywoon, naamlik:
  - **Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika Phororo**
    Ds. MG Betha
    Ds. PJ van Schalkwyk
    Ds. JA Strauss
    Ds. CJ Cornelissen
    Ds. J Julies
    Ds. DS Willemse
    Br. A Jasper
    Ds. JF Rosant
    Ds. P Makoko
    Ds. AGS Willemse
  - **Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo**
    Ds. MA Tshishonga
    Ds. TW Sidumo
    Ds. ET Khumalo
    Ds. NP Mphigalale
    Ds. GGD Mabilo
    Dr. SJ Corrie
  - **Reformed Church in Africa Pearl**
    Mnr. S Kruger
    Me. R Joshua

Die voorsitter stel aan die orde:

VERSLAG TAAKSPAN SINODEBEPLANNING
(bladsye 1 - 16)

Die verslag word aan die vergadering voorgehou deur die voorsitter van die taakspan sinodebeplanning, ds. PL Louw.

1. PERSONEEL EN VERGADERINGS KENNIS GENEEM

2. BUITENGEWONE VERGADERING VAN DIE SINODE VAN DIE NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND

Die sinode besluit

1. *dat die sinode hom verbind tot die proses van kerkhereniging. Die sinode verbind hom tot eenheidsinisiatiewe met die hele gereformeerde familie van kerke.*
2. *dat gemeentes opgeroep word na 'n buitengewone sinodesitting in verband met die voorgestelde wysiging van artikel 1.*
3. *dat gemeentes van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika Phororo, Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo en die gemeente van die Reformed Church in Africa Pearl hartlik na genoemde sinodesitting uitgenooi word ten einde die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland te bedien met hulle kennis en insig en oortuigings rakende die proses van kerkhereniging in die NG Kerkfamilie*
4. *om alle kostes vir die gesprek te dra.*
5. *dat punt 12: Taakspan ekumene, aanbeveling punt 2 tot punt 5 (bladsy 21 Agenda) verwys word na die buitengewone sinodesitting:*
   2. *die sinode die volgende goedkeur:*
   a. *<u>proses</u> ten opsigte van die voorgestelde wysiging van Artikel 1, soos voorgestel deur die moderamen van die Algemene Sinode*
      "1. BESLUIT ALGEMENE SINODE 2013
      4 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die kerkverband te lei in die besluitnemingsproses oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 deur in oorleg met die onderskeie Sinodes 'n roetekaart en tydraamwerk vir die aanvang, verloop en afhandeling van die proses te bepaal."

b. <u>konsepstembriewe</u>, *naamlik*
   - *Bylaag 2a - Konsepstembrief Belydende Lidmate aangeheg as Aanhangsel 2a*
   - *Bylaag 2b - Konsepstembrief Kerkraadslede aangeheg as Aanhangsel 2b*
   - *Bylaag 2c - Konsepstembrief Afgevaardigdes na Sinodes aangeheg as Bylae 2c*

3. *die dokumentasie oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1, wat vanaf die moderamen van die algemene sinode ontvang is, aan kerkrade en gemeentes deurgegee word om na goeddunke mee te handel.*
4. *kerkrade en ringe voor 1 Junie 2015 terugvoer aan die sinodale kerkordekommissie gee. Die sinodale kerkordekommissie in samewerking met die taakspan ekumene stuur die uitslag voor 1 Augustus 2015 na die kantoor van die algemene sinode.*
5. *die sinode in Noord-Kaapland oorgaan tot stemming oor die voorgestelde wysiging van artikel 1.*

KENNIS GENEEM

3. REËLINGS VIR DIE NEGENTIENDE VERGADERING VAN DIE SINODE VAN DIE NED. GEREF. KERK IN NOORD-KAAPLAND
KENNIS GENEEM

3.1 Aanmelding van afgevaardigdes
KENNIS GENEEM

3.2 Opening
KENNIS GENEEM

3.3 Notulering
KENNIS GENEEM

3.4 Konstituering

3.4.1 Kennisgewing
KENNIS GENEEM

3.4.2 Geloofsbriewe
Die geloofsbriewe ***Bylae 1*** word ter tafel gelê, tesame met die wysiginge wat tot voor die konstituering ontvang is.
(Bepalings 1.2 en 1.3 van die Reglement van Orde).
KENNIS GENEEM

3.4.3 Konstituering
Die konstituering vind plaas in ooreenstemming met Kerkorde artikel 33 en bepaling 1.3 van die Reglement van Orde.
Die volgende afgevaardigdes het verskoning aangeteken:

- Me. CE Lintvelt (Oranjevallei) het verskoning gemaak vir die hele sitting en ds. AD Niemandt (Postmasburg) het verskoning vir Maandag gemaak.

Die volgende afgevaardigdes verskyn ter vergadering:

Angolana
M Hongolo *(Leraar)*
L Schaola *(Primarius)*

Askham-Noenieput
FA Fouché *(Leraar)*
CB van der Merwe *(Primarius)*

Augrabies
SJ Schoeman *(Leraar)*
JP Malan *(Primarius)*

Barkly-Wes
SD Marais *(Leraar)*
AA van der Linde *(Primarius)*

Brandvlei
PJ Neethling *(Leraar)*
MML Visser *(Primarius)*

Britstown
JZ Joubert *(Leraar)*
AR Blomerus *(Primarius)*

Carnarvon
SC van der Merwe *(Leraar)*
SP Jacobs *(Primarius)*

Daniëlskuil
SW Theart *(Leraar)*
EL Daffue *(Primarius)*

De Aar
PJ Conradie *(Leraar)*

De-Aar-Noord
NB Roux *(Leraar)*
EJ vZ Greyling *(Primarius)*

Deben
JW Myburgh *(Leraar)*
IC Olivier *(Primarius)*

Delportshoop
FP Avenant *(Leraar)*
AR Dreyer *(Primarius)*

Diamantveld
P-R du Toit *(Leraar)*
M Hancke *(Leraar)*
JW van Niekerk *(Primarius)*
JF du Plooy *(Primarius)*

Douglas
MJ Hulme *(Sekundus leraar)*
M Lotter *(Sekundus)*

Dutoitspan
JS Kloppers *(Leraar)*

PAJ Opperman *(Primarius)*

Goedvertrou
HS Havenga *(Leraar)*
LP Boshoff *(Primarius)*

Griekwastad
PG Otto *(Leraar)*
JH Fourie *(Sekundus)*

Groblershoop
DA Burger *(Leraar)*
JA Visser *(Sekundus)*

Grootdrink
M VDS Loubser *(Leraar)*
AL Maass *(Primarius)*

Grootrivier
Afwesig

Hanover
WT Liebenberg *(Primarius)*

Hartskroon
HB Fick *(Primarius)*

Hartswater
MJ Coetzer *(Leraar)*
JA Swiegers *(Primarius)*
TC du Toit *(Leraar)*
AD Grové *(Sekundus)*

Hopetown
JS Henning *(Leraar)*
CJ Thomas *(Primarius)*

Jan Kempdorp
SJ Strydom *(Leraar)*
JJ Momberg *(Primarius)*

Kakamas
PJL Blaauw *(Leraar)*
LP Coetzee *(Primarius)*
R Britz *(Leraar)*
HM Brand *(Primarius)*

Kalahari
EZ Anthonissen *(Leraar)*
JA de Klerk *(Primarius)*

Kameelboom
JH Rademeyer *(Leraar)*
T Grobler *(Primarius)*

Kanoneiland
SL de Jager *(Leraar)*
JC Kruger *(Primarius)*

Kathu
AC de Villiers *(Leraar)*
PL Zietsman *(Primarius)*

HK Viljoen *(Leraar)*
N Loots *(Primarius)*
JA van Schalkwyk *(Leraar)*
L Janse van Rensburg *(Primarius)*

Keimoes
JP Conradie *(Leraar)*
DJ Malan *(Primarius)*

Kenhardt
JIR van Niekerk *(Leraar)*
HEC van der Westhuizen *(Primarius)*

Kimberley
LM Basson *(Leraar)*
Z Blömerus *(Primarius)*

Kimberley-Bakenskop
WG Stumpfe *(Leraar)*
AM le Roux *(Primarius)*
CJ Lourens *(Primarius)*

Kimberley-Bet-El
M Gayetene *(Sekundus leraar)*
B Jaffer *(Primarius)*

Kimberley-ǂGacan
PW Manu *(Leraar)*
O Ndumba *(Primarius)*

Kimberley-!Xun-Alfa
FM Mahongo *(Leraar)*
K Mishe *(Primarius)*

Kimberley-Harmonie
AC Swanepoel *(Leraar)*
AS Enslin *(Primarius)*
DJ Scheepers *(Leraar)*
JD Smith *(Sekundus)*
S Nel *(Leraar)*
PJ Harmse *(Sekundus)*

Kimberley-Vooruitsig
W Roets *(Leraar)*
M du Toit *(Primarius)*
JPL Mostert *(Leraar)*
CM Broderick *(Primarius)*
FD Hugo *(Leraar)*
WH van Aswegen *(Primarius)*

Kimberley-Wes
PL Gouws *(Leraar)*
CM du Preez *(Primarius)*

Kuruman
N van Staden *(Leraar)*
H dKV Rens *(Primarius)*
DJ Olivier *(Sekundus leraar)*
ESJ Rens *(Primarius)*

Kuruman Die Oog
C Jonck *(Leraar)*

JC Lamprecht *(Primarius)*

Lime Acres
FJ Heymans *(Leraar)*
JJ Botha *(Primarius)*

Louisvale
J Grobbelaar *(Leraar)*

Louwna
MF Scholly *(Leraar)*
JJ Hayward *(Primarius)*

Loxton
A Werner *(Leraar)*

Mafikeng
JJ Knoetze *(Leraar)*
HDD Janse van Vuuren *(Sekundus)*

Marchand
G Marx *(Leraar)*
EG Krapohl *(Primarius)*

Mareetsane
JH Cronje *(Leraar)*
PC Bossert *(Primarius)*

Modderrivier-Ritchie
EL Rischmüller *(Leraar)*
BJGW Badenhorst *(Primarius)*

Neilersdrif
RJ Lourens *(Leraar)*

Noorderharts
D Janse van Rensburg *(Primarius)*

Olifantshoek
JJ van Zyl *(Leraar)*
B Nel *(Primarius)*

Onder-Molopo
JJ du Preez *(Sekundus leraar)*
CJ Carstens *(Primarius)*

Orania
SW Albertyn *(Leraar)*
CWH Boshoff *(Primarius)*

Oranjevallei
GP Barnard *(Leraar)*

Petrusville
Afwesig

Petrusville-Uitsig
Afwesig

Philipstown
AL Hyman *(Sekundus leraar)*

Piet Plessis
LB de Villiers *(Leraar)*
JJ Mans *(Primarius)*

Plooysburg
JF du Toit *(Sekundus)*

Postmasburg
K O'Callaghan *(Leraar)*
PS Dippenaar *(Primarius)*
D Niemandt *(Leraar)*

Prieska
DJ Muller *(Leraar)*
JDA Crafford *(Primarius)*
VR Terblanche *(Leraar)*
JC Hanekom *(Primarius)*
N Muller *(Leraar)*
AA Visser *(Primarius)*

Reivilo
MJ van den Berg *(Sekundus leraar)*
IM Fourie *(Primarius)*

Stella
RW Strydom *(Sekundus leraar)*
CR van Zyl *(Primarius)*

Strydenburg
IM Kluge *(Leraar)*
EM Myburgh *(Primarius)*

Tadcaster
J Oosthuizen *(Leraar)*
JL Human *(Primarius)*

Upington
PL Louw *(Leraar)*
WL Janse van Rensburg *(Primarius)*

Upington-Blydeville
JJ van Zyl *(Leraar)*
J Pretorius *(Primarius)*

Upington-Noord
BJP Booysen *(Leraar)*
DG Smit *(Primarius)*

Upington-Oos
AH Scholtz *(Leraar)*
JP Smit *(Primarius)*
F Postma *(Primarius)*

Upington-Wes
TE Smit *(Leraar)*
AJ van Rooyen *(Primarius)*

Vanderkloof
LJ de Jager *(Sekundus leraar)*
M de Jager *(Primarius)*

Vanwyksvlei
WF Vermaak *(Leraar)*
M Le Roux *(Sekundus)*

Vanzylsrus
JPJ van Tonder *(Leraar)*
PAC Flemming *(Primarius)*

Vergelegen
M Rademeyer *(Leraar)*
F vZ Engelbrecht *(Primarius)*

Vosburg
LJ van der Merwe *(Primarius)*

Vryburg-Harmonie
LM Coreejes *(Leraar)*
JDK Haasbroek *(Primarius)*

Vryburg-Noord
PJ Theron *(Leraar)*
ER Barnardt *(Primarius)*

Vryburg-Wes
PF Coetzee *(Leraar)*
W vV Weideman *(Primarius)*

Warrenton
JB Vos *(Leraar)*
J Koorts *(Primarius)*

Williston
DS Albertyn *(Sekundus leraar)*
JJ van der Colff *(Primarius)*

AANBEVELING
Die voorsitter verklaar die vergadering wettig gekonstitueerd.
GOEDGEKEUR

3.4.4 Verkiesing van moderatuur
Die verkiesing van die moderatuur vind plaas volgens bepaling 34 van die Kerkorde van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland.

AANBEVELING:
1. **Die buitengewone sinode neem kennis van punt 1.1 van die reglement van orde wat bepaal:**
   1.1 By 'n buitengewone sinodesitting tree personeel van die vorige sinodesitting op.

GOEDGEKEUR

Die verkose voorsitter (ds. PG Otto) en ondervoorsitter (ds. SW Theart) neem die voorsitter- en ondervoorsitterstoel in en gaan voort met die behandeling van die sakelys.

3.6 Luister-sessie

- ***The road map to church reunification: DRC – URCSA*** is aangeheg as ***Bylae 4***
- ***Memorandum of agreement between the Uniting Reformed Church in Southern Africa (URCSA) and the Dutch Reformed Church (DRC)*** is aangeheg as ***Bylae 5***

'n Luister-sessie vind plaas, na aanleiding van die besluit van die sinode van 2014:

> *"...dat gemeentes van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika Phororo, Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo en die gemeente van die Reformed Church in Africa Pearl hartlik na genoemde sinodesitting uitgenooi word ten einde die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland te bedien met hulle kennis en insig en oortuigings rakende die proses van kerkhereniging in die NG Kerkfamilie..."*

Die voorsitter stel aan die orde:

LUISTER-SESSIE
Lede van die NG Kerkfamilie deel hulle kennis, insig en oortuigings rakende die proses van kerkhereniging in die NG Kerkfamilie

Dr. SJ Corrie (Aktuarius Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo) word aan die woord gestel. Hy deel die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo se kennis, insig en oortuigings rakende die proses van kerkhereniging in die NG Kerkfamilie met die vergadering.

Die vergadering **NEEM DEEL AAN TAFELGESPREKKE** met die volgende vrae as riglyne:
1. Wat het ons gehoor?
2. Hoe voel ons daaroor?
3. Watter vrae wil ons vra?

Die vergadering **ONTVANG** die groete van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die Ned. Geref. Kerk Kakamas.

Me. R Joshua (Reformed Church in Africa Pearl) word aan die woord gestel. Sy deel die Reformed Church in Africa Pearl se kennis, insig en oortuigings rakende die proses van kerkhereniging in die NG Kerkfamilie met die vergadering.

Die vergadering **NEEM DEEL AAN TAFELGESPREKKE** met die volgende vrae as riglyne:
1. Wat het ons gehoor?
2. Hoe voel ons daaroor?
3. Watter vrae wil ons vra?

Ds. CJ Cornelissen (Aktuarius Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika Phororo) word aan die woord gestel. Sy deel die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika Phororo se kennis, insig en oortuigings rakende die proses van kerkhereniging in die NG Kerkfamilie met die vergadering.

Die vergadering **NEEM DEEL AAN TAFELGESPREKKE** met die volgende vrae as riglyne:

1. Wat het ons gehoor?
2. Hoe voel ons daaroor?
3. Watter vrae wil ons vra?

Die voorsitter stel aan die orde:

EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AANKONDIGINGS

Dr. JB Vos word geleentheid gebied om aankondigings te doen.

- Almal wat reiskostes elektronies wil ontvang moet asb. hul bankbesonderhede ook op die aansoekvorm verskaf.
- Almal wat daggeld wil eis, aangesien hulle alreeds Sondagaand oorgeslaap het, moet reëlings in die verband met me. E Badenhorst tref.
- Almal wat in die oornaghuis en hotel oorslaap moet voor aandete inteken.
- Bybel Media (Hans Steyn) word bedank vir lêers wat hulle vir die vergadering voorsien het.
- Taakspan Botswana vergader om 14:00 by Notuletafel.
- Vanaf 9-12 April 2015 vind landswye #Imagine kampe plaas. Daar is 5 oplaaipunte waarvandaan busse vertrek. Inskrywings en meer inligting is by ds. S Nel (Ned. Geref. Kerk Kimberley-Harmonie) beskikbaar.

Die vergadering **VERDAAG** vir middagete.

EERSTE SITTINGSDAG
9 Maart 2015
TWEEDE SESSIE

Die voorsitter stel aan die orde:

LUISTER-SESSIE
Terugvoer oor vrae

Dr. SJ Corrie (Aktuarius Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo) word aan die woord gestel.

Tydens **TAFELGESPREKKE is die volgende vrae aan die NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN AFRIKA PHORORO** gestel:

- Wat is onskriftuurlik in Belhar?
- Wat het geword van die hofuitspraak tussen NGKA en VGKSA oor geboue wat wederregtelik gevat is?
- Hoe voel ons daaroor?
- Positief –"agreeable"
- "Difference in culture and lifestyle can be an enhancement of Christian life but it takes a journey to get to that point – a journey of forgiveness"
- Hoe wil hul vertrek/begin op reis van hereniging? Hoe inisieer ons dit?
- Een kerk is belangrik – moet op die regte manier gebeur
- Sal u kerk bereid wees om deel te neem aan die skryf van 'n nuwe eietydse Belydenis vir die beoogde verenigde/ende kerk?
- Ruimte gee vir verskillende spiritualiteite – manier van doen
- Sal NGKA bereid wees om die belydenis van Belhar te aanvaar?
- Hoekom so sterk gekant teen Belhar?
- Sterk verlange na kerkeenheid; wil eie identiteit behou; geensins dwang oor enige aspek.
- Vanweë hul sterk tradisies en gebruike en eiesoortigheid, kan konflik situasies ontstaan.
- Waarin is die ooreenkomste in ons belydenis, gebruike en in die God wat ons dien? Daar is net op die verskille klem gelê.
- Definieer kerkeenheid?
- Hoe bewerk ons gesindheid sonder strukture?
- Hoe wil die NGKA kerkordelike "ruimte maak" vir Belhar?
- Hoe gaan die verskeidenheid tussen die 4 kerke geakkommodeer word in een kerkverband?
- Hoe moet ons taal verskeidenheid op gemeentevlak hanteer?
- Hoe stel julle voor hoe akkommodeer ons die verskillende diversiteit in een kerk?
- Voel – versigtig wees, stadig beweeg – gemaklik.
- Ons het gehoor, ons wil eenheid hê sonder eendersheid, ons wil vry wees sonder dwang, maak Belhar 'n verklaring en NIE 'n Belydenis.
- Wat was die teologiese besware teen Belhar?
- Dink hulle een kerkorde is moontlik? Wat is dan ook een finansiële bestuur?
- Sendingkerk nie eerlik nie, lang geskiedenis tussen Sendingkerk en NGK in Afrika, eiesoortige kerk/spiritualiteit – verhoudings baie belangrik.
- Watter gesprek met Belhar vorentoe?
- Is hulle/julle aanpasbaar met 'n ander identiteit/spiritualiteit.
- Ons harte is oop vir hulle – 'n bietjie meer ruimte gee.

- Wil die Here dien – onder " ordelikheid" – baie maal 'n struikelblok.
- Intellektuele meerderheidwaardigheid?
- Sal die NGKA ooit self op 'n punt kom om Belhar as belydenisskrif te aanvaar?
- Kan NGKA die seer geskiedenis tussen hulle en VGK opsy sit?

Dr. SJ Corrie reageer op sommige van die vrae.

Mnr. S Kruger (Reformed Church in Africa Pearl) word aan die woord gestel.
Tydens **TAFELGESPREKKE is die volgende vrae aan die REFORMED CHURCH IN AFRICA PEARL** gestel:

- Politieke en sosiale is te sterk om identiteit te behou.
- Missionêr
- Behou 3 families. Dis genoeg, wil saamloop.
- Wil respekteer word.
- 3 Belydenisse van Eenheid en 3 Geloofsbelydenisse is al wat ons aanvaar.
- Aanvaar ander wat dit wil doen.
- Die wêrelde – baie uiteenlopend. Ons andersheid nie net hulle probleem nie.
- Sou hulle en ons mekaar oor die nagmaalstafel ontmoet.
- Waar dui die Skrif aan dat die eenheid in Christus sigbaar moet wees? (Het die vaders van reformasie gedwaal/gesondig deur die kerk te skeur?)
- Belhar is 'n verklaring nie belydenisskrif.
- Wil hul eie identiteit behou.
- Politieke dokument.
- Hoor – Belhar=geloofsverklaring.
- Hoekom deklarasie?
- Hoekom polities?
- Hoekom identiteit behou?
- Wat bedoel die RCA met 'n Evangeliese karakter?
- Hoe verskil dit van NGK se karakter?
- Sal hul saam gaan as ander kerke voel Belhar is 'n belydenis.
- Sal u kerk bereid wees om saam te werk aan die skryf van 'n nuwe eietydse belydenis vir die beoogde verenigde kerk?
- As ons Artikel 1 aanvaar of goedkeur hoe gaan dit die RCA beïnvloed? (praktiese implikasies?)
- Hoekom aanvaar julle nie Belhar as belydenis nie?
- Watter model stel hulle voor vir eenheid?

Mnr. S Kruger reageer op sommige van die vrae.

Ds. MG Betha (Moderator Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika Phororo) word aan die woord gestel.
Tydens **TAFELGESPREKKE is die volgende vrae aan die VERENIGENDE GEREFOR-MEERDE KERK IN SUIDELIKE AFRIKA PHORORO** gestel:

- Hoe gaan die VGK vir die NGKA jammer sê?
- Eie identiteit bewaar, "pain of the past has not been solved; forgiveness is a journey".
- Wil saam op reis gaan ten spyte van verskille
- Kerkhereniging is belangrik – algemene punt
- Hy praat oor riglyne
- Hoekom moet die Belydenis aanvaar word vir eenheid?
- "Where is the reconciliation and restorative justice from the URCSA towards the DRCA".
- Wil die VGK nie saam met die res van die gereformeerde kerke werk aan 'n nuwe belydenis nie?
- Is julle bereid om spasie te gee aan die wie nie Belhar wil aanvaar nie?
- Geen dwang, maar almal moet Belhar aanvaar anders kan daar nie werklike eenheid wees nie?
- Hoekom is die belydenis van Belhar 'n VOORWAARDE vir kerkhereniging? Behoort die enigste voorwaarde nie die Woord van God te wees nie?
- Hoor – plaaslik klem, verhoudings, geskiedenis van hartseer, eiesoortigheid
- Eenheid kan nie afgedwing word nie – as Belydenis van Belhar dan voorwaarde is, waar kom die vryheid in?
- Wat is meer of anders belangrik in Belhar as die ander belydenisskrifte?
- Is die nuwe kerk Engels?
- Ononderhandelbaar – Belhar.
- Wil nie dwing maar Belhar bly voorwaarde.
- Belhar is die toets vir eenheid.
- Hoor – af te dwing?
- Voel – kan nie gedwing word nie.
- In watter mate is teologie (interpretasie van die Woord) en ideologie (politieke aspirasies) een; of nou verweef met 'n politieke ideologie, die onderbou van Belhar Belydenis? Is dit nou 'n voorwaarde – die aanvaarding van Belhar of nie?
- Does "sinful division" means "Apartheid"? ("Belhar rejects a sinful division")
- VGK is nie "tevrede" met NGK se voorstel ten opsigte van die wysiging van Kerkorde Artikel 1 – waar die aanvaar/nie aanvaar van Belhar opsioneel is.
- Is kerkhereniging uitgeskakel as Belhar as 'n belydenis verwerp?
- "How would they go about dealing with the split in opinion regarding Belhar in the DRC family"
- "What about the DRC family drafting a new confession together – would it not be beter if we then include our different identities in this one confession?"
- "Lets start on a clean page – Confession can only start with a clean slate."
- "Is the political baggage inherent to the Belhar not an obstacle to unity?"
- Wat gebeur as ons "Nee" stem?
- Waarom net Engels praat, terwyl 98% teenwoordigers (ook die spreker) se eerste taal duidelik Afrikaans is?
- Kan ons een wees sonder die Belydenis van Belhar?
- Kan ons toelaat dat Belhar die proses van "een word" stop?
- URCSA – Is julle regtig ernstig oor eenheid? – (oor die herenigingsproses).

- Sonder Belhar – geen gesprek
- Eenheidsgesprek toegedraai eenheid in Christus – alles met Belhar en agtergrond
- Hoekom Belhar voorskriftelik wees vir eenheidsgesprek? Belhar – inklusief en tog voorwaardelik?
- Hoe gevoel – sy probeer ons boelie.
- Is die behoud en kultuur/gewoonte binne Model 1 nie 'n "broeiplek" vir rassisme nie?
- As julle is vir een en versoening: Waarom is daar steeds hofsake onafgehandel?
- Sigbare eenheid en versoening word nie gesien in jul verhouding met NGKA nie. Waarom nie?
- Kan eenheid voortgaan sonder Belhar?
- Wat is waarde van opsionele keuse as VGK dit steeds as 'n moet stel in nuwe kerkverband?
- Is die huidige voorgestelde Artikel 1 verandering genoegsaam vir eenheid met die VGKSA? (Belhar op ander/laer vlak as 3 formuliere?)
- Wat word gedoen met derde groep in URCSA wat teen eenheid is met die DRC?
- Kon die waarhede gestel word sonder Belhar?
- Getuig Belhar se eie geskiedenis van geregtigheid, versoening en eenheid?
- As opsionaliteit onaanvaarbaar is, waarom word dit in Artikel 1 genoem?
- Help ons om te verstaan hoe versoenbaar is die ononderhandelbaarheid oor Belhar se inhoud en die gees daarvan waarvoor Belhar staan.
- Wat sê VGK in een sin oor kerkeenheid?
- Die eis van die VGKA om Belhar te aanvaar weerspreek oënskynlik bogenoemde belydenis of hoe?
- Waarom was die aanbieding in Engels?
- Is die strukturele eenheid vir alle kerke of net die familie van NG Kerke?
- Gehoor Belhar sal Belydenis in nuwe kerk wees.
- Geen opsionele keuse?
- Gehoor – Eenheid nie volledig. Teen hulself wat sê dit wel so is.
- Eenheid is 'n gegewe van die Woord (Is Belhar nodig?)
- Wou hoor wat die verhouding is tussen VGK en NGKA.
- Praat ook van vryheid sonder dwang, maar gesê toon anders.
- Waarom word dit nou dwang vir eenheid?
- Sal die VGKSA tevrede wees as Belhar net as 'n verklaring dien in die verenigde kerk?
- Sal u kerk bereid wees om saam met ander deelnemers deel te neem aan die opstel van 'n nuwe eietydse Belydenis vir die beoogde verenigde kerk?
- Die VGK sê hulle kan nie met die opsionaliteit van Belhar saam leef nie, MAAR hulle wil hê ons moet ten gunste van Artikel 1 stem? Dis verwarrend – help ons!
- Sal die VGK ooit op die punt kom om Belhar se rol in kerkeenheid te "temper"?
- Verstaan ons die VGK reg? Almal moet Belhar as belydenis aanvaar of loop. Dit sluit alle predikante in, so GEEN EENHEID NIE.
- Is die aanvaarding van Belhar as 'n Belydenis 'n voorwaarde vir die VGK vir kerkhereniging?
- Dit is 'n fundamentele fout om te aanvaar dat Belhar gebruik word as toets vir die NGK se wil om te verander. Reageer asseblief?
- Belhar moenie 'n voorwaarde vir eenwording wees nie. Ook nie 'n belemmering nie.

Ds. MG Betha reageer op sommige van die vrae.

Die voorsitter stel aan die orde:

VERSLAG TAAKSPAN SINODEBEPLANNING
(vervolg)

3.7 Afsluiting van vergadering
Die vergadering **NEEM KENNIS** dat die sinode nie later as 15:00 Dinsdag 10 Maart 2015 verdaag nie. Die verrigtinge word afgesluit met Skriflesing en gebed deur die voorsitter of iemand deur hom daartoe versoek. (Bepaling 9 van die Reglement van Orde).

3.8 Groeteboodskappe
Geen groeteboodskappe word toegelaat nie.
KENNIS GENEEM

3.9 Standaardisering van verslae
KENNIS GENEEM

3.10 Ander reëlings
3.10.1 Die vergadering **NEEM KENNIS** dat vorms vir voorstelle voorberei is en dat voorstelle wat nie op sodanige vorm geskryf is nie, nie aanvaar sal word nie.
3.10.2 Tydelike kommissies kry geleentheid om in die aande na afloop van die normale sittingstyd te vergader.
3.10.3 Afgevaardigdes **NEEM KENNIS** van 'n staande besluit, naamlik dat afgevaardigdes met gemaklike – dog netjiese kleredrag sinode-sittings kan bywoon.

3.11 Verteenwoordigers van teologiese fakulteite
KENNIS GENEEM

3.12 Kommunikasie - media
KENNIS GENEEM

3.13 Tydelike kommissies (bepaling 35.6.1)

3.13.1. Kommissie vir aankondigings en korrespondensie
Personeel
Ds. VR. Terblanche (s)
Sekundus: Ds. PL Louw

3.13.2 Kommissie vir die besluiteregister
Personeel
Ds. GP Barnard (s)
Ds. VR Terblanche
Sekundus: Ds. PF Coetzee

3.13.3 Mediakommissie
Personeel
Ds. W Roets (s)
Dr. DL van Niekerk
'n Verteenwoordiger uit die notulekommissie

3.13.4 Kommissie vir algemene sake
Personeel
Ds. SW Albertyn (s)
Dr. AC Swanepoel
Ds. J Oosthuizen
Ds. PL Louw
Ds. DJ Muller
Ds. MJ Coetzer
Dr. JJ Knoetze
Oudl. JP Smit
Oudl. EL Daffue

3.13.5 Kommissie vir reiskoste
Personeel
Ds. LB de Villiers
Mev. E Badenhorst

3.13.6 Stemtellers
Die volgende persone is aangewys:

Tafels	1-4	Ds. JS Kloppers
	5-8	Ds. J Grobbelaar
	9-12	Ds. JH Rademeyer
	13-16	Ds. M Rademeyer
	17-20	Ds. N van Staden
	21-24	Ds. SL de Jager
	25-28	Ds. D Niemandt
	29-35	Ds. AD Niemandt

Sameroeper: Ds. TE Smit

3.13.7 Notulekommissie
Personeel
Ds. JPL Mostert (s)
Ds. K O'Callaghan
Ds. J Oosthuizen
Dr. LM Basson

3.13.8 Herderlike brief
Die ring van Griekwastad neem verantwoordelikheid.

3.13.1 tot 3.13.8 hierbo word **GOEDGEKEUR**

3.14 Notule
Die dag se notule sal die volgende dag behandel word en vir goedkeuring voorgelê word. Moontlike foute word na regstelling opgeneem in die volgende dag se notule. Die finale notule word dan so spoedig moontlik na die sinodesitting beskikbaar gestel.
KENNIS GENEEM

3.15 Bind van enkele stelle van agenda en notule
Die sinodale kantoor sal enkele stelle laat inbind (agenda, notule, tydelike kommissieverslae, laat stukke en 'n indeks) vir beskikbaarstelling aan alle sinodale kommissies asook aan kerkargiewe, teologiese fakulteite en ander sinodale kantore wat dit versoek.
KENNIS GENEEM

3.16 Daggeld, reis- en verblyfkoste vir sinode 2015
Reëlings is getref dat afgevaardigdes wat buite Kimberley woon in gastehuise en by lidmate tuisgaan.

AANBEVELING
Die sinode besluit dat
1. **die koste teen R3-00 per kilometer vir een voertuig per gemeente en twee vir 'n gemeente met meer as twee leraars direk ter vergadering aan afgevaardigdes uitbetaal word, wat dit self onderling verdeel.**
2. **geen gelde aan afgevaardigdes betaal word vir alternatiewe verblyf nie.**

GOEDGEKEUR

3.17 Beskrywingspunte

"*Beskrywingspunte wat voor agt maande voor die sinodesitting ontvang word, moet deur die toepaslike permanente kommissies opgeneem word in hul agenda.*
Die kommissies moet die sinode met 'n deeglike verslag en aanbeveling dien.
Beskrywingspunte wat na die datum ontvang word, word ook deur die toepaslike kommissie opgeneem in sy verslag aan die Sinode, maar kan verwys word na 'n tydelike kommissie, indien daar nie genoeg tyd is om daaroor te besin nie." (Bepaling 35.1.2).

Geen beskrywingspunte is ontvang nie.
KENNIS GENEEM

Die ondervoorsitter, ds. SW Theart, bedank die volgende persone: Dr. SJ Corrie (aktuarius Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo), mnr. S Kruger en me. R Joshua (Reformed Church in Africa Pearl), ds. CJ Cornelissen (aktuarius Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika Phororo) en ds. MG Betha (moderator Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika Phororo).

Die vergadering **VERDAAG** vir tee.

EERSTE SITTINGSDAG
9 Maart 2015
DERDE SESSIE

Die vergadering sing Liedere 279:1, 281:1,2,3 as wyding.

Die voorsitter stel aan die orde:

VERSLAG TAAKSPAN SINODEBEPLANNING
(vervolg)

3.5 Werkswyse en tydsindeling

Besluit sinode 2014

Tydens die buitengewone sinodesitting word daar nie bespreking oor Belhar toegelaat nie, slegs bespreking oor wysiging artikel 1.

Die voorgestelde werkswyse (***Bylae 2***) en tydsindeling (***Bylae 3***) van die vergadering is aangeheg by hierdie verslag.

AANBEVELING
Die sinode besluit

1. **om die voorgestelde werkswyse (*Bylae 2*) en tydsindeling (*Bylae 3*) goed te keur en teetye 15:30-16:00 op Maandag en 10:30-11:00 op Dinsdag in te deel**
2. **dat by die sinode aanbeveel word dat tydens die sitting van die sinode van mnr. AS de Villiers gebruik gemaak word**

GOEDGEKEUR

3. **dat revisie toegestaan word van die besluit van die sinode 2014.**

Tydens die buitengewone sinodesitting word daar nie bespreking oor Belhar toegelaat nie, slegs bespreking oor wysiging artikel 1.

Motivering

1. **Die taakspan sinodebeplanning is van oordeel dat dit baie moeilik is om oor die voorgestelde wysiging van artikel 1 te praat sonder om oor die belydenis van Belhar te praat.**
2. **Elke afgevaardigde behoort tydens 'n vergadering die geleentheid gegun te word om sy "hart op die tafel te sit" sonder dat daar beperkinge op geplaas word.**

Die Sinode **BESLUIT** – op versoek van ds. Z Blömerus – dat bogenoemde aanbeveling **OOR STAAN**. *(Kyk na bladsy 56)*

Die voorsitter stel aan die orde:

ADDENDUMVERSLAG VAN DIE TAAKSPAN SINODEBEPLANNING
(bladsye 39-42)

Die verslag word aan die vergadering voorgehou deur die voorsitter van die taakspan sinodebeplanning, ds. PL Louw.

1. VERSOEK NED. GEREF. KERK KIMBERLEY

AANBEVELING
Die sinode besluit dat

1. **die versoek van die kerkraad van die Ned. Geref. Kerk Kimberley aan die afgevaardigdes na die buitengewone sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 (*Bylae 1*) beskikbaar gestel word.**

GOEDGEKEUR

Die vergadering **ONTVANG** die groete van ds. GJ Duursema van die Ned. Geref. Kerk Kimberley-Bet-El.

Die voorsitter stel aan die orde:

VERSLAG VAN DIE TAAKSPAN EKUMENE
(bladsye 17-38)

Die verslag word aan die vergadering voorgehou deur die voorsitter van die taakspan Ekumene, ds. BJP Booysen.

1. PERSONEEL EN VERGADERINGS KENNIS GENEEM

2. LAATBESKRYWINGSPUNT ARTIKEL 1 (RING VAN GRIEKWASTAD)

Besluit sinode 2014

Die sinode besluit dat

1. Laatbeskrywingspunt (*Ring van Griekwastad*) Artikel 1 verwys word na die buitengewone sinodesitting.

*Die sinode **BESLUIT** dat bogenoemde aanbeveling na die **taakspan sinodebeplanning** en **taakspan ekumene** verwys word.*

Sien Addendumverslag van die taakspan sinodebeplanning, bladsye 204

Die sinode besluit

1. *om sy oortuiging uit te spreek, naamlik dat die Belydenis van Belhar 'n belydenis van*

die VGKSA is en dat hy dit as sodanig herken en respekteer.

2. *om die feit te betreur dat die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde van die NG Kerk klaarblyklike resultaat is van eensydige gesprek tussen verteenwoordigers van die NG Kerk en die VGKSA, met uitsluiting van die NGKA en die RCA.*
3. *dat die opsionaliteit wat in die voorstel ingebou is, in beginsel onaanvaarbaar is, aangesien Gereformeerde Kerke konsensus rondom die Woord moet soek en bly soek totdat onderlinge oortuiging gevind word.*
4. *om die voorgestelde wysiging na die algemene sinode terug te verwys vir herbesinning wat gesprekke tussen die vier lede van die NG Kerk familie sal insluit. Moontlike gesprekstema's: Skriftuurlikheid, noodsaaklikheid, status en implikasies van die Belhar Belydenis. Vanuit hierdie konsensus word deelnemende kerke versoek om hul besluite in eie reg te neem.*

AANBEVELING
Die sinode besluit om kennis te neem van die beskrywingspunt van die ring van Griekwastad.
GOEDGEKEUR

3. VOORGESTELDE WYSIGING VAN ARTIKEL 1

Besluit sinode 2014

Die sinode besluit

2. *dat die sinode hom verbind tot die proses van kerkhereniging. Die sinode verbind hom tot eenheidsinisiatiewe met die hele gereformeerde familie van kerke.*
2. *dat gemeentes opgeroep word na 'n buitengewone sinodesitting in verband met die voorgestelde wysiging van artikel 1.*
3. *dat gemeentes van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika Phororo, Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo en die gemeente van die Reformed Ch-urch in Africa Pearl hartlik na genoemde sinodesitting uitgenooi word ten einde die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland te bedien met hulle kennis en insig en oortuigings rakende die proses van kerkhereniging in die NG Kerkfamilie*
4. *om alle kostes vir die gesprek te dra.*
5. *dat punt 12: Taakspan ekumene, aanbeveling punt 2 tot punt 5 (bladsy 21 Agenda) verwys word na die buitengewone sinodesitting:*
    2. *die sinode die volgende goedkeur:*
        a. *proses ten opsigte van die voorgestelde wysiging van Artikel 1, soos voorgestel deur die moderamen van die Algemene Sinode*

        "1. BESLUIT ALGEMENE SINODE 2013
        4 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die kerkverband te lei in die besluitnemingsproses oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 deur in oorleg met die onderskeie Sinodes 'n roetekaart en tydraamwerk vir die aanvang, verloop en afhandeling van die proses te bepaal."
        b. *konsepstembriewe, naamlik*
            - *Bylaag 2a - Konsepstembrief Belydende Lidmate aangeheg as Aanhangsel 2a*
            - *Bylaag 2b - Konsepstembrief Kerkraadslede aangeheg as Aanhangsel 2b*
            - *Bylaag 2c - Konsepstembrief Afgevaardigdes na Sinodes aangeheg as Bylae 2c*
    3. *die dokumentasie oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1, wat vanaf die moderamen van die algemene sinode ontvang is, aan kerkrade en gemeentes deurgegee word om na goeddunke mee te handel.*
    4. *kerkrade en ringe voor 1 Junie 2015 terugvoer aan die sinodale kerkordekommissie gee. Die sinodale kerkordekommissie in samewerking met die taakspan ekumene stuur die uitslag voor 1 Augustus 2015 na die kantoor van die algemene sinode.*
    5. *die sinode in Noord-Kaapland oorgaan tot stemming oor die voorgestelde wysiging van artikel 1.*

Terugvoer tafelgesprekke sinode 2014: Voorgestelde wysiging van artikel 1 *(Sien Notule, bladsy 224-227) is aangeheg as* ***Bylae 1***

Temas wat na vore gekom het uit die tafelgesprekke tydens die sinode 2014: Voorgestelde wysiging van Artikel 1 *(Sien Notule, bladsy 224-227) is aangeheg as* ***Bylae 2***

- ***Kommunikasie aan sinodes oor die prosesse tov die wysiging van Artikel 1*** is aangeheg as ***Bylae 3***
- ***Bylaag 1 - Reglement 24*** is aangeheg as ***Aanhangsel 1***
- ***Bylaag 2a - Konsepstembrief Belydende Lidmate*** is aangeheg as ***Aanhangsel 2a***
- ***Bylaag 2b - Konsepstembrief Kerkraadslede*** is aangeheg as ***Aanhangsel 2b***
- ***Bylaag 2c - Konsepstembrief Afgevaardigdes na Sinodes*** is aangeheg as ***Bylae 2c***
- ***Bylaag 3 – Ringsmonitering*** is aangeheg as ***Aanhangsel 3***
- ***Bylaag 4 - Gereedskapkis en materiaal*** is aangeheg as ***Aanhangsel 4***

AANBEVELING
Die sinode besluit dat

1. **aan ds. BJP Booysen (voorsitter taakspan ekumene) geleentheid gegee word om die sinode toe te lig oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1.**

GOEDGEKEUR

2. **die sinode die volgende goedkeur:**
   a. <u>proses</u> ten opsigte van die voorgestelde wysiging van Artikel 1, soos voorgestel deur die moderamen van die Algemene Sinode
   "1. BESLUIT ALGEMENE SINODE 2013
   4 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die kerkverband te lei in die besluitnemingsproses oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 deur in oorleg met die onderskeie Sinodes 'n roetekaart en tydraamwerk vir die aanvang, verloop en afhandeling van die proses te bepaal."
   b. <u>konsepstembriewe</u>, naamlik
   - ***Bylaag 2a - Konsepstembrief Belydende Lidmate* aangeheg as -*Aanhangsel 2a***
   - ***Bylaag 2b - Konsepstembrief Kerkraadslede* aangeheg as *Aanhangsel 2b***
   - ***Bylaag 2c - Konsepstembrief Afgevaardigdes na Sinodes* aangeheg as *Bylae 2c***
3. **die dokumentasie oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1, wat vanaf die moderamen van die algemene sinode ontvang is, aan kerkrade en gemeentes deurgegee word om na goeddunke mee te handel.**
4. **kerkrade en ringe voor 1 Junie 2015 terugvoer aan die sinodale kerkordekommissie gee. Die sinodale kerkordekommissie in samewerking met die taakspan ekumene stuur die uitslag voor 1 Augustus 2015 na die kantoor van die algemene sinode.**
5. **die sinode in Noord-Kaapland oorgaan tot stemming oor die voorgestelde wysiging van artikel 1.**

Die Sinode **BESLUIT** dat **PUNT 2 tot 5** van bostaande **AANBEVELING OORSTAAN** *(Kyk na bladsy 55)*

Mnr. AS de Villiers, fasiliteerder, word aan die woord gestel.

ORDEVOORSTEL
Die Sinode besluit dat

1. ***die vergadering onmiddellik tot stemming oor die aanvaarding al dan nie van die wysiging van Artikel 1 voortgaan sonder verdere bespreking.***
2. ***die res van die tyd van die sinode dan gewy kan word aan 'n bespreking van die pad vorentoe en die visie vir die kerk.***

VOORSTELLER SW Albertyn
SEKONDANT DJ Muller
GOEDGEKEUR

Die ondervoorsitter, ds. SW Theart doen 'n gebed en die vergadering gaan oor tot stemming oor die voorgestelde wysiging van artikel 1.
Die vraag waaroor gestem word, lui soos volg:

Verleen u as afgevaardigde na die vergadering van die Sinode u instemming met die voorstel van die Algemene Sinode vir die wysiging van Artikel 1?

UITSLAG VAN DIE STEMMING TEN OPSIGTE VAN ARTIKEL 1

Die voorsitter maak bekend dat die uitslag van die stemming ten opsigte van artikel 1 soos volg is:

Stemme uitgebring: 168

	<u>Getal</u>	<u>Persentasie</u>
JA	**57**	**33.9%**
NEE	**111**	**66.1%**

VOORSTEL
Die sinode besluit dat die afgevaardigdes wat nie met die afsluiting van die sinodesitting in die vergadering is nie, hulle reiskoste verbeur en self vir hulle oornagkoste moet betaal.

VOORSTELLER PL Louw
SEKONDANT LM Coreejes
GOEDGEKEUR

Die voorsitter stel aan die orde:

TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AANKONDIGINGS

Ds. VR Terblanche word geleentheid gebied om aankondigings te doen.

- Die ring van Mafikeng word versoek om na die afsluiting in die saal te vergader.

Die vergadering luister na 'n lied wat voorgesing word, sing Lied 286 en Lied 284:1-3. Die vergadering sing as gebed:

Seën ons, Here God, seën Afrika,
Laat haar klag tot in die hemel reik,
Hoor ons as ons in gebede vra,
Seën ons in Afrika,
Kinders van Afrika.

Hou u hand, o Heer, oor Afrika,
Lei ons tot by eenheid en begrip,

Hoor ons as ons U om vrede vra,
Seën ons in Afrika,
Kinders van Afrika.

Seën ons, Here God, seën Afrika,
Neem dan nou die boosheid van ons weg,
Maak ons van ons sonde ewig vry,
Seën ons in Afrika,
Kinders van Afrika.

Ds. PL Louw doen 'n gebed en die vergadering **VERDAAG** vir die dag.

TWEEDE SITTINGSDAG

10 MAART 2015

EERSTE SESSIE

Die dagopening is deur di. DJ Muller en N Muller waargeneem.

Die vergadering sing as gebed:

Seën ons, Here God, seën Afrika,
Laat haar klag tot in die hemel reik,
Hoor ons as ons in gebede vra,
Seën ons in Afrika,
Kinders van Afrika.

Hou u hand, o Heer, oor Afrika,
Lei ons tot by eenheid en begrip,
Hoor ons as ons U om vrede vra,
Seën ons in Afrika,
Kinders van Afrika.

Seën ons, Here God, seën Afrika,
Neem dan nou die boosheid van ons weg,
Maak ons van ons sonde ewig vry,
Seën ons in Afrika,
Kinders van Afrika.

Die skriflesing is Fillippense 1:9-11 en die vergadering sing Lied 286:1-3 en 258:1-3

Die vergadering sing as gebed:

Spreek Heer,
spreek Heer,
want u dienaar luister.
Net u Woord, Heer,
bring weer lig in duister.

Spreek Heer, spreek Heer,
want u kinders luister.
Net u Woord, Heer,
bring weer lig in duister.

Die volgende persone teken verskoning aan vir die dag: ds. SL de Jager, oudl. JC Kruger (Kanoneiland) en oudl. AA van der Linde (Barkley-Wes).

Die voorsitter stel aan die orde:

VERSLAG VAN DIE TAAKSPAN EKUMENE

(vervolg)

Die volgende **AANBEVELING** uit die Verslag van die Taakspan Ekumene het oorgestaan (Kyk na bladsy 54)

3. VOORGESTELDE WYSIGING VAN ARTIKEL 1

AANBEVELING

Die sinode besluit dat

2. die sinode die volgende goedkeur:

a. <u>proses</u> ten opsigte van die voorgestelde wysiging van Artikel 1, soos voorgestel deur die moderamen van die Algemene Sinode

"1. BESLUIT ALGEMENE SINODE 2013

4 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die kerkverband te lei in die besluitnemingsproses oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 deur in oorleg met die onderskeie Sinodes 'n roetekaart en tydraamwerk vir die aanvang, verloop en afhandeling van die proses te bepaal."

b. <u>konsepstembriewe</u>, naamlik

- ***Bylaag 2a – Konsepstembrief Belydende Lidmate*** **aangeheg as** ***Aanhangsel 2a***
- ***Bylaag 2b – Konsepstembrief Kerkraadslede*** **aangeheg as** ***Aanhangsel 2b***
- ***Bylaag 2c – Konsepstembrief Afgevaardigdes na Sinodes*** **aangeheg as** ***Bylae 2c***

3. die dokumentasie oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1, wat vanaf die moderamen van die algemene sinode ontvang is, aan kerkrade en gemeentes deurgegee word om na goeddunke mee te handel.

4. kerkrade en ringe voor 1 Junie 2015 terugvoer aan die sinodale kerkordekommissie gee. Die sinodale kerkordekommissie in samewerking met die taakspan ekumene stuur die uitslag voor 1 Augustus 2015 na die kantoor van die algemene sinode.

GOEDGEKEUR

Die voorsitter stel aan die orde:

VERSLAG TAAKSPAN SINODEBEPLANNING
(vervolg)

Die volgende **AANBEVELING** uit die Verslag van die Taakspan Sinodebeplanning het oorgestaan (Kyk na bladsy 52.)

3.5 Werkswyse en tydsindeling

AANBEVELING
Die sinode besluit

3. dat revisie toegestaan word van die besluit van die sinode 2014.

Tydens die buitengewone sinodesitting word daar nie bespreking oor Belhar toegelaat nie, slegs bespreking oor wysiging artikel 1.

Motivering

1. Die taakspan sinodebeplanning is van oordeel dat dit baie moeilik is om oor die voorgestelde wysiging van artikel 1 te praat sonder om oor die belydenis van Belhar te praat.
2. Elke afgevaardigde behoort tydens 'n vergadering die geleentheid gegun te word om sy "hart op die tafel te sit" sonder dat daar beperkinge op geplaas word.

KENNIS GENEEM

VOORSTEL

Die kerkraad van die Ned. Geref. Kerk Delportshoop lê die volgende alternatief voor aan die ring van Griekwastad, die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland, asook aan die algemene sinode van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika. Punt 6 van die aanbeveling is alleen op die NG Kerk in Noord-Kaapland van toepassing.

1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God.
2. Die leer wat die kerk in ooreenstemming (quia) met die Woord van God bely, word verwoord in
2.1 die ekumeniese belydenisse, naamlik die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius, en
2.2 die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik, die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.
3. Die Belydenis van Belhar word saam met die ander erkende en gerespekteerde Gereformeerde belydenisse in 'n versameling geplaas. Lidmate, kerkrade, ringe en sinodes is welkom om Belhar (asook die ander) te aanvaar, of te benut sonder enige benadeling, of verwerping.
4. Die kerk aanvaar dat haar roeping om haar geloof te bely, altyd geld en dat 'n uitbreiding van haar belydenisgrondslag ooreenkomstig die Woord geskied.
5. Die kerk in al sy verbande aanvaar 'n saam-op-weg benadering wat behels 'n deel in belydenis, roeping en onderlinge ondersteuning, op so 'n wyse dat die regtelike en kerkregtelike posisie van kerkrade onaangetas bly. Dit geld ook gemeentelike eiendom. Ringe bly toesighoudend en raadgewend. Sinodes bly beleidmakend en helpend. Die kerk leef in sy gemeentes. Kerkeenheid/-hereniging is 'n proses wat homself sonder dwang, maar met volgehoue gesprek, onderhandeling en onderlinge samewerking voltrek.
6. Versoek die sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland om 'n taakspan aan te wys om, in samewerking met die sinodale kerkordekommissie, te werk aan 'n konsepbelydenis rakende dringende kontekstuele sake soos die Heerskap/Herderskap van Christus, die plek en taak van die kerk, die plek en taak van die owerheid, die plek en taak van gesonde huisgesinne en brandende sake aan te spreek soos verantwoordelike bevolkingsontwikkeling, die rol van gesonde waardes, bestaansveiligheid, menswaardigheid, burgerreg en -verantwoordelikheid, opvoeding en onderwys, gesonde ekonomiese ontwikkeling, werkskepping, die beskerming en bevordering van kleingroepregte- verantwoordelikheid, asook almal se ekologiese verantwoordelikheid ten einde instaatstellende ruimtes te beskerm, ens. Voortdurende verslag oor vordering aan kerkrade, gemeentes, ringe en uiteindelik aan die sinode is noodsaaklik. Deelname aan studies en gesprekke moet bevorder word. Maksimum aanvaarding en konsensus moet in kerkverband, asook ekumenies gesoek en bevorder word. Die nood van ons tyd vereis dat die die kerk oor hierdie en ander dringende sake sal besin en sal getuig/bely tot eer van God en tot heil van kerk en samelewing.

(*Kerkraad Ned. Geref. Kerk Delportshoop 28 Februarie 2015*)

VOORSTELLER: RA Dreyer
SEKONDANT: FP Avenant
VERWERP

Die voorsitter stel **VOORSTELLE 4 tot 8** aan die orde. Hy lees dit aan die vergadering voor en gee geleentheid vir bespreking.

VOORSTEL 4

Die sinode keur – sonder inagneming van die Belharbelydenis van die VGK – die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde om die volgende redes nie goed nie:

1. ***Die voorgestelde wysiging wil 'n kompromisvoorstel wees om soveel as moontlik mense tevrede te stel. Die tevredenheid van mense mag nooit die norm in die kerk wees nie – slegs die Skrif.***
2. ***Die voorgestelde wysiging kan vertolk word as beledigend teenoor 'n ander kerk (die VGK), want dit sê per implikasie dat een van die VGK se belydenisskrifte minder waarde en gesag dra as die Drie Formuliere van Enigheid.***
3. ***Die voorgestelde wysiging voer onvoorkombaar en onverbiddellik leervryheid in die Kerk se orde in, in direkte stryd met die Skrif en die Drie Formuliere van enigheid, omdat dit die keuse laat om 'n belydenisskrif te aanvaar of nie te aanvaar nie. Die implikasie is dat dit dan ook noodwendigerwys van die ander belydenisskrifte móét geld en/of dat nog belydenisskrifte – <u>volgens die begeerte van lidmate</u> – tot die belydenisgrondslag van die kerk toegvoeg kan/mag/moet word.***
4. ***Daarby stel dit die kerk op die sogenaamde <u>quatenus</u>-standpunt, in plaas van die gereformeerde <u>quia</u>-standpunt. Eersgenoemde is meermale in die geskiedenis baie sterk deur die kerk afgewys. Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland aanvaar die belydenisskrifte <u>omdat</u> dit in ooreenstemming is met die Skrif, nie <u>insoverre</u> of <u>indien</u> dit (volgens die oordeel/willekeur van lidmate) in ooreenstemming met die Skrif is nie.***
5. ***Ten diepste trek so 'n wysiging 'n streep deur die Ned. Geref. Kerk se belydenisgrondslag, en daarom per implikasie deur die Skrif en deur die Alleenheerskappy van Christus in sy kerk.***

VOORSTELLER: Z Blömerus
SEKONDANT: LM Basson

VOORSTEL 5

1. ***Die sinode spreek dit as sy oorwoë mening uit dat die Ned. Geref. Sendingkerk met die aanvaarding van die Belharbelydenis in September 1986 en die stigting/vorming van die VGKSA op 14 April 1994 homself ontwortel en losgemaak het van die familie van Ned Geref Kerke omdat dit 'n <u>nuwe, ander kerk</u> geword het met 'n <u>ander belydenisgrondslag</u> as die tradisionele familie van Ned. Geref. Kerke, wat dieselfde belydenisgrondslag het.***
2. ***Daarom oordeel die sinode dat nie gepraat en onderhandel behoort te word oor moontlike <u>kerkhereniging</u> nie, maar oor <u>kerkvereniging</u> en dat die twee selfstandige kerke in die Noord-Kaap en in die RSA op dié basis met mekaar in gesprek behoort te tree en saam met mekaar behoort te werk as nabye familie, met liefdevolle wedersydse erkenning en respek vir en van mekaar se belydenisgrondslae, selfstandigheid en onafhanklikheid.***

VOORSTELLER: Z Blömerus
SEKONDANT: LM Basson

VOORSTEL 6

Die sinode erken die Belydenis van Belhar as 'n volwaardige belydenisskrif van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

VOORSTELLER: Z Blömerus
SEKONDANT: LM Basson

VOORSTEL 7

Die sinode

1. ***versoek elke kerkraad van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland om – met die betrokkenheid van die gemeente en aan die hand van die Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid – die Belharbelydenis te evalueer;***
2. ***gee opdrag aan sy Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om die Belydenis van Belhar leerstellig en eksegeties te toets en veral aandag te gee aan dié Belydenis se Skrifgebruik, die moontlikheid van verskillende interpretasies daarvan, die moontlike invloed van die sogenaamde Bevrydingsteologie(ë), voldoening aan die vereistes vir 'n belydenisskrif, met volledige verslag aan die volgende gewone vergadering van die Sinode;***
3. ***versoek die eersvolgende algemene sinode van die Ned. Geref. Kerk om aan sy Kommssie vir Leer en Aktuele Sake opdrag te gee om die Belydenis van Belhar leerstellig en eksegeties te toets en veral aandag te gee aan dié Belydenis se Skrifgebruik, die moontlikheid van verskillende interpretasies daarvan, die moontlike invloed van die sogenaamde Bevrydingsteologie(ë), voldoening aan die vereistes vir 'n belydenisskrif, met volledige verslag aan die volgende***

gewone vergadering van die Algemene Sinode.

VOORSTELLER: SW Albertyn
SEKONDANT: CWH Boshoff

VOORSTEL 8

1. ***Die sinode van Noord-Kaapland bevestig sy verbintenis tot kerkhereniging en versoek die NGKA Phororo en die RCA om as dogters van hulle moeder biddend te oorweeg om (weer) deel te word van die NG Kerk in Noord-Kaapland in een Sinodale struktuur asook Ringsverband.***
2. ***Die sinode van Noord-Kaapland versoek die VGKSA om die voortgesette gesprek rakende kerkvereniging tussen twee kerke met verskillende belydenis-grondslae in samewerking met Noord-Kaapland lewend te hou.***

VOORSTELLER: LM Basson
SEKONDANT: Z Blömerus

Die vergadering **BESLUIT** dat **VOORSTELLE 4 tot 8** na die **Tydelike Kommissie vir Algemene Sake** verwys word, sodat gepoog kan word om (in oorleg met die indieners van die voorstelle) 'n aanbeveling of aanbevelings aan die vergadering te formuleer wat die beginsels daarin vervat sal ondervang (Kyk na bladsy 59-61).

Die **Notule** van die **Eerste Sittingsdag** word aan die vergadering voorgehou. Redaksionele wysigings word aangebring en die notule word **GOEDGEKEUR**.

Die voorsitter stel aan die orde:

TYDELIKE KOMMISSIE VIR REISKOSTE

Geagte voorsitter en afgevaardigdes,
Die kommissie beveel aan dat die volgende uitgawes goedgekeur word:

1. Verblyf	R 49,220
2. Etes	R 53,020
3. Reiskoste	R149,977
TOTAAL	**R252,217**

GOEDGEKEUR

Die voorsitter stel aan die orde:

TWEEDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AANKONDIGINGS

Ds. VR Terblanche word geleentheid gebied om aankondigings te doen.

- Taakspan Botswana vergader tydens teetyd by notuletafel.
- Bybel Media vertrek na tee, indien enige persoon hul nog wil besoek.

Die vergadering **VERDAAG** vir tee.

TWEEDE SITTINGSDAG
10 MAART 2015
TWEEDE SESSIE

Die vergadering sing Liedere 527:1-2, 516:1 as wyding.

Die vergadering **BESLUIT** dat die ring van Griekwastad die **Herderlike Brief** op 12 Maart aan die predikant in sinodale diens moet verskaf wat dit elektronies aan gemeentes sal stuur.
GOEDGEKEUR

VOORSTEL
Die sinode besluit

1. ***om 10 minute van sy tyd af te staan as tyd vir voorbidding vir ons land, en veral vir die landbousektor wat tans rampdroogtes, asook ekonomiese en politieke uitdagings moet hanteer.***
2. ***dat die predikant in sinodale diens gevra word om namens die sinode 'n brief aan Agri-Noord-Kaap te stuur om hulle te verseker van ons volgehoue voorbidding.***

VOORSTELLER: IM Kluge
SEKONDANT: TE Smit
GOEDGEKEUR

VOORSTEL
Die sinode besluit om die "Memorandum of Agreement" wat deel van die huidige sinode se inligtingstukke uitmaak, na die taakspan ekumene en sinodale kerkordekommissie te verwys, om die volgende sinode van Noord-Kaapland met 'n aanbeveling te bedien vir die aanvaarding daarvan of nie.
VOORSTELLER: BJGW Badenhorst
SEKONDANT: PL Gouws
GOEDGEKEUR

Ds. BJP Booysen (taakspan ekumene) verduidelik aan die vergadering die proses wat in ringe, kerkrade en gemeentes moet plaasvind.

Die voorsitter stel aan die orde:

EERSTE VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE VIR ALGEMENE SAKE

1. BELYDENIS VAN BELHAR

Sien Notule, bladsy 57

VOORSTEL 6

Die sinode erken die Belydenis van Belhar as 'n volwaardige belydenisskrif van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

VOORSTELLER: Z Blömerus
SEKONDANT: LM Basson

AANBEVELING

1. Die sinode aanvaar en respekteer die Belydenis van Belhar as 'n volwaardige belydenisskrif van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

GOEDGEKEUR

2. TEOLOGIESE BEOORDELING

Sien Notule, bladsy 57-58

VOORSTEL 7

Die Sinode

1. *versoek elke kerkraad van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland om – met die betrokkenheid van die gemeente en aan die hand van die Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid – die Belharbelydenis te evalueer;*
2. *gee opdrag aan sy Kommissie vir Leer en Aktuele Sake om die Belydenis van Belhar leerstellig en eksegeties te toets en veral aandag te gee aan dié Belydenis se Skrifgebruik, die moontlikheid van verskillende interpretasies daarvan, die moontlike invloed van die sogenaamde Bevrydingsteologie(ë), voldoening aan die vereistes vir 'n belydenisskrif, met volledige verslag aan die volgende gewone vergadering van die Sinode;*
3. *versoek die eersvolgende algemene sinode van die Ned. Geref. Kerk om aan sy Kommssie vir Leer en Aktuele Sake opdrag te gee om die Belydenis van Belhar leerstellig en eksegeties te toets en veral aandag te gee aan dié Belydenis se Skrifgebruik, die moontlikheid van verskillende interpretasies daarvan, die moontlike invloed van die sogenaamde Bevrydingsteologie(ë), voldoening aan die vereistes vir 'n belydenisskrif, met volledige verslag aan die volgende gewone vergadering van die Algemene Sinode.*

VOORSTELLER: SW Albertyn
SEKONDANT: CWH Boshoff

AANBEVELING

Die sinode

1. **versoek elke kerkraad van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland om – met die betrokkenheid van die gemeente en aan die hand van die Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid – die Belharbelydenis te evalueer;**
2. **gee opdrag aan sy taakspan vir leer en aktuele sake om die Belydenis van Belhar leerstellig en eksegeties te toets en veral aandag te gee aan dié Belydenis se Skrifgebruik, die moontlikheid van verskillende interpretasies daarvan, die moontlike invloed van die sogenaamde Bevrydingsteologie(ë), voldoening aan die vereistes vir 'n belydenisskrif, met volledige verslag aan die volgende gewone vergadering van die Sinode;**

GOEDGEKEUR

3. **versoek die eersvolgende algemene sinode van die Ned. Geref. Kerk om aan sy kommissie vir leer en aktuele sake opdrag te gee om die Belydenis van Belhar leerstellig en eksegeties te toets en veral aandag te gee aan dié Belydenis se Skrifgebruik, die moontlikheid van verskillende interpretasies daarvan, die moontlike invloed van die sogenaamde Bevrydingsteologie(ë), voldoening aan die vereistes vir 'n belydenisskrif, met volledige verslag aan die volgende gewone vergadering van die Algemene Sinode.**

VERWERP

3. WYSIGING VAN ARTIKEL 1

Sien Notule, bladsy 57

VOORSTEL 4

Die sinode keur – sonder inagneming van die Belharbelydenis van die VGK – die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde om die volgende redes nie goed nie:

1. *Die voorgestelde wysiging wil 'n kompromisvoorstel wees om soveel as moontlik mense tevrede te stel. Die tevredenheid van mense mag nooit die norm in die kerk wees nie – slegs die Skrif.*
2. *Die voorgestelde wysiging kan vertolk word as beledigend teenoor 'n ander kerk (die VGK), want dit sê per implikasie dat een van die VGK se belydenisskrifte minder waarde en gesag dra as die Drie Formuliere van Enigheid.*
3. *Die voorgestelde wysiging voer onvoorkombaar en onverbiddellik leervryheid in die Kerk se orde in, in direkte stryd met die Skrif en die Drie Formuliere van enigheid, omdat dit die keuse laat om 'n belydenisskrif te aanvaar of nie te aanvaar nie. Die implikasie is dat dit dan ook noodwendigerwys van die ander belydenisskrifte móét geld en/of dat nog belydenisskrifte – <u>volgens die begeerte van lidmate</u> – tot die belydenisgrondslag van die kerk toegvoeg kan/mag/moet word.*
4. *Daarby stel dit die kerk op die sogenaamde <u>quatenus</u>-standpunt, in plaas van die gereformeerde <u>quia</u>-standpunt. Eersgenoemde is meermale in die geskiedenis baie sterk deur die kerk afgewys. Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland aanvaar die belydenisskrifte <u>omdat</u> dit in ooreenstemming is met die Skrif, nie <u>insoverre</u> of <u>indien</u> dit (volgens die oordeel/willekeur van lidmate) in ooreenstemming met die Skrif is nie.*
5. *Ten diepste trek so 'n wysiging 'n streep deur die Ned. Geref. Kerk se belydenisgrondslag, en daarom per implikasie deur die Skrif en deur die Alleenheerskappy van Christus in sy kerk.*

VOORSTELLER: Z Blömerus
SEKONDANT: LM Basson

AANBEVELING

Die sinode keur – sonder om hom uit te spreek oor die aard of die inhoud van die Belharbelydenis die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde onder andere om die volgende redes nie goed nie:

1. **Die voorgestelde kompromisvoorstel poog om mense tevrede te stel eerder as om aan die Skrif getrou te wil wees.**
2. **Die voorgestelde wysiging voer leervryheid in die Kerk se orde in, in stryd met die Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid, omdat dit die keuse laat om 'n belydenisskrif te aanvaar of nie te aanvaar nie. Die implikasie is dat dit dan ook noodwendigerwys van die ander belydenisskrifte móét geld en/of dat nog belydenisskrifte – volgens die begeerte van lidmate – tot die belydenisgrondslag van die kerk toegevoeg kan/mag/moet word.**
3. **Daarby stel dit die kerk op die sogenaamde *quatenus*-standpunt, in plaas van die gereformeerde *quia*-standpunt. Eersgenoemde is meermale in die geskiedenis baie sterk deur die kerk afgewys. Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland aanvaar die belydenisskrifte *omdat* dit in ooreenstemming is met die Skrif, nie *insoverre* of *indien* dit (volgens die oordeel/willekeur van lidmate) in ooreenstemming met die Skrif is nie.**
4. **Die voorgestelde wysiging is in stryd met die Ned. Geref. Kerk se belydenisgrondslag en die Skrif.**

GOEDGEKEUR

Die volgende afgevaardigdes het hul **STEM IN MINDERHEID** ten opsigte van punt 1 tot 4 van bogenoemde aanbeveling laat aanteken: DS Albertyn, J Grobbelaar, D Niemandt, AD Niemandt, JH Rademeyer, M Rademeyer en T Grobler.

4. DIE PAD VORENTOE

Sien Notule, bladsy 57

VOORSTEL 5

1. *Die sinode spreek dit as sy oorwoë mening uit dat die Ned. Geref. Sendingkerk met die aanvaarding van die Belharbelydenis in September 1986 en die stigting/vorming van die VGKSA op 14 April 1994 homself ontwortel en losgemaak het van die familie van Ned. Geref. Kerke omdat dit 'n <u>nuwe, ander kerk</u> geword het met 'n <u>ander belydenisgrondslag</u> as die tradisionele familie van Ned. Geref. Kerke, wat dieselfde belydenisgrondslag het.*
2. *Daarom oordeel die sinode dat nie gepraat en onderhandel behoort te word oor moontlike <u>kerkhereniging</u> nie, maar oor <u>kerkvereniging</u> en dat die twee selfstandige kerke in die Noord-Kaap en in die RSA op dié basis met mekaar in gesprek behoort te tree en saam met mekaar behoort te werk as nabye familie, met liefdevolle wedersydse erkenning en respek vir en van mekaar se belydenisgrondslae, selfstandigheid en onafhanklikheid.*

VOORSTELLER: Z Blömerus
SEKONDANT: LM Basson

AANBEVELING

1. **Die sinode spreek dit as sy oorwoë mening uit dat die Ned. Geref. Sendingkerk met die aanvaarding van die Belharbelydenis in September 1986 en die stigting/vorming van die VGKSA op 14 April 1994 homself ontwortel en losgemaak het van die familie van Ned. Geref. Kerke omdat dit 'n *nuwe, ander kerk* geword het met 'n *ander belydenisgrondslag* as die tradisionele familie van Ned. Geref. Kerke, wat dieselfde belydenisgrondslag het.**
2. **Daarom oordeel die sinode dat nie gepraat en onderhandel behoort te word oor moontlike *kerkhereniging* nie, maar oor *kerkvereniging* en dat die twee selfstandige kerke in die Noord-Kaap en in die RSA op dié basis met mekaar in gesprek behoort te tree en saam met mekaar behoort te werk as nabye familie, met liefdevolle wedersydse erkenning en respek vir en van mekaar se belydenisgrondslae, selfstandigheid en onafhanklikheid.**

<u>Daarbenewens</u>

1. **Die sinode herbevestig dat die band met die lede van die NG Kerk familie onvervreembaar vasstaan.**
2. **Die sinode speek sy dank uit teenoor die familiekerk se verteenwoordigers wat die onderlinge band tussen ons kerk opnuut bekragtig het.**
3. **Die sinode besluit om die familiekerke te versoek om saam 'n pad te loop waardeur gesamentlik 'n nuwe rigting ontsluit word om uitdrukking aan ons verbondenheid te gee.**
4. **Die sinode benadruk dat so 'n gesamentlike pad geskied met die behoud van die identiteite van die saamwerkende kerke.**
5. **Die sinode onderstreep dat die familiekerke deur 6 belydenisskrifte reeds 'n gemeenskaplike platform het om só 'n toekomstige pad te begelei.**
6. **Die sinode wys daarop dat hierdie nie noodwendig 'n eindpunt vorm nie, maar ons help om ons droom vir groter eenheid te verwesenlik.**

GOEDGEKEUR

Sien Notule, bladsy 58

VOORSTEL 8

1. *Die sinode van Noord-Kaapland bevestig sy verbintenis tot kerkhereniging en versoek die NGKA Phororo en die RCA om as dogters van hulle moeder biddend te oorweeg om (weer) deel te word van die*

NG Kerk in Noord-Kaapland in een Sinodale struktuur asook Ringsverband.

2. *Die sinode van Noord-Kaapland versoek die VGKSA om die voortgesette gesprek rakende kerkvereniging tussen twee kerke met verskillende belydenis-grondslae in samewerking met Noord-Kaapland lewend te hou.*

VOORSTELLER: LM Basson
SEKONDANT: Z Blömerus

AANBEVELING
Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland verbind haar tot kerkhereniging en kerkvereniging. Gemeentes word aangemoedig om op allerlei maniere eenheid te soek en by gemeentes te gaan kersopsteek waar die proses reeds aan die gang is en die sinodale kerkordekommissie en die sinodale kommissie vir diens en getuienis te bedien met die nodige inligting.
Die aanbeveling word na die sinodale kerkordekommissie en sinodale kommissie vir diens en getuienis verwys met verslag aan die volgende sinode.
GOEDGEKEUR

Die vergadering kry **GELEENTHEID OM RONDOM TAFELS SAAM TE BID** vir ons land, en veral vir die landbousektor wat tans rampdroogtes, asook ekonomiese en politieke uitdagings moet hanteer.

Die voorsitter stel aan die orde:

VIERDE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR AANKONDIGINGS

Ds. VR Terblanche word geleentheid gebied om aankondigings te doen.

- Nadat die vergadering verdaag het, is ’n wegneemete beskikbaar. Klaar dit met jou kollega uit as jy dit namens hom/haar afhaal.
- Kleurkaarte: groen, geel, rooi – plaas in houer op uitdeeltafel.
- Naamplaatjies – plaas in houer op uitdeeltafel.
- Al die ongebruikte stembriewe en notapapiere moet ook ingehandig word.

Die volgende bedankings word deur ds. SW Theart (ondervoorsitter) gedoen.
Hartlike dank aan:

- Al die motorwagte word bedank vir die beveiliging van die voertuie op die terrein.
- Die NG Kerk Vooruitsig vir die gebruik van hulle fasiliteite. Die koster, Sybrandt Steyn en Willie Starch word bedank.
- Ned. Geref. Kerk Kimberley-Bakenskop wat toerusting van sinodale kantoor na kerksaal vervoer het.
- Die vroue van die Ned. Geref. Kerk Vooruitsig vir die etes.
- Vir die stemtellers wat boodskappe flink by bestemmings besorg het.
- Ds. LB de Villiers vir die hantering van die klankstelsel.
- Liturgiespan: bestaande uit ds. DJ Muller en ds. N Muller.
- Vir al die tydelike kommissies vir die tyd wat hulle vir vergaderings moes inruim.
- Ouderling/diaken afgevaardigdes, asook waarnemers vir hulle bydraes tydens die sinode asook hul tyd wat hulle opgeoffer het.
- Aan alle leraars: baie dankie vir die vriendelike wyse waarmee almal deelgeneem het. Dankie dat julle ook geduldig was met die voorsitter.
- Dr. JB Vos, ds. VR Terblanche en ds. PL Louw vir die vriendelike wyse waarop hulle die aankondigings hanteer het.
- Die lede van die notulekommissie, nl. di. J Oosthuizen, K O’Callaghan, JPL Mostert en dr. LM Basson vir die notule en die gepaardgaande tegnologie.
- Die ring van Griekwastad vir die herderlike brief.
- Die sinodale personeel vir uitstekende diens gelewer.

Dr. JB Vos neem die dagsluiting waar. Die vergadering sing Lied 276 as gebed. Hy lees uit Deuteronomium 6:1-25, doen ’n gebed en die vergadering sluit af met Liedere 274:1-2 en 505:1-4.

Die **VERGADERING VERDAAG**.

5. HERDERLIKE BRIEF

Broers en susters in die Here – ons groet julle in die Naam ons Here en Hoof, Jesus Christus!

Tydens laasjaar se sinodesitting is besluit om op 9 en 10 Maart vanjaar ’n buitengewone sitting te hou, om die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van ons Kerkorde te bespreek en daaroor te stem. Ons berig dan nou oor hierdie twee dae se verrigtinge.

Ons was bevoorreg om te kon luister na ons broers en susters van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika Phororo, die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika Phororo, en die Reformed Church in Africa Pearl. Hulle het met ons kom gesels oor hulle kennis, insig en oortuigings oor die proses van kerkhereniging in die NG kerkfamilie. Ons gemeentes se afgevaardigdes het deur tafelgesprekke met mekaar gesels oor wat ons gehoor het, hoe ons daaroor voel, en watter vrae ons wou stel aan hierdie kerkafvaardigings. Die drie kerkafvaardigings het daarna op van hierdie vrae deur die afgevaardigdes gereageer.

Die vergadering het Maandagmiddag besluit om tot stemming oor te gaan, en dan die oorblywende tyd te wy aan ’n bespreking van die pad vorentoe, en die visie vir die Kerk. Die vraag waaroor gestem is, was: “**Verleen u as afgevaardigde na die vergadering van die Sinode u instemming met die voorstel van die Algemene Sinode vir die wysiging van Artikel 1”.** 57 afgevaardigdes het op hierdie vraag JA geantwoord (33,9%), en 111 het NEE geantwoord (66,1%).

Die vergadering het – aan die hand van verskeie voorstelle – gesels oor die pad vorentoe, en ons visie vir die Kerk. Hierdie voorstelle het aangesluit by die vergadering se bespreking van, onder andere, die Belharbelydenis, en die vergadering se verwerping van die voorgestelde wysiging van Artikel 1.

Die sinode aanvaar en respekteer die Belydenis van Belhar as ’n volwaardige belydenisskrif van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

Elke kerkraad van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland is versoek om – met die betrokkenheid van die gemeente en aan die hand van die Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid – die Belharbelydenis te evalueer. Die Taakspan vir Leer en Aktuele sake is opdrag gegee om die Belydenis van Belhar leerstellig en eksegeties te toets en veral aandag te gee aan dié Belydenis se Skrifgebruik, die moontlikheid van verskillende interpretasies daarvan, die moontlike invloed van die sogenaamde Bevrydingsteologie(ë), voldoening aan die vereistes vir ’n belydenisskrif, met volledige verslag aan die volgende gewone vergadering van die sinode.

Die sinode het – sonder om hom uit te spreek oor die aard of die inhoud van die Belharbelydenis - die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde, onder andere, om die volgende redes nie goedgekeur nie:

1. Die voorgestelde kompromisvoorstel poog om mense tevrede te stel eerder as om aan die Skrif getrou te wil wees.
2. Die voorgestelde wysiging voer leervryheid in die Kerk se orde in, in stryd met die Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid, omdat dit die keuse laat om ’n belydenisskrif te aanvaar of nie te aanvaar nie. Die implikasie is dat dit dan ook noodwendigerwys van die ander belydenisskrifte móét geld en/of dat nog belydenisskrifte – volgens die begeerte van lidmate – tot die belydenisgrondslag van die kerk toegevoeg kan/mag/moet word.
3. Daarby stel dit die kerk op die sogenaamde *quatenus*-standpunt, in plaas van die gereformeerde *quia*-standpunt. Eersgenoemde is meermale in die geskiedenis baie sterk deur die kerk afgewys. Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland aanvaar die belydenisskrifte *omdat* dit in ooreenstemming is met die Skrif, nie *insoverre* of *indien* dit (volgens die oordeel/willekeur van lidmate) in ooreenstemming met die Skrif is nie.
4. Die voorgestelde wysiging is in stryd met die Ned. Geref. Kerk se belydenisgrondslag en die Skrif.

Oor die pad vorentoe het die sinode soos volg besluit:

1. Die sinode spreek dit as sy oorwoë mening uit dat die Ned. Geref. Sendingkerk met die aanvaarding van die Belharbelydenis in September 1986 en die stigting/vorming van die VGKSA op 14 April 1994 homself ontwortel en losgemaak het van die familie van Ned Geref. Kerke omdat dit ’n *nuwe*, *ander kerk* geword het met ’n *ander*

belydenisgrondslag as die tradisionele familie van Ned. Geref. Kerke, wat dieselfde belydenisgrondslag het.

2. Daarom oordeel die sinode dat nie gepraat en onderhandel behoort te word oor moontlike *kerkhereniging* nie, maar oor *kerkvereniging* en dat die twee selfstandige kerke in die Noord-Kaap en in die RSA op dié basis met mekaar in gesprek behoort te tree en saam met mekaar behoort te werk as nabye familie, met liefdevolle wedersydse erkenning en respek vir en van mekaar se belydenisgrondslae, selfstandigheid en onafhanklikheid.

Daarbenewens

1. Die sinode herbevestig dat die band met die lede van die NG Kerk familie onvervreembaar vasstaan.
2. Die sinode speek sy dank uit teenoor die familiekerk se verteenwoordigers wat die onderlinge band tussen ons kerk opnuut bekragtig het.
3. Die sinode besluit om die familiekerke te versoek om saam ’n pad te loop waardeur gesamentlik ’n nuwe rigting ontsluit word om uitdrukking aan ons verbondenheid te gee.
4. Die sinode benadruk dat so ’n gesamentlike pad geskied met die behoud van die identiteite van die saamwerkende kerke.
5. Die sinode onderstreep dat die familiekerke deur 6 belydenisskrifte reeds ’n gemeenskaplike platform het om só ’n toekomstige pad te begelei.
6. Die sinode wys daarop dat hierdie nie noodwendig ’n eindpunt vorm nie, maar ons help om ons droom vir groter eenheid te verwesenlik.

Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland verbind haar tot kerkhereniging en kerkvereniging. Gemeentes word aangemoedig om op allerlei maniere eenheid te soek en by gemeentes te gaan kersopsteek waar die proses reeds aan die gang is en die sinodale kerkordekommissie en die sinodale kommissie vir diens en getuienis te bedien met die nodige inligting.

Die vergadering het, ten slotte, om die tafels saam gebid vir ons land, veral vir die landbousektor – wat tans rampdroogtes moet hanteer – asook ons land se ekonomiese en politieke uitdagings.

Geliefdes, ons is op pad, omdat ons Here altyd op pad is met ons na horisonne van kerkwees en Christen-wees. Ons word opgeroep om die Here – in die woorde van Deuteronomium 6 – te vrees, sy gebooie te bewaar en Hom lief te hê met alles in ons... *dat dit met ons goed kan gaan* (Deut. 6:3). Ons glo Hy sal voorsien in alle opsigte – ons is in sy hand. Jesus is die Here!

6. BESLUITEREGISTER

Die sinode van die Ned. Geref. Kerke in Noord-Kaapland het tydens sy buitengewone vergadering van 9-10 Maart 2015 die volgende besluite geneem:

1. DAGGELD, REIS- EN VERBLYFKOSTE VIR SINODE 2015

Die sinode besluit dat

1. die koste teen R3-00 per kilometer vir een voertuig per gemeente en twee vir 'n gemeente met meer as twee leraars direk ter vergadering aan afgevaardigdes uitbetaal word, wat dit self onderling verdeel.
2. geen gelde aan afgevaardigdes betaal word vir alternatiewe verblyf nie.

(Bladsy 51, punt 3.16)

Die sinode besluit dat die afgevaardigdes wat nie met die afsluiting van die sinodesitting in die vergadering is nie, hulle reiskoste verbeur en self vir hulle oornagkoste moet betaal.
(Bladsy 54, Voorstel)

2. SINODESITTING:WERKSWYSE EN TYDSINDELING

Die sinode besluit

2. om die voorgestelde werkswyse (*Bylae 2*) en tydsindeling (*Bylae 3*) goed te keur en teetye 10:30-11:00 op Maandag en 15:30-16:00 op Dinsdag in te deel.
2. dat by die sinode aanbeveel word dat tydens die sitting van die sinode van mnr. AS de Villiers gebruik gemaak word.

(Bladsy 56, punt 3.5)

3. VOORBIDDING: LAND, LANDBOUSEKTOR (RAMPDROOGTES) ASOOK EKONOMIESE EN POLITIEKE UITDAGINGS

Die sinode besluit

1. om 10 minute van sy tyd af te staan as tyd vir voorbidding vir ons land, en veral vir die landbousektor wat tans rampdroogtes, asook ekonomiese en politieke uitdagings moet hanteer.
2. dat die predikant in sinodale diens gevra word om namens die sinode 'n brief aan Agri-Noord-Kaap te stuur om hulle te verseker van ons volgehoue voorbidding.

(Bladsy 58, Voorstel)

4. VERSOEK NED. GEREF. KERK KIMBERLEY

Die sinode besluit dat

1. die versoek van die kerkraad van die Ned. Geref. Kerk Kimberley aan die afgevaardigdes na die buitengewone sinode van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 (*Bylae 1*) beskikbaar gestel word.

(Bladsy 52, punt 1)

5. VOORGESTELDE WYSIGING VAN ARTIKEL 1

Die sinode besluit dat

1. aan ds. BJP Booysen (voorsitter taakspan ekumene) geleentheid gegee word om die sinode toe te lig oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1.
2. die sinode die volgende goedkeur:
    a. <u>proses</u> ten opsigte van die voorgestelde wysiging van Artikel 1, soos voorgestel deur die moderamen van die Algemene Sinode
        "1. BESLUIT ALGEMENE SINODE 2013
        4 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die kerkverband te lei in die besluitnemingsproses oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1 deur in oorleg met die onderskeie Sinodes 'n roetekaart en tydraamwerk vir die aanvang, verloop en afhandeling van die proses te bepaal."
    b. <u>konsepstembriewe</u>, naamlik
        - Bylaag 2a - Konsepstembrief Belydende Lidmate aangeheg as Aanhangsel 2a

- Bylaag 2b - Konsepstembrief Kerkraadslede aangeheg as Aanhangsel 2b
- Bylaag 2c - Konsepstembrief Afgevaardigdes na Sinodes aangeheg as Bylae 2c

3. die dokumentasie oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1, wat vanaf die moderamen van die algemene sinode ontvang is, aan kerkrade en gemeentes deurgegee word om na goeddunke mee te handel.
4. kerkrade en ringe voor 1 Junie 2015 terugvoer aan die sinodale kerkordekommissie gee. Die sinodale kerkordekommissie in samewerking met die taakspan ekumene stuur die uitslag voor 1 Augustus 2015 na die kantoor van die algemene sinode.

(Bladsy 54, 55, punt 3)

6. STEMMING ARTIKEL 1

Die Sinode besluit dat

1. die vergadering onmiddellik tot stemming oor die aanvaarding al dan nie van die wysiging van Artikel 1 voortgaan sonder verdere bespreking.
2. die res van die tyd van die sinode dan gewy kan word aan ’n bespreking van die pad vorentoe en die visie vir die kerk.

(Bladsy 54, Voorstel)

7. “MEMORANDUM OF AGREEMENT”

Die sinode besluit om die “*Memorandum of Agreement*” wat deel van die huidige sinode se inligtingstukke uitmaak, na die taakspan ekumene en sinodale kerkordekommissie te verwys, om die volgende sinode van Noord-Kaapland met ’n aanbeveling te bedien vir die aanvaarding daarvan of nie.

(Bladsy 58, Voorstel)

8. BELYDENIS VAN BELHAR

1. Die sinode aanvaar en respekteer die Belydenis van Belhar as ’n volwaardige belydenisskrif van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

(Bladsy 59, punt 1)

9. TEOLOGIESE BEOORDELING

Die sinode

1. versoek elke kerkraad van die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland om – met die betrokkenheid van die gemeente en aan die hand van die Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid – die Belharbelydenis te evalueer;
2. gee opdrag aan sy taakspan vir leer en aktuele sake om die Belydenis van Belhar leerstellig en eksegeties te toets en veral aandag te gee aan dié Belydenis se Skrifgebruik, die moontlikheid van verskillende interpretasies daarvan, die moontlike invloed van die sogenaamde Bevrydingsteologie(ë), voldoening aan die vereistes vir ‘n belydenisskrif, met volledige verslag aan die volgende gewone vergadering van die Sinode;

(Bladsy 59, punt 2)

10. WYSIGING VAN ARTIKEL 1

Die sinode keur – sonder om hom uit te spreek oor die aard of die inhoud van die Belharbelydenis die voorgestelde wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde onder andere om die volgende redes nie goed nie:

1. Die voorgestelde kompromisvoorstel poog om mense tevrede te stel eerder as om aan die Skrif getrou te wil wees.
2. Die voorgestelde wysiging voer leervryheid in die Kerk se orde in, in stryd met die Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid, omdat dit die keuse laat om ’n belydenisskrif te aanvaar of nie te aanvaar nie. Die implikasie is dat dit dan ook noodwendigerwys van die ander belydenisskrifte móét geld en/of dat nog belydenisskrifte – volgens die begeerte van lidmate – tot die belydenisgrondslag van die kerk toegevoeg kan/mag/moet word.
3. Daarby stel dit die kerk op die sogenaamde *quatenus*-standpunt, in plaas van die gereformeerde *quia*-standpunt. Eersgenoemde is meermale in die geskiedenis baie sterk deur die kerk afgewys. Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland aanvaar die belydenisskrifte

omdat dit in ooreenstemming is met die Skrif, nie *insoverre* of *indien* dit (volgens die oordeel/willekeur van lidmate) in ooreenstemming met die Skrif is nie.

4. Die voorgestelde wysiging is in stryd met die Ned. Geref. Kerk se belydenisgrondslag en die Skrif.

(Bladsy 60, punt 3)

11. DIE PAD VORENTOE

1. Die sinode spreek dit as sy oorwoë mening uit dat die Ned. Geref. Sendingkerk met die aanvaarding van die Belharbelydenis in September 1986 en die stigting/vorming van die VGKSA op 14 April 1994 homself ontwortel en losgemaak het van die familie van Ned Geref. Kerke omdat dit 'n *nuwe, ander kerk* geword het met 'n *ander belydenisgrondslag* as die tradisionele familie van Ned. Geref. Kerke, wat dieselfde belydenisgrondslag het.
2. Daarom oordeel die sinode dat nie gepraat en onderhandel behoort te word oor moontlike *kerkhereniging* nie, maar oor *kerkvereniging* en dat die twee selfstandige kerke in die Noord-Kaap en in die RSA op dié basis met mekaar in gesprek behoort te tree en saam met mekaar behoort te werk as nabye familie, met liefdevolle wedersydse erkenning en respek vir en van mekaar se belydenisgrondslae, selfstandigheid en onafhanklikheid.

Daarbenewens

1. Die sinode herbevestig dat die band met die lede van die NG Kerk familie onvervreembaar vasstaan.
2. Die sinode speek sy dank uit teenoor die familiekerk se verteenwoordigers wat die onderlinge band tussen ons kerk opnuut bekragtig het.
3. Die sinode besluit om die familiekerke te versoek om saam 'n pad te loop waardeur gesamentlik 'n nuwe rigting ontsluit word om uitdrukking aan ons verbondenheid te gee.
4. Die sinode benadruk dat so 'n gesamentlike pad geskied met die behoud van die identiteite van die saamwerkende kerke.
5. Die sinode onderstreep dat die familiekerke deur 6 belydenisskrifte reeds 'n gemeenskaplike platform het om só 'n toekomstige pad te begelei.
6. Die sinode wys daarop dat hierdie nie noodwendig 'n eindpunt vorm nie, maar ons help om ons droom vir groter eenheid te verwesenlik.

(Bladsy 60, punt 4)

Die Ned. Geref. Kerk in Noord-Kaapland verbind haar tot kerkhereniging en kerkvereniging. Gemeentes word aangemoedig om op allerlei maniere eenheid te soek en by gemeentes te gaan kersopsteek waar die proses reeds aan die gang is en die sinodale kerkordekommissie en die sinodale kommissie vir diens en getuienis te bedien met die nodige inligting.
Die aanbeveling word na die sinodale kerkordekommissie en sinodale kommissie vir diens en getuienis verwys met verslag aan die volgende sinode.
(Bladsy 61, punt 4)